


# VOORBEELD

## VAN 'N *EXECUTIVE* SANTAM PERSOONLIKE POLIS

Santam is 'n gemagtigde finansiële diensverskaffer (lisensienommer 3416)

santam
persoonlik

# BELANGRIK

Let wel, hierdie dokument is **bloot 'n voorbeeld** van 'n *Santam Executive* Persoonlike polisbewoording.

Verwys altyd na die spesifieke polis van die kliënt, aangesien die inhoud daarvan van hierdie voorbeeld mag verskil.

Hierdie polisbewoording voorbeeld is **slegs vir verwysingsdoeleindes**.

# VRYWARING

Hierdie dokument is slegs 'n voorbeeld van Santam se Persoonlike Lyne polisbewoording en dien as riglyn vir inligtingsdoeleindes. Die inhoud van hierdie polisbewoording voorbeeld kan verskil van 'n kliënt se polis, wat spesifiek en uniek is vir 'n kliënt. Hierdie polisbewoording voorbeeld moet dus nie as basis vir advies gebruik word nie, maar moet slegs as riglyn gebruik word.

Terwyl Santam Onderskrywing alle pogings aangewend het om die akkuraatheid van die inhoud van hierdie polisbewoording voorbeeld te verseker, aanvaar Santam Onderskrywing geen verantwoordelikheid vir tussentydse veranderinge wat nog nie hierin gereflekteer word nie. Hierdie polisbewoording voorbeeld is akkuraat tot en met Oktober 2021.

Santam sal op geen manier aanspreeklik wees vir enige party vir enige foute of weglatings soos vervat in hierdie polisbewoording voorbeeld, of vir enige verlies of skade gely of ontwrigting veroorsaak as gevolg van die gebruik of vertolking van die inhoud van hierdie polisbewoording voorbeeld nie.

# INHOUD


| | Bladsy |
|---|---|
| Algemeen | 4 |
| Eiendom | 11 |
| Inhoud | 13 |
| Geboue | 26 |
| Alle risiko's | 37 |
| Voertuie | 43 |
| Watervaartuie | 61 |
| Persoonlike regsaanspreeklikheid | 70 |
| Uitgebreide persoonlike regsaanspreeklikheid | 72 |
| Regskostes en regsuitgawes | 74 |
| Persoonlike ongevalle | 78 |

# ALGEMEEN

## Inleiding tot jou poliskontrak

### Algemene omskrywings

***Afdeling*** beteken die onderskeie afdelings van hierdie polis.

***Data*** beteken inligting, feite, konsepte, kode of enige ander inligting van enige aard wat aangeteken of oorgedra word in 'n formaat wat deur 'n Rekenaarstelsel gebruik, toeganklik gemaak, verwerk, oorgedra of geberg kan word.

***Eis/eise*** beteken enige versoek om vergoeding (skadeloosstelling) ongeag of daar bedrae vir die eis vasgestel is of nie.

***Hernuwingsdatum*** beteken die eerste dag van 'n tydperk van 12 agtereenvolgende maande soos in jou polisopsomming genoem.

***Hernuwingsperiode*** beteken 'n tydperk van 12 agtereenvolgende maande soos in jou polisopsomming genoem.

***Jy/jou*** beteken die naam van die polishouer wat in jou polisopsomming genoem word.

***Ons*** beteken Santam Beperk.

***Persoonlike Inligting*** beteken inligting aangaande jou, soos geslag, geboortedatum, identiteitsnommer, entiteitsbesonderhede, aanlyn identifiseerder, sosialemedia-profiel, biometriese inligting (soos handtekening, vingerafdruk of stem), e-pos- en fisiese adresse, inligting oor ligging, mediese en gesondheidsinligting, beroep, werkgeskiedenis, finansiële inligting, kredietrisiko, belasting- en BTW-inligting, eise- en versekeringsgeskiedenis, kriminele geskiedenis, bates en laste.

***Polisopsomming*** beteken die aanhangsel wat deel vorm van hierdie polis.

***Posadres*** beteken die adres wat in jou polisopsomming genoem word.

***Onbewaak*** beteken dat jy of 'n persoon wat jy gemagtig het om na die versekerde eiendom te kyk:

(a) nie fisies teenwoordig is in die privaat woning of buitegeboue nie, of nie op die perseel is nie ten tye van die gebeurtenis wat aanleiding gee tot 'n eis;

(b) nie naby genoeg aan die versekerde eiendom is om dit te sien en daarom in staat te wees om enige verlies of skade te voorkom nie.

***Rekenaarstelsel*** beteken enige rekenaar, hardeware, sagteware, kommunikasiestelsel, elektroniese toestel (met inbegrip van, maar nie beperk nie tot, slimfone, skootrekenaar, draagbare toestel), bediener, wolk of mikro-beheerder, insluitend enige soortgelyke stelsel of enige konfigurasie van die voorgemelde en met inbegrip van enige geassosieerde invoer-, lewering-, of data-bergingstoestel, netwerktoerusting of rugsteunfasiliteit.

***Risiko*** beteken die versekerde eiendom, 'n persoon of 'n entiteit en die graad van waarskynlikheid van 'n verlies daarvan of skade daaraan.

### Inleiding

Ons sal dekking onder hierdie polis verskaf, onderhewig aan die bepalings en voorwaardes wat by hierdie polis ingesluit is.

Hierdie bepalings en voorwaardes is van toepassing op al die polisafdelings wat jy gekies het.

### Grondslag van hierdie polis

Hierdie polis, die polisopsomming, ons korrespondensie aan jou, jou aansoek om versekering en enige verklaring, skriftelik of mondeling, wat jy maak, of wat namens jou gemaak word, vorm die kontrak tussen ons en jou.

### Termyn van hierdie polis

Die termyn van hierdie polis is aanvanklik die tydperk vanaf die begindatum van hierdie polis, soos in jou polisopsomming genoem, tot die laaste dag van die kalendermaand waarin die begindatum voorkom. Daarna is die termyn van hierdie polis een kalendermaand.

# Jou verantwoordelikheid

## Sorgsaamheidsplig

Jy moet alle redelike voorsorgmaatreëls tref en alle redelike sorg aan die dag lê, om verlies, skade, dood, besering of aanspreeklikheid te voorkom of te verminder.

## Inligting wat die risiko beïnvloed

Ons kan die hele polis of 'n deel daarvan ongeldig verklaar as jy:

(a) nie al die besonderhede wat die risiko beïnvloed aan ons gee nie; of

(b) besonderhede wat die risiko beïnvloed, wanvoorstel of verkeerd beskryf.

Jy moet ons onmiddellik van enige verandering in die risiko in kennis stel. Indien daar enige wesenlike verandering in die risiko was, mag ons dekking en premies aanpas vanaf die datum van die wysiging. Indien jy ons nie in kennis stel van enige wesenlike verandering in die risiko nie, is ons geregtig om die polis nietig te verklaar of enige eis te weier wat na die verandering in die risiko plaasgevind het. In hierdie geval sluit die term "jy" enige ander persoon in wat namens jou optree.

## Dekking wat hierdie polis verleen

Ons sal slegs dekking ingevolge hierdie polis gee as ons jou premie ontvang het.

# Betalinginligting

## Betaling van premie

Jy kan jou premie op een van hierdie drie maniere betaal:

(a) maandeliks per debietorder;

(b) jaarliks per debietorder;

(c) jaarliks kontant.

Jou betalingsvoorkeur, betaaldatum en ander betalingsbesonderhede word in jou polisopsomming genoem.

## Maandelikse betaling per debietorder

Jy moet jou premie elke maand op die datum wat in jou polisopsomming genoem word, betaal. As ons nie jou premie teen hierdie datum ontvang nie:

(a) omdat jy jou betaalagent opdrag gegee het om nie die debietorder te betaal nie, eindig alle dekking ingevolge hierdie polis op die laaste dag van die maand waarvoor ons jou premie ontvang het;

(b) om enige ander rede, sal ons jou debietorder weer aanbied en dit saam met jou debietorder vir die volgende maand invorder. As slegs een debietorder betaal word, sal ons die geld gebruik om die oudste skuld te delg. Jy sal ons dus steeds die uitstaande premie skuld. As ons nie ten minste een debietorder kan vorder nie, sal hierdie polis eindig op die laaste dag van die maand waarvoor ons jou premie ontvang het.

## Jaarlikse betaling per debietorder

Jy moet jou premie elke jaar teen die begin van die jaar waarop die dekking van toepassing is, per debietorder betaal. Die jaar hoef nie in Januarie te begin nie, dit kan enige maand van die jaar begin. Ons sal jou debietorder aan jou betaalagent aanbied op die datum wat in jou polisopsomming genoem word.

As ons nie jou premie teen hierdie datum ontvang nie:

(a) omdat jy jou betaalagent opdrag gegee het om nie die debietorder te betaal nie, eindig alle dekking in gevolge hierdie polis op die laaste dag van die jaarlikse tydperk waarvoor ons jou premie ontvang het;

(b) om enige ander rede, sal ons jou debietorder weer binne 30 dae na die eerste aanbieding aanbied. As ons nie hierdie debietorder kan vorder nie, sal hierdie polis eindig op die laaste dag van die jaarlikse tydperk waarvoor ons jou premie ontvang het.

## Jaarlikse kontantbetaling

Jy moet jou premie elke jaar teen die begin van die jaar waarop die dekking van toepassing is, in kontant betaal. Die jaar hoef nie in Januarie te begin nie, dit kan enige maand van die jaar begin. Jou premie moet betaal wees teen die begindatum of die hernuwingsdatum soos in jou polisopsomming genoem. As ons nie jou premie binne 30 dae vanaf hierdie datums ontvang nie, sal die polis eindig op die laaste dag van die jaarlikse tydperk waarvoor ons jou premie ontvang het.

# Eise inligting

## Voorbereidingskoste van eise

Koste vir die voorbereiding van eise is gedek onder elk van jou polisafdelings. As jy 'n eis onder meer as een afdeling van jou polis het wat deur 'n enkele voorval veroorsaak is, sal ons jou vir voorbereidingskoste van eise vergoed onder een van die afdelings van jou polis.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

## Basis waarop eise geskik word

Ons kan besluit om jou op enige een of meer van die volgende maniere te vergoed:

(a) herstel;

(b) vervang;

(c) kontantbetaling; of

(d) enige kombinasie hiervan.

As ons besluit om te herstel of te vervang, is ons nie verplig om dit presies te doen nie, maar slegs soos wat onder die omstandighede redelik is. As ons verlies of skade herstel of vervang, kan ons 'n verskaffer of hersteller van ons keuse gebruik.

Let asseblief op dat jy eers 'n ooreenkoms van verlies, indien vereis, moet onderteken voordat ons die skikking van 'n eis sal afhandel.

## Eiseprosedure

(a) Jy moet ons so gou as moontlik laat weet van 'n gebeurtenis wat tot 'n eis kan lei en ons ook laat weet van enige ander polis wat dieselfde gebeurtenis dek.

(b) Jy moet binne 30 dae na die gebeurtenis volledige besonderhede daarvan aan ons verskaf, asook alle dokumente wat ons redelikerwys vereis.

(c) Na 'n gebeurtenis moet jy ons dadelik skriftelik laat weet as jy bewus word van vervolging, regstappe of eis teen jou.

(d) Jy moet 'n gebeurtenis waarby diefstal of 'n ander kriminele daad betrokke is dadelik aan die polisie rapporteer.

(e) Niemand mag sonder ons skriftelike toestemming aanspreeklikheid erken of aanbied of belowe of betaal vir 'n gebeurtenis wat tot 'n eis kan lei nie.

## Ons regte na 'n gebeurtenis wat tot 'n eis kan lei

(a) Jy moet ons toelaat om die perseel waar die gebeurtenis plaasgevind het, binne te gaan en besit te neem van beskadigde eiendom wat deur hierdie polis verseker word, en om die eiendom te hanteer op 'n manier wat ons as redelik beskou. Jy mag nie eiendom aan ons prysgee nie, of dit deur ons in besit geneem is of nie.

(b) Jy moet alle inligting en bystand aan ons gee wat ons redelikerwys vereis en ons mag die verhaling, verdediging of skikking van 'n eis oorneem en dit in jou naam voer.

(c) Ons kan enige tyd afstand doen van enige verdediging, skikking of prosedure en die volle bedrag van ons aanspreeklikheid aan jou betaal, of 'n kleiner bedrag waarvoor die eis geskik kan word. As ons dit doen, het ons geen verdere aanspreeklikheid nie.

(d) As hierdie polis aan jou en 'n ander persoon versekering voorsien, kan ons die vergoeding aan die ander persoon betaal. So 'n betaling onthef ons van verdere aanspreeklikheid.

## Bedrieglike of opsetlike dade

Jy verloor alle reg om ingevolge hierdie polis te eis as:

(a) ʼn eis bedrieglik is, of jy of enigiemand wat namens jou optree bedrieglike maniere gebruik om ʼn voordeel ingevolge hierdie polis te verkry; of

(b) ʼn eis ontstaan as gevolg van ʼn doelbewuste, of voorbedagte, of opsetlike daad wat jy pleeg of waarby jy of iemand wat namens jou optree, betrokke is; of

(c) inligting of dokumente in verband met ʼn eis, hetsy deur jou of namens jou geskep, nie waar is nie, onvolledig is of bedrieglik is; of

(d) die kwantum van ʼn eis doelbewus deur jou of iemand wat namens jou optree, oordryf word.

## Bybetaling

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag in jou polisopsomming genoem, minus enige bybetaling. Die "bybetaling" is die bedrag wat jy moet betaal voordat ons ʼn eis skik.

Jou polisopsomming sal die bybetaling aandui wat op jou dekking van toepassing is.

## Tydsbeperkings

(a) Indien ons jou eis verwerp of die bedrag van jou eis betwis, waarvan die besluit skriftelik aan jou gekommunikeer is, mag jy binne 90 dae na die datum van ons kommunikasie skriftelike vertoë aan ons rig.

(b) Indien ons steeds jou eis verwerp of die bedrag van jou eis betwis, ten spyte van jou skriftelike vertoë, mag jy regstappe teen ons instel binne ses maande vanaf die datum waarop ons aan jou kommunikeer het dat ons jou skriftelike vertoë verwerp het.

(c) Ons is nie aanspreeklik na 12 maande van die datum van die gebeurtenis wat aanleiding gee tot ʼn eis nie, tensy die eis die onderwerp van ʼn hangende hofgeding of arbitrasie is, of vir bedrae is waarvoor jy regtens aanspreeklik mag word.

## Geen premieterugbetaling as die maksimum versekerde bedrag of vergoedingsperk vir ʼn eis geskik is nie

As ons jou eis skik vir die maksimum versekerde bedrag of die vergoedingsperk wat vir ʼn gebeurtenis of item betaalbaar is, sal ons geen premie vir die oorblywende tydperk van jou versekering vir daardie gebeurtenis of item terugbetaal nie.

## Herstel van versekerde bedrae of vergoedingsperke

Die versekerde bedrae of vergoedingsperke wat in hierdie polis genoem word, sal nie met die bedrag van ʼn eis verminder word nie, tensy anders vermeld word.

## Bewyslas

Indien ons beweer dat ʼn eis nie gedek is weens enige van die uitsonderings wat op hierdie polis van toepassing is nie, moet jy die teendeel bewys.

## Dekking onder meer as een afdeling

Ons sal jou nie onder meer as een afdeling van hierdie polis vergoed vir 'n enkele voorval, as die verlies of skade deur meer as een afdeling gedek word nie. Hierdie uitsondering is nie van toepassing op die Uitgebreide Persoonlike Regsaanspreeklikheid afdelings nie.

# Algemene bepalings en voorwaardes

## Wysigings

Ons mag wysigings aan die polis aanbring deur jou 31 dae skriftelike kennis daarvan te gee by jou e-pos of posadres soos in jou polisopsomming genoem.

## Kansellasie

(a) Jy kan hierdie polis, ’n afdeling of item enige tyd kanselleer.

(b) Ons kan hierdie polis, ’n afdeling of item kanselleer deur jou 31 dae skriftelike kennis daarvan te gee by jou e-pos of posadres soos in jou polisopsomming genoem.

## Jou regte

Jy mag nie jou regte of verpligtinge aan ’n ander persoon oordra nie. Niemand anders mag ’n eis teen ons instel nie.

## Ander versekering

As ’n eis wat ingevolge hierdie polis betaalbaar is ook ingevolge ’n ander polis betaalbaar is, betaal ons slegs ons eweredige deel van die eis.

## Jurisdiksie

Hierdie polis is aan die jurisdiksie van die howe van die Republiek van Suid-Afrika onderworpe. Suid-Afrikaanse reg is van toepassing.

Rekenaarstelsel beteken enige rekenaar, hardeware, sagteware, kommunikasiestelsel, elektroniese toestel (met inbegrip van, maar nie beperk nie tot, slimfone, skootrekenaar, draagbare toestel), bediener, wolk of mikro-beheerder, insluitend enige soortgelyke stelsel of enige konfigurasie van die voorgemelde en met inbegrip van enige geassosieerde invoer-, lewering-, of data-bergingstoestel, netwerktoerusting of rugsteunfasiliteit.

## Openbaarmaking en verwerking van Persoonlike Inligting

Ingevolge die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, 4 van 2013, is die verskaffing en verkryging van Persoonlike Inligting verpligtend ten einde hierdie polis uit te reik en word daardie inligting ingesamel, gehou en verwerk om die diens wat aan jou gelewer word, te verbeter en om toegang tot ons dienste en produkte aan jou te verleen.

Ons, ons gemagtigde agente, adviseurs, sakevennote en diensverskaffers/kontrakteurs kan Persoonlike Inligting regstreeks van jou, jou gebruik van ons produkte en dienste, jou skakeling en interaksie met ons of van openbare bronne, gedeelde databasisse en derde partye insamel. Persoonlike Inligting word nie met diensverskaffers oorsee gedeel nie, tensy waar nodig of waar onder sekere omstandighede vereis word en waar veiligheidsmaatreëls in plek is om die Persoonlike Inligting te beskerm.

**Ons kan vir die volgende doeleindes jou inligting gebruik of inligting aangaande jou bekom:**

- Keuring, taksering van die risiko, bepaling van die premie en die polisvoorwaardes
- Taksering, ondersoek en verwerking van eise
- Kredietondersoeke en/of bevestiging van Persoonlike Inligting
- Eisekontrole
- Voorkoming en bespeuring van bedrog
- Marknavorsing, statistiese ontleding en opnames
- Oudit- en aantekeningdoeleindes
- Bevestiging van jou identiteit
- Nakoming van enige verpligting wat deur enige wet aan ons opgelê word.

Die Persoonlike Inligting kan ook gedeel word met diensverskaffers wat gebruik word om sodanige inligting namens ons te verwerk of dienste aan ons te lewer. Ons kan ook jou Persoonlike Inligting en versekerings- en/of eise-inligting insamel, behou, verwerk en bevestig.

Jy bevestig dat enige Persoonlike Inligting wat ingesamel word in ’n gedeelde databasis bewaar kan word en gebruik kan word vir enige besluit oor die voortsetting van hierdie polis of enige eis wat ingedien is. Jy bevestig en verstaan dat enige Persoonlike Inligting aan enige versekeraar of sy agent en ons gemagtigde agente, adviseurs, sakevennote en diensverskaffers/kontrakteurs verskaf kan word.

Jy bevestig dat die inligting met behulp van wettig erkende bronne of databasisse bevestig kan word.

Ná die beëindiging van hierdie polis sal ons die Persoonlike Inligting hou vir so lank dit regtens benodig of gemagtig word en as

sodanig sal hierdie toestemmingsklousule van krag bly selfs nadat hierdie polis beëindig is. Jy kan ook besonderhede kry van jou Persoonlike Inligting wat ons het en kan ook versoek dat enige foute reggestel word.

Besoek asseblief ons webwerf www.santam.co.za vir ons volledige privaatheidsverklaring.

### 'n Persoon wat namens jou optree

Jy doen afstand van jou reg om vergoeding te ontvang as 'n persoon wat namens jou optree nie die bepalings en voorwaardes van hierdie polis vir die gebeurtenis of eis nakom nie.

### Wysigings om aan wetgewing te voldoen

Ons en jy kom ooreen dat bepalings of voorwaardes van hierdie polis, wat teenstrydig met wetgewing is, gewysig sal word om aan daardie wetgewing te voldoen.

### Verwysing na enkelvoud en meervoud

In hierdie polis sluit verwysings na die enkelvoud die meervoud in en verwysings na die meervoud die enkelvoud.

## Hierdie polis dek nie die volgende nie

### Onluste, oorloë, politieke dade, openbare oproer, terrorisme of enige pogings tot sulke dade

Ons sal nie enige verlies, skade of regsaanspreeklikheid wat veroorsaak is deur of as gevolg van of in verband met enige van die volgende dek nie:

(a) Burgerlike oproer, arbeidsonluste, oproer, staking, uitsluiting of openbare onrus of 'n daad of handeling wat daarop gemik of gerig is om enige van bogenoemde te veroorsaak.

(b) Oorlog, inval, die optrede van 'n buitelandse vyand, vyandelikhede of krygsverrigtinge (hetsy oorlog verklaar is of nie) of burgeroorlog.

(c) Muitery, militêre opstand of geüsurpeerde gesag, krygswet of 'n staat van beleg of 'n ander gebeurtenis of oorsaak wat die afkondiging of handhawing van krygswet of 'n staat van beleg, opstand, rebellie of revolusie bepaal.

(d) Enige optrede of poging tot optrede (ongeag of dit namens 'n organisasie, liggaam, persoon of groep persone is) wat daarop gemik of gerig is om 'n staat of regering of provinsiale, plaaslike of stamowerheid met dwang of deur vrees, terrorisme of geweld te beïnvloed of omver te werp.

(e) Enige optrede of poging tot optrede wat daarop gemik of gerig is om verlies of skade te veroorsaak om 'n politieke doel, oogmerk of saak te bevorder, of om maatskaplike of ekonomiese verandering teweeg te bring of uit protes teen 'n staat of regering of provinsiale, plaaslike of stamowerheid, of om vrees by die publiek of 'n deel daarvan in te boesem.

(f) Die optrede van 'n wettig ingestelde owerheid om 'n gebeurtenis waarna in a) tot e) hierbo verwys word, te beheer, te voorkom of te onderdruk, of om dit op 'n ander manier te hanteer.

(g) Enige daad van terrorisme. 'n Daad van terrorisme beteken die gebruik of dreigement van geweld vir politieke, geloofs-, persoonlike of ideologiese redes. Dit kan 'n daad insluit wat skade aan die menslike lewe berokken of nie. Dit kan gepleeg word deur 'n persoon of groep persone wat alleen, of namens, of saam met 'n organisasie of regering optree. Dit sluit enige daad in wat gepleeg word met die doel om 'n regering te beïnvloed of om vrees by die publiek te veroorsaak.

### Gebeurtenisse waarvan die gepaardgaande skade deur wetgewing gedek word

Ons sal nie enige verlies, skade of regsaanspreeklikheid wat veroorsaak is deur of as gevolg van of in verband met:

(a) enige gebeurtenis waarvoor 'n fonds gestig is ingevolge die Wet op Oorlogskadeversekering en -vergoeding (Wet 85 van 1976) van die Republiek van Suid-Afrika of 'n soortgelyke wet wat geld in enige van die gebiede waarop hierdie polis van toepassing is, dek nie;

(b) enige gebeurtenis waar vergoeding geëis kan word of betaalbaar is deur enige verpligte motorversekeringswetgewing, die Padongelukkefonds of enige wetgewing daargestel vir die doel om vergoeding vir verlies, skade of aanspreeklikheid veroorsaak deur 'n motor voertuig;

(c) enige gebeurtenis waar vergoeding geëis kan word of betaalbaar is deur die Beroepsveiligheid en Gesondheidswet;

(d) enige gebeurtenis waar vergoeding geëis kan word of betaalbaar is deur die Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -Siektes (COIDA).

Hierdie uitsluitings is van toepassing, ongeag of die toepaslike Wetgewingsfonds nie in staat is, of nie die vermoë het om vergoeding te kan betaal, ongeag of die vergoeding reeds geëis, betaal of ontvang is in terme van die relevante wetgewing.

## Kernstowwe

Ons sal nie enige verlies, skade of regsaanspreeklikheid wat veroorsaak is deur of as gevolg van of in verband met kernwapenmateriaal, ioniserende uitstralings of kontaminasie deur radioaktiwiteit afkomstig van kernbrandstof of enige kernafval of weens die verbranding van kernbrandstof wat 'n selfonderhoudende kernsplytingsproses insluit.

## Nasionalisasie

Ons sal nie enige verlies, skade of regsaanspreeklikheid wat veroorsaak is deur of as gevolg van of in verband met nasionalisasie, konfiskering, kommandering, rekwisisie, opsetlike vernietiging, verbeuring, beslaglegging, inbeslagneming, bewaring of ander soortgelyke optrede of prosesse deur 'n hofbevel, doeanebeamptes, polisie, misdaadbekampingseenhede of wettig ingestelde gesag of beamptes, dek nie.

## Aanspreeklikheid deur ooreenkoms

Ons sal nie enige regsaanspreeklikheid dek wat veroorsaak is deur of as gevolg van of in verband met 'n ooreenkoms wat jy aangegaan het, tensy jy aanspreeklik sou gewees het indien die ooreenkoms nie bestaan het nie.

## Onregstreekse verlies

Ons sal nie enige verlies, skade of regsaanspreeklikheid wat veroorsaak is deur gevolglike of onregstreekse oorsake, dek nie.

## Kuber

Ons dek nie enige verlies, skade, regsaanspreeklikheid, koste of onkoste wat direk of indirek veroorsaak word deur, as gevolg van, of in verband met,  of wat daaruit voortspruit of waartoe dit bygedra het waar:

1. enige verlies van, wysiging aan, of skade aan of 'n vermindering in die funksionaliteit, beskikbaarheid of bedryf van 'n rekenaarsisteem, tensy onderhewig aan die bepalings van paragraaf 2;
2. enige verlies van gebruik, vermindering in funksionaliteit, herstelwerk, vervanging, restourasie of heropstel van enige data, met inbegrip van enige bedrag wat verband hou met die waarde van sodanige data;

of enige aksie geneem in die beheer, voorkoming, onderdrukking of remediëring van punt 1 of 2 hierbo ongeag of enige ander oorsaak of gebeurtenis gelyktydig of in enige ander volgorde daartoe bygedra het.

Enige verlies, skade, regsaanspreeklikheid, eis, koste, uitgawe van watter aard ook al wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak is deur, waartoe bygedra is, as gevolg van, wat voortspruit uit of verband hou met enige verlies van gebruik, vermindering in funksionaliteit, herstelwerk, vervanging, restourasie of heropstel van enige data, met inbegrip van enige bedrag wat verband hou met sodanige data, sal nie gedek wees ingevolge hierdie polis nie, en ook sal dit nie as fisiese verlies of skade geag word nie vir die doeleindes van hierdie uitsluiting of enige ander afdeling van hierdie polis.

Indien ons beweer dat enige verlies, skade, aanspreeklikheid, eis, koste, uitgawe nie deur hierdie polis gedek is nie, berus die bewyslas op jou om die teendeel te bewys.

# EIENDOM

## Inleiding

Die dekking hieronder is van toepassing op die inhoud en/of geboue wat in jou polisopsomming genoem word.

## Voorbereidingskoste van eise

Ons sal jou vergoed vir kostes wat jy aangaan om besonderhede te verskaf en te sertifiseer wat ons vereis sodat ons ʼn eis wat jy onder hierdie afdeling van jou polis mag hê, kan hanteer.

Hierdie vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word en addisioneel tot die versekerde bedrag van die inhoud van jou privaat woonstrukture.

## Sleutels van jou eiendom

Ons sal jou vergoed vir toevallige verlies van of skade aan sleutels (insluitende die gepaardgaande slotte wat as gevolg van die verlies of skade vervang moet word), slotte, toegangskaarte en afstandbeheerkontroles wat vir jou privaat woning gebruik word. Ons vergoeding sluit die redelike koste in wat jy aangaan om in ʼn noodgeval as gevolg van bostaande verlies of skade ʼn slotmaker te ontbied.

Dekking vir sleutels van jou eiendom is wêreldwyd.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word en addisioneel tot die versekerde bedrag van die inhoud van jou privaat woonstrukture. 'n Eis onder hierdie dekking sal nie die geeneisbonus van jou Inhoud-afdeling beïnvloed nie.

## Kolhou

Ons sal jou vergoed vir die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word as jy ʼn kolhou slaan terwyl jy as amateur gholf speel. Om die vergoeding te ontvang, moet jy die kolhou behaal terwyl jy op ʼn geregistreerde gholfbaan onder die erkende reëls van die spel gholf speel. Die sekretaris van die gholfklub waar jy die kolhou behaal het, moet die kolhou skriftelik bevestig.

Hierdie dekking is addisioneel tot die versekerde bedrag van die inhoud van jou privaat woonstrukture. 'n Eis onder hierdie dekking sal nie die geeneisbonus van jou Inhoud-afdeling beïnvloed nie.

## Voltal

Vergoeding te ontvang, moet jy die voltal behaal terwyl jy rolbal speel in ʼn amptelike kompetisie, deel wees van ʼn span van twee, drie of vier lede, op ʼn geregistreerde rolbalbaan onder die erkende reëls van die spel en al agt of nege rolballe moet in spel wees. Die sekretaris van die rolbalklub waar jy die voltal behaal het, moet dit skriftelik bevestig. As meer as een persoon, soos omskryf onder jou (volgens die omskrywing in hierdie afdeling) ʼn voltal behaal, betaal ons slegs een keer vergoeding vir die voltal.

Hierdie dekking is addisioneel tot die versekerde bedrag van die inhoud van jou privaat woonstrukture. 'n Eis onder hierdie dekking sal nie die geeneisbonus van jou Inhoud-afdeling beïnvloed nie.

## Dood

Ons sal die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word, betaal as jy sterf binne 90 kalenderdae nadat jy beseer is as gevolg van brand, diefstal, poging tot diefstal, kaping of inbraak in jou privaat woning of buitegeboue of op jou perseel.

Hierdie dekking is addisioneel tot die versekerde bedrag van die inhoud van jou privaat woonstrukture. 'n Eis onder hierdie dekking sal nie die geeneisbonus van jou Inhoud-afdeling beïnvloed nie.

## Traumabehandeling

Ons sal jou vergoed vir die koste van traumabehandeling deur ʼn geregistreerde professionele berader, wat jy aangegaan en betaal het en wat nie van ander versekering of fasiliteit verhaalbaar is nie en wat neerkom op 'n gestremdheidsgebeurtenis wat as 'n direkte gevolg van diefstal, inbraak, kaping of brand wat in jou privaat woning of op jou perseel of in 'n gebou waar jy tydelik woon, plaasgevind het.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word en addisioneel tot die versekerde bedrag van die inhoud van jou privaat woonstrukture.

'n Eis onder hierdie dekking sal nie die geeneisbonus van jou Inhoud-afdeling beïnvloed nie.

# Gaste of besoekers se nooduitgawes

Ons sal jou vergoed vir 'n gas of besoeker se nooduitgawes wat aangegaan word weens 'n toevallige liggaamlike besering, slegs as daar aan al die volgende voorwaardes voldoen word:

(a) jy het die nooduitgawes aangegaan en daarvoor betaal;

(b) die besering is regstreeks deur 'n defek in die privaat woning of perseel by die risiko-adres veroorsaak;

(c) daar is geen vergoeding betaalbaar deur 'n ander versekeringspolis of fasiliteit nie. Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word en addisioneel tot die versekerde bedrag van die inhoud van jou privaat woonstrukture.

'n Eis onder hierdie dekking sal nie die geeneisbonus van jou Inhoud-afdeling beïnvloed nie.

# Nooduitgawes van huishoudelike werknemers

Ons sal jou vergoed vir huishoudelike werknemers se nooduitgawes wat aangegaan word as gevolg van toevallige liggaamlike besering, slegs as daar aan al die volgende voorwaardes voldoen word:

(a) die huishoudelike werknemers is in jou diens by die risiko-adres;

(b) jy het die nooduitgawes aangegaan en daarvoor betaal;

(c) die besering is veroorsaak gedurende die uitvoering van die huishoudelike werknemers se pligte by die risiko-adres;

(d) daar is geen vergoeding betaalbaar deur 'n ander versekeringspolis of fasiliteit nie. Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word en addisioneel tot die versekerde bedrag van die inhoud van jou privaat woonstrukture.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word en addisioneel tot die versekerde bedrag van die inhoud van jou privaat woonstrukture.

'n Eis onder hierdie dekking sal nie die geeneisbonus van jou Inhoud-afdeling beïnvloed nie.

# Veeartskoste

Ons sal jou vergoed vir veeartskoste wat jy aangaan omdat jou troeteldier in 'n padongeluk beseer is. Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word en addisioneel tot die versekerde bedrag van die inhoud van jou privaat woonstrukture.

'n Eis onder hierdie dekking sal nie die geeneisbonus van jou Inhoud-afdeling beïnvloed nie.

# Suid-Afrikaanse rekord

Ons sal jou vergoed vir die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word as jy 'n erkende en amptelike Suid-Afrikaanse rekord behaal tydens enige amateur sportgeleentheid. Die toepaslike sportfederasie of -vereniging moet aan ons skriftelike bevestiging van die Suid- Afrikaanse rekord gee.

Ons sal jou nie vergoed vir:

(a) meer as een rekord gedurende 'n kalendermaand nie;

(b) meer as drie rekords gedurende 'n hernuwingsperiode nie;

(c) 'n nuwe rekord nie.

Hierdie dekking is addisioneel tot die versekerde bedrag van die inhoud van jou privaat woonstrukture.

# INHOUD

## Omskrywings

**Ons het woorde met besondere betekenisse vir elke afdeling omskryf. In hierdie afdeling beteken die woorde hieronder die volgende:**

***Buitegeboue*** beteken die huishoudelike kamers, privaat motorhuise en privaat buitegeboue by die risiko- adres en wat nie regstreekse toegang tot die privaat woning verleen nie.

***Diefstal*** beteken die onwettige neem van 'n ander persoon se eiendom met die doel om hulle permanent van eienaarskap te ontneem wanneer dit nie met in- of uitbreek by 'n gebou of voertuig met werklike, sigbare, kragdadige en gewelddadige wyse gepaardgaan nie.

***Geld*** beteken kontant, tjeks, reisigerstjeks, posorders, poswissels, reis- en ander kaartjies, geskenkbewyse/-kaartjies en geldige posseëls.

***Gestremdheidsgebeurtenis*** beteken 'n gebeurtenis wat lei tot:

(a) Die verlies van 'n ledemaat of sintuig, of die gebruik daarvan deur 'n persoon; of

(b) 'n Persoon wat liggaamlik of verstandelik so gestremd raak, hetsy geheel of gedeeltelik, of tydelik of permanent, dat die persoon nie die funksies kan verrig wat nodig is vir normale lewensaktiwiteite nie.

***Hoofwoning*** beteken jou huis waar jy normaalweg woon gedurende enige hernuwingsperiode en waarvan die risiko-adres in jou polisopsomming genoem word.

***Huurder*** beteken 'n persoon, behalwe jy, wat toegelaat word om jou privaat woning of buitegeboue te bewoon ingevolge:

(a) 'n ooreenkoms met 'n internet diensverskaffer vir akkommodasie, of

(b) 'n geskrewe huurooreenkoms; of

(c) 'n mondelingse huurooreenkoms;

maar dit sluit nie 'n betalende gas, loseerder of kamerhuurder in wat by jou in jou privaat woning woon nie.

***Inhoud*** beteken die eiendom wat aan jou behoort of waarvoor jy verantwoordelik is, soos in jou polisopsomming genoem.

Dit sluit die volgende in:

- huishoudelike inhoud;
- persoonlike besittings;
- kantoor- en tuisnywerheid toerusting wat in jou privaat hoedanigheid aan jou behoort;
- vaste toebehore en toerusting wat aan jou as huurder, nie as eienaar nie, van die privaat woning behoort.

***Inbraak*** beteken die onwettige neem van ander se eiendom met die doel om hulle permanent van eienaarskap te ontneem wanneer dit met in- of uitbreek by 'n gebou met werklike, sigbare, krag- en gewelddadige wyse gepaardgaan.

***Jy/jou*** beteken die naam van die polishouer wat in jou polisopsomming genoem word. Dit sluit jou gade en ander lede van jou gesin of jou gade se gesin wat gewoonlik by jou woon, in.

***Kragstuwing*** beteken 'n skielike verandering in spanningsomvang of 'n kragpiek in enige elektriese stelsel wat 'n variasie in die huishoudelike voorsiening van elektrisiteit veroorsaak.

***Lande*** beteken die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Lesotho, Botswana, Swaziland, Zimbabwe, Malawi en Mosambiek.

***Mobiele kommunikasietoestelle*** beteken draagbare elektroniese items wat vir mobiele kommunikasie gebruik word, insluitende alle toebehore (bv. selfone en GPS'e).

***Perseel*** beteken die grond waarop jou risiko-adres geleë is.

***Pad*** beteken enige openbare pad wat van een plek na 'n ander lei, veral een met 'n voorbereide oppervlak wat voertuie kan gebruik. "Pad" sluit nie enige pad op privaat eiendom in nie.

***Primêre woning*** beteken die gebou van jou huis, waarvan die muur-en dakkonstruksie en risiko-adres in jou polisopsomming genoem word, behalwe enige buitegeboue.

***Privaat woning*** beteken die gebou van jou huis waarvan die muur- en dakkonstruksie en risiko-adres in jou polisopsomming genoem word.

***Privaat woonstrukture*** beteken al die gebou-strukture op die perseel van jou risiko-adres, insluitend die primêre woning en buitegeboue.

***Risiko-adres*** beteken die adres van die perseel waarop jou privaat woning en buitegebou(e) geleë is.

***Seedeining*** beteken verlies of skade wat veroorsaak word deur die see, insluitende hooggety, springgety, branders, getygolf of 'n styging in die seevlak as gevolg van 'n storm.

***Troeteldier*** beteken 'n mak, huishoudelike dier of voël wat vir geselskap of plesier aangehou word, bv. 'n hond of kat. "Troeteldier" beteken nie diere wat natuurlik wild voorkom en as troeteldiere makgemaak is nie.

***Vakansiewoning*** beteken jou huis, wat nie jou hoofwoning is nie en waar jy slegs sekere tye woon, bv. tydens vakansies of naweke. Die risiko-adres van jou vakansiewoning word in jou polisopsomming genoem.

***Vaste masjinerie*** beteken vaste, geïnstalleerde masjinerie van swembaddens, spa baddens, boorgate (uitgesluit windpompe), sprinkelbesproeiingsstelsels, elektriese hekke, motorhuis deure, sentrale stofsuier stelsels, waterpompe, lugversorgers, stowe, instap yskaste en -vrieskaste, alarms, sekuriteits-monitering toerusting, sonkrag-opwekkingstelsels en -panele sowel as elektrisiteit-kragopwekkers waarvoor jy verantwoordelik is.

***Vloed*** beteken 'n groot hoeveelheid water vanuit enige bron (hetsy mensgemaak of natuurlik) wat oorvloei op, of vloei oor grond wat gewoonlik droog is.

***Waardevolle items*** beteken, pelse, juwele, juweliersware, edelgesteentes, horlosies en items van platinum, goud of silwer.

# Versekerde eiendom

## Versekerde eiendom in jou privaat woonstrukture

Ons dek verlies van of skade aan jou inhoud terwyl die versekerde inhoud in jou privaat woonstrukture en enige bykomende strukture is soos in jou polisopsomming aangedui.

## Inhoud weg van jou perseel

Ons dek ook verlies van of skade aan jou inhoud, terwyl die versekerde inhoud:

(a) in 'n gebou is waar jy tydelik woon;

(b) tydelik in die woongedeelte van 'n bewoonde privaat huis is;

(c) vir veilige bewaring by 'n hotel, gastehuis, klub, bank, veilige bewaringsloket of geregistreerde meubelbewaarplek ingegee is;

(d) in die gebou van 'n besigheid is om gemaak, verander, opgeknap, herstel, skoongemaak of gekleur te word. Verlies of skade as gevolg van diefstal of poging tot diefstal is egter nie gedek nie;

(e) in die gebou van 'n kantoor, besigheid of handelsinstansie is waar jy in diens is. Ons vergoeding vir verlies of skade wat deur diefstal of poging tot diefstal veroorsaak is, is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

Ons vergoeding vir verlies of skade wat deur diefstal of poging tot diefstal veroorsaak is, is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word en vorm deel van die inhoud se versekerde bedrag van jou privaat woonstrukture.

# Inhoud dekking

Die dekking hieronder is van toepassing op die inhoud van die perseel/persele van jou risiko-adres(se) wat in jou polisopsomming genoem word.

# Opsionele dekking *(opskrif druk nie in poliskontrak)*

## Toevallige skade aan vaste masjinerie (indien van toepassing)

Ons dek skielike en onverwagte skade aan vaste masjinerie wat by jou risiko-adres geïnstalleer is. Die vaste masjinerie moet slegs vir huishoudelike gebruik wees.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word. Ons dek egter nie die volgende nie:

(a) waardevermindering;

(b) oorsake wat geleidelik inwerk (soos slytasie, roes, muf, korrosie en verrotting);

(c) verlies of skade:

- aan windpompe;
- veroorsaak deur kragstuwing;
- veroorsaak deur huishoudelike peste (soos knaagdiere, miere en motte);
- veroorsaak deur skoonmaak, herstel of opknapping van enige aard of wyse;
- aan data- of telekommunikasietoerusting of –apparaat;
- as dit deur 'n vervaardiger se waarborg, 'n koopooreenkoms of dienskontrak gedek is.

## Insakking of grondverskuiwing (omvattende dekking) – indien van toepassing

Ons dek verlies van of skade aan jou inhoud wat deur insakking of grondverskuiwing, of albei veroorsaak is. Ons dek egter nie verlies of skade wat deur die volgende veroorsaak is nie:

(a) die gebrekkige ontwerp of oprigting van enige struktuur;

(b) die verwydering of verswakking van stutte van enige struktuur;

(c) strukturele veranderings, toevoegings of herstelwerk;

(d) uitgrawings bo- of ondergronds, behalwe uitgrawings tydens mynboubedrywighede.

As ons dit vereis, moet jy bewys dat die verlies of skade waarvoor jy eis, deur insakking of grondverskuiwing of albei veroorsaak is.

## Herstel van rekenaarinligting (indien van toepassing)

Ons dek herstel van die data van jou rekenaar in jou privaat woning na verlies of skade.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word en addisioneel tot die versekerde bedrag van die inhoud van jou privaat woonstrukture.

## Beperkte bed-en-ontbyt (indien van toepassing)

Hierdie dekking sal slegs geld as drie of minder slaapkamers van jou privaat woning aan gaste verhuur word en jy permanent in die privaat woning woonagtig is.

'n Eis onder hierdie dekking sal nie jou geeneisbonus beïnvloed nie.

### Handelsvoorraad van jou bed-en-ontbyt

Ons dek handelsvoorraad, as die versekerde bedrag wat in jou polisopsomming vir die Inhoud-afdeling genoem word, insluitende handelsvoorraad van jou Bed-en-Ontbyt, voldoende is. Indien die versekerde bedrag nie voldoende is nie, sal eweredigheid van toepassing wees.

'n Eis onder hierdie dekking sal nie jou geeneisbonus beïnvloed nie.

### Verhoging tydens hoogseisoen

Ons sal die versekerde bedrag van jou inhoud verhoog tydens:

(a) lang naweke;

(b) feeste; en

(c) skoolvakansies wat op die amptelike provinsiale skoolkalender genoem word.

Die persentasie van hierdie verhoging word in jou polisopsomming genoem.

### Betalende gaste se persoonlike besittings

Ons dek verlies van of skade aan die persoonlike besittings van jou betalende gaste, terwyl hulle besittings in jou privaat woning is.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word. Ons dek egter nie die volgende nie:

(a) geld of enige items van 'n verhandelbare aard;

(b) persoonlike besittings wat elders verseker is.

'n Eis onder hierdie dekking sal nie jou geeneisbonus beïnvloed nie.

### Traumavergoeding vir betalende gaste

Ons sal jou vergoed vir fooie wat 'n geregistreerde professionele berader hef vir die behandeling van trauma wat deur 'n betalende gas gely is as die gas behandeling nodig het as gevolg van wat neerkom op 'n gestremdheidsgebeurtenis wat as 'n direkte gevolg van diefstal, inbraak, kaping of brand wat op jou perseel plaasgevind het.

Ons sal jou nie vergoed vir uitgawes wat van ander versekering of 'n fasiliteit verhaal kan word nie.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word. 'n Eis onder hierdie dekking sal nie jou geeneisbonus beïnvloed nie.

### Nooduitgawes van betalende gaste

Ons sal jou vergoed vir 'n betalende gas se nooduitgawes wat aangegaan word weens 'n toevallige liggaamlike besering, slegs as daar aan al die volgende voorwaardes voldoen word:

(a) jy het die nooduitgawes aangegaan en daarvoor betaal;

(b) die besering is regstreeks deur 'n defek in die privaat woning of perseel by die risiko-adres veroorsaak;

(c) daar is geen vergoeding betaalbaar deur 'n ander versekeringspolis of fasiliteit nie.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

'n Eis onder hierdie dekking sal nie jou geeneisbonus beïnvloed nie.

### Skade aan uithangborde, blindings en sonkappe

Ons dek skade wat veroorsaak is aan:

(a) uithangborde by die perseel of elders;

(b) blindings en sonkappe by jou perseel.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

'n Eis onder hierdie dekking sal nie jou geeneisbonus beïnvloed nie.

### Skoonmaak en droogskoonmaak van betalende gaste se wasgoed

Ons sal jou vergoed vir jou aanspreeklikheid wat voortspruit uit toevallige verlies van of skade aan gaste se wasgoed terwyl jy of 'n derde party op jou instruksie, die wasgoed skoonmaak of droogskoonmaak. Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

'n Eis onder hierdie dekking sal nie jou geeneisbonus beïnvloed nie.

## Handelsvoorraad van jou tuisbedryf (indien van toepassing)

Ons dek verlies van of skade aan handelsvoorraad van jou tuisbedryf wat vanaf jou perseel bedryf word.

Die aard van jou tuisbedryf word in jou polisopsomming genoem.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

'n Eis onder hierdie dekking sal nie jou geeneisbonus beïnvloed nie.

# Versekerde gebeurtenisse

## Verlies van of skade aan jou versekerde inhoud

Ons dek verlies van of skade aan jou versekerde inhoud. Hierdie dekking oorskry nie enige ander dekking, beperkings en/of uitsonderings wat meer spesifiek in hierdie polis aangedui word nie.

## Diefstal of poging tot diefstal

Ons dek verlies van of skade aan jou inhoud wat deur diefstal of poging tot diefstal veroorsaak is. Ons dek egter nie diefstal of poging tot diefstal terwyl jou privaat woning uitgeleen, verhuur of onderverhuur word aan 'n huurder, en die huurder of die huurder se familie of enige iemand wat gekoppel is aan of verband hou met die huurder of die huurder se familie, direk of indirek verantwoordelik is vir sodanige verlies of skade.

## Kwaadwillige beskadiging

Ons dek verlies van of skade aan jou inhoud wat deur kwaadwillige beskadiging veroorsaak is.

Ons dek egter nie kwaadwillige beskadiging terwyl jou privaat woning uitgeleen, verhuur of onderverhuur word aan 'n huurder en die huurder, of die huurder se familie, of enige iemand wat gekoppel is aan of verband hou met die huurder of die huurder se familie, direk of indirek verantwoordelik is vir sodanige skade nie.

## Insakking of grondverskuiwing (beperkte dekking)

Ons dek verlies van of skade aan jou inhoud wat deur insakking of grondverskuiwing, of albei veroorsaak is. Ons dek egter nie verlies of skade:

(a) wat deur die inkrimping of uitsetting van grond as gevolg van die vog- of waterinhoud daarvan veroorsaak of vererger is nie, byvoorbeeld klei en soortgelyke grondtipes;

(b) wat deur gebrekkige ontwerp, onvoldoende kompaktering van opvulwerk, swak konstruksie, of die verwydering of verswakking van enige gebou se stutte veroorsaak of vererger is nie;

(c) wat deur strukturele veranderings, aanbouings of herstelwerk veroorsaak of vererger is nie;

(d) wat deur uitgrawings bo- of ondergronds (behalwe uitgrawings tydens mynboubedrywighede) veroorsaak of vererger is nie;

(e) wat deur normale vassakking, krimping of uitsetting van die geboue veroorsaak of vererger is nie.

As ons dit vereis, moet jy bewys dat die verlies of skade waarvoor jy eis, deur insakking of grondverskuiwing veroorsaak is.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

## Kragstuwing

Ons dek verlies van of skade aan jou inhoud wat deur kragstuwing veroorsaak is.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

## Inhoud op die perseel van jou privaat woning

Ons dek verlies of skade aan jou inhoud terwyl dit op die perseel van jou privaat woning is.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

## Wasgoed op die wasgoedlyn

Ons dek verlies van of skade aan jou wasgoed op die wasgoedlyn, terwyl dit op die perseel van jou privaat woning is.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word. Hierdie vergoedingsperk vorm deel van die versekerde bedrag van jou inhoud.

## Tydelike verhoging van die versekerde bedrag

Ons verhoog elke jaar tydelik die versekerde bedrag van jou inhoud vir die tydperk 15 Desember tot 31 Januarie.

Die persentasie van hierdie verhoging word in jou polisopsomming genoem.

## Diefstal of poging tot diefstal uit buitegeboue

Ons dek verlies van of skade aan die inhoud van enige buitegebou op jou perseel, wat deur diefstal of poging tot diefstal veroorsaak is. Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

Hierdie vergoedingsperk vorm deel van die versekerde bedrag van jou inhoud.

## Geld (diefstal uitgesluit)

Ons dek verlies van of skade aan geld in jou privaat woonstrukture.

Verlies van of skade aan geld wat deur diefstal of poging tot diefstal veroorsaak is, word egter nie gedek nie.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word. Hierdie vergoedingsperk vorm deel van die versekerde bedrag van jou inhoud.

## Diefstal of poging tot diefstal van eiendom by jou werkplek

Ons dek verlies van of skade aan jou inhoud, terwyl dit in die gebou van 'n kantoor, besigheid of handelsinstansie is waar jy in diens is.

Ons vergoeding vir verlies of skade wat deur diefstal of poging tot diefstal veroorsaak is, is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word. Hierdie vergoedingsperk vorm deel van die versekerde bedrag van jou inhoud.

## Diefstal, botsing of die omslaan van die vervoervoertuig

Ons dek verlies van of skade aan jou inhoud terwyl jy besig is om permanent na 'n ander risiko-adres te verhuis, of die inhoud na of van 'n geregistreerde meubelbewaarplek te vervoer. Ons dekking is beperk tot verlies of skade wat deur diefstal, botsing of die omslaan van die voertuig wat die inhoud vervoer veroorsaak is, maar slegs indien die volgende voorwaarde nagekom word:

(a) die verhuising of vervoer moet deur 'n professionele meubelvervoerkontrakteur gedoen word.

Dekking sluit egter nie skade aan breekbare items soos glas en porselein in nie tensy die items:

(a) deur die kontrakteur verpak is; en

(b) nie andersins verseker is nie.

## Brand, ontploffing, weerlig of donderslag tydens vervoer

Ons dek verlies van of skade aan jou inhoud wat tydens vervoer deur brand, weerlig of ontploffing veroorsaak is.

## Diefstal tydens vervoer

Ons dek verlies of skade aan jou inhoud wat deur diefstal veroorsaak is, terwyl dit na of van 'n bank of veilige bewaringsfasiliteit vervoer word.

## Vervoer van kruideniersware en huishoudelike goedere

Ons dek verlies van of skade aan kruideniersware en huishoudelike goedere terwyl jy dit vanaf die plek van aankoop na jou privaat woning vervoer.

Ons dekking sal slegs binne die eerste 24 uur na jou aankope geld.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

## Waardevolle items

Ons totale vergoeding vir waardevolle items is beperk tot 'n persentasie van die versekerde bedrag van jou inhoud. Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

Hierdie vergoedingsperk vorm deel van die versekerde bedrag van jou inhoud.

## Beskerming teen inflasie

Die versekerde bedrag vir eiendom wat onder hierdie afdeling van jou polis verseker is, word jaarliks verhoog, maar maandeliks in gelyke dele in die hernuwingsperiode bygevoeg om vir inflasie voorsiening te maak volgens die persentasie wat ons op die hernuwingsdatum toepas.

Die persentasie waarmee ons die aanpassing maak, word in jou polisopsomming genoem. Die maandelikse verhoging word egter nie in jou polisopsomming weerspieël nie. Geen ekstra premie word tydens die termyn van hierdie polis gevra nie, maar die premie word elke jaar op die hernuwingsdatum, soos in jou polisopsomming genoem, herbereken.

## Puinverwydering

Ons dek die noodsaaklike koste om jou beskadigde inhoud van jou perseel te verwyder na verlies of skade.

Hierdie dekking is addisioneel tot die versekerde bedrag van die inhoud van jou privaat woonstrukture.

## Alternatiewe verblyf

Ons dek die huurgeld wat jy moet betaal, of die redelike ekstra uitgawes wat jy aangaan, vir soortgelyke alternatiewe verblyf, indien jou privaat woning onbewoonbaar is as gevolg van verlies of skade wat onder hierdie afdeling gedek is.

Hierdie dekking geld slegs vir die tydperk wat redelikerwys vereis word om jou privaat woning weer bewoonbaar te maak, en is beperk tot die aantal maande soos in jou polisopsomming genoem.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word en addisioneel tot die versekerde bedrag van die inhoud van jou privaat woonstrukture.

As "Alternatiewe verblyf" onder die Geboue-afdeling op dieselfde versekerde gebeurtenis van toepassing is, sal ons jou slegs onder een van die toepaslike afdelings verged.

## Brandbluskoste

Ons dek redelike koste wat 'n gemagtigde instansie hef vir die blus van 'n brand om verlies van of skade aan jou inhoud, gedek onder hierdie afdeling, te voorkom of te verminder.

'n Eis onder hierdie dekking sal nie jou geeneisbonus beïnvloed nie en is addisioneel tot die versekerde bedrag van die inhoud van jou privaat woonstrukture.

## Wagte

Ons dek die indiensneming van wagte om jou inhoud te beskerm na verlies of skade wat onder hierdie afdeling gedek is.

As "Wagte" onder die Geboue-afdeling op dieselfde gebeurtenis van toepassing is, sal ons jou slegs onder een van die toepaslike afdelings vergoed.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word en addisioneel tot die versekerde bedrag van die inhoud van jou privaat woonstrukture.

## Verlies van water

Ons dek bedrae wat jy plaaslike owerhede skuld vir verlies van water as gevolg van lekkende pype. Hierdie dekking is onderhewig aan die volgende voorwaardes:

(a) die bedrae is deur die plaaslike owerhede bereken;

(b) die lesing is ten minste 50% meer as die gemiddeld van die vier voorafgaande meterlesings;

(c) jy het dadelik opgetree om die lekkende pype op te spoor en te herstel nadat 'n lek ontdek is, of nadat jy fisiese getuienis gesien het of 'n buitengewone hoë waterrekening ontvang het.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

Ons dek egter nie die volgende nie:

(a) die koste om 'n lekkende pyp op te spoor en te herstel;

(b) meer as twee afsonderlike eise per hernuwingsperiode. As daar twee afsonderlike eise binne 'n hernuwingsperiode is, is die totale gesamentlike vergoeding vir beide eise beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word;

(c) verlies van water:

- as gevolg van lekkende krane, geisers of toilette;
- uit swembaddens of die lekkende in- of uitlaatpype daarvan;
- as die privaat woning vir meer as 60 agtereenvolgende dae onbewoon gelaat is.

## Gaste se persoonlike besittings

Ons dek verlies van of skade aan die persoonlike besittings van jou gaste terwyl hulle besittings in jou privaat woning is.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word en addisioneel tot die versekerde bedrag van die inhoud van jou privaat woonstrukture.

Hierdie vergoeding is nie van toepassing as jou gas versekering het wat die verlies of skade dek nie.

'n Eis onder hierdie dekking sal nie jou geeneisbonus beïnvloed nie.

## Huishoudelike werknemers se persoonlike besittings

Ons dek verlies van of skade aan die persoonlike besittings van jou voltydse huishoudelike werknemers terwyl daardie besittings in jou privaat woning of buitegeboue is.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word en addisioneel tot die versekerde bedrag van die inhoud van jou privaat woonstrukture. Ons dek egter nie jou huishoudelike werknemers se persoonlike besittings as:

(a) die persoonlike besittings as gevolg van diefstal of poging tot diefstal verloor of beskadig word terwyl dit in jou buitegeboue is nie;

(b) jou voltydse huishoudelike werknemers versekering het wat die verlies of skade dek nie.

'n Eis onder hierdie dekking sal nie jou geeneisbonus beïnvloed nie.

## Inhoud van yskaste en vrieskaste

Ons dek toevallige bederwing van die inhoud van jou yskaste of vrieskaste in jou privaat woonstrukture wat deur 'n temperatuursverandering veroorsaak is.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word en addisioneel tot die versekerde bedrag van die inhoud van jou privaat woonstrukture. Ons dek egter nie die volgende nie:

(a) bederwing wat veroorsaak is omdat iemand die temperatuurbeheer verstel het;

(b) skade aan die yskaste en vrieskaste;

(c) bederwing as gevolg van die doelbewuste afsny van krag deur 'n kragvoorsieningsowerheid, tensy die tydsduur van die onderbreking langer as 24 uur is;

(d) bederwing as gevolg van nie-betaling of nie-aankope van enige soort krag of brandstof.

'n Eis onder hierdie dekking sal nie jou geeneisbonus beïnvloed nie.

## Bergingskoste van inhoud na skade

Ons dek die noodsaaklike bergingskoste om jou inhoud te beskerm na verlies of skade wat onder hierdie polis gedek is.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word en addisioneel tot die versekerde bedrag van die inhoud van jou privaat woonstrukture.

## Huurdersaanspreeklikheid

Ons dek jou regsaanspreeklikheid vir bedrae wat jy as huurder van 'n gebou as vergoeding aan die eienaar van die gebou moet betaal as gevolg van verlies van of skade aan die geboue, vaste toebehore of toerusting daarvan, wat regstreeks veroorsaak word deur:

(a) storm, water, hael of sneeu;

(b) diefstal of poging tot diefstal;

(c) brand of ontploffing;

(d) breek van glas, spieëls of sanitêre ware, maar uitgesluit afsplintering, skrape of ontsiering;

(e) skade aan die toevoer verbindings tussen die openbare toevoer en die geboue;

(f) botsing deur diere of voertuie.

Ons vergoeding sluit alle regskoste en ander koste in waarvoor ons skriftelik toestemming gegee het.

Ons vergoeding vir 'n enkele eis, 'n reeks eise wat uit dieselfde gebeurtenis ontstaan, of gebeurtenisse wat gedurende die termyn van die polis plaasvind, is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

# Wêreldwye dekking

Ons dek verlies van of skade aan jou inhoud terwyl die versekerde inhoud tydelik uit jou privaat woonstrukture verwyder is. Hierdie dekking is wêreldwyd van toepassing, maar dit oorskry nie enige ander dekking en/of beperkings wat meer spesifiek in hierdie polis aangedui word nie.

Hierdie dekking is onderhewig aan al die bepalings, voorwaardes en uitsonderings van hierdie poliskontrak, tensy anders vermeld.

Ons vergoeding word beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

Die volgende Inhouduitsonderings onder die opskrif, "Hierdie afdeling dek nie", is nie van toepassing nie:

(a) verlies of skade wat voortspruit uit eise wat buite die lande wat in hierdie polis genoem word, plaasvind nie.

# Veiligheidsmaatreëls

**Enige een of meer van die volgende verklaarde sekuriteitsvereistes, soos in die klient se polisopsomming genoem, kan van toepassing wees:**

## Diefwering alle oopmaakvensters

Dit is 'n voorwaarde van hierdie polis dat diefwering aan alle oopmaakvensters van jou privaat woning soos in jou polisopsomming genoem, aangebring moet wees. Hierdie diefwering mag nie sonder ons toestemming verwyder word nie.

Tensy dit spesifiek in jou polisopsomming genoem word, is hierdie voorwaarde nie van toepassing op jou buitegeboue nie.

As jy nie aan hierdie voorwaarde voldoen nie, sal ons nie jou inhoud dek teen verlies of skade wat deur diefstal, poging tot diefstal of inbraak veroorsaak is nie.

## Hortjies of deursigtige diefwering aan alle oopmaakvensters

Dit is 'n voorwaarde van hierdie polis dat hortjies of deursigtige diefwering aan alle oopmaakvensters van jou privaat woning, soos in jou polisopsomming genoem, aangebring moet wees.

Hortjies moet te alle tye gesluit wees.

Die hortjies of diefwering mag nie sonder ons toestemming verwyder word nie.

Tensy dit spesifiek in jou polisopsomming genoem word, is hierdie voorwaarde nie van toepassing op jou buitegeboue nie.

As jy nie aan hierdie voorwaarde voldoen nie, sal ons nie jou inhoud dek teen verlies of skade wat deur diefstal, poging tot diefstal of inbraak veroorsaak is nie.

## Diefwering alle vensters

Dit is 'n voorwaarde van hierdie polis dat diefwering aan alle vensters van jou privaat woning, soos in jou polisopsomming genoem, aangebring moet wees. Hierdie diefwering mag nie sonder ons toestemming verwyder word nie.

Tensy dit spesifiek in jou polisopsomming genoem word, is hierdie voorwaarde nie van toepassing op jou buitegeboue nie.

As jy nie aan hierdie voorwaarde voldoen nie, sal ons nie jou inhoud dek teen verlies of skade wat deur diefstal, poging tot diefstal of inbraak veroorsaak is nie.

## Diefwering langs die gang

Dit is 'n voorwaarde van hierdie polis dat diefwering aan alle oopmaakvensters langs die gang van jou woonstel, soos in jou polisopsomming genoem, aangebring moet wees. Hierdie diefwering mag nie sonder ons toestemming verwyder word nie.

As jy nie aan hierdie voorwaarde voldoen nie, sal ons nie jou inhoud dek teen verlies of skade wat deur diefstal, poging tot diefstal of inbraak veroorsaak is nie.

## Veiligheidshekke alle buitedeure

Dit is 'n voorwaarde van hierdie polis dat veiligheidshekke aan alle buitedeure van jou privaat woning, soos in jou polisopsomming genoem, aangebring moet wees.

Hierdie veiligheidshekke moet aan die volgende vereistes voldoen:

(a) dit moet gesluit word wanneer jy of 'n persoon aan wie jy magtiging gegee het om na jou privaat woning om te sien, jou eiendom onbewaak laat;

(b) die veiligheidshekke mag nie sonder ons toestemming verwyder word nie.

Tensy dit spesifiek in jou polisopsomming genoem word, is hierdie voorwaarde nie van toepassing op jou buitegeboue nie.

As jy nie aan hierdie voorwaarde voldoen nie, sal ons nie jou inhoud dek teen verlies of skade wat deur diefstal, poging tot diefstal of inbraak veroorsaak is nie.

## Veiligheidshekke alle buitedeure behalwe skuifdeure

Dit is 'n voorwaarde van hierdie polis dat veiligheidshekke aan alle buitedeure van jou privaat woning, soos in jou polisopsomming genoem, aangebring moet wees.

Hierdie veiligheidshekke moet aan die volgende vereistes voldoen:

(a) dit moet gesluit word wanneer jy of 'n persoon aan wie jy magtiging gegee het om na jou privaat woning om te sien, jou eiendom onbewaak laat;

(b) die veiligheidshekke mag nie sonder ons toestemming verwyder word nie.

Tensy dit spesifiek in jou polisopsomming genoem word, is hierdie voorwaarde nie van toepassing op jou buitegeboue nie.

As jy nie aan hierdie voorwaarde voldoen nie, sal ons nie jou inhoud dek teen verlies of skade wat deur diefstal, poging tot diefstal of inbraak veroorsaak is nie.

## Veiligheidshekke alle buitedeure behalwe draai-of spilpunt deure

Dit is 'n voorwaarde van hierdie polis dat veiligheidshekke aan alle buitedeure (behalwe draai- of spilpunt deure) van jou privaat woning, soos in jou polisopsomming genoem, aangebring moet wees.

Die veiligheidsmaatreëls moet aan die volgende vereistes voldoen:

(a) die veiligheidshekke moet gesluit word wanneer jy of 'n persoon aan wie jy magtiging gegee het om na jou privaat woning om te sien, die privaat woning onbewaak laat;

(b) die veiligheidshekke mag nie sonder ons toestemming verwyder word nie;

(c) die draai- of spilpuntdeure sonder veiligheidshekke moet van soliede hout vervaardig wees (geen panele of openinge nie);

(d) die draai- of spilpuntdeure sonder veiligheidshekke moet met 'n bykomende SABS-goedgekeurde, minimum 4-hefboom, slotmeganisme toegerus wees; en

(e) die draai- of spilpuntdeure sonder veiligheidshekke moet gesluit word wanneer jy of 'n persoon aan wie jy magtiging gegee het om na jou privaat woning om te sien, jou eiendom onbewaak laat.

Tensy dit spesifiek in jou polisopsomming genoem word, is hierdie voorwaarde nie van toepassing op jou buitegeboue nie.

As jy nie aan hierdie voorwaarde voldoen nie, sal ons nie jou inhoud dek teen verlies of skade wat deur diefstal, poging tot diefstal of inbraak veroorsaak is nie.

## Veiligheidshekke langs die gang

Dit is 'n voorwaarde van hierdie polis dat veiligheidshekke aan alle deure langs die gang van jou woonstel, soos in jou polisopsomming genoem, aangebring moet wees.

Hierdie veiligheidshekke moet gesluit word wanneer jy of 'n persoon aan wie jy magtiging gegee het om na jou privaat woning om te sien, jou eiendom onbewaak laat en mag nie sonder ons toestemming verwyder word nie.

As jy nie aan hierdie voorwaarde voldoen nie, sal ons nie jou inhoud dek teen verlies of skade wat deur diefstal, poging tot diefstal of inbraak veroorsaak is nie.

## Nie–gekoppelde alarm

Dit is 'n voorwaarde van hierdie polis dat 'n alarmstelsel in die privaat woning, soos in jou polisopsomming genoem, aangebring moet wees.

Hierdie alarmstelsel moet aan die volgende voorwaardes voldoen:

(a) die alarmstelsel moet in 'n werkende toestand wees;

(b) geen van die "passiewe infrarooi-bewegingsensors" van die vereiste alarmstelsel is versper of afgeskakel nie;

(c) die alarmstelsel mag nie sonder ons toestemming verwyder word nie; en

(d) die alarmstelsel gestel moet gestel word wanneer jy of 'n persoon aan wie jy magtiging gegee het om na jou privaat woning om te sien, jou eiendom onbewaak laat.

Tensy dit spesifiek in jou polisopsomming genoem word, is hierdie voorwaarde nie van toepassing op jou buitegeboue nie.

As jy nie aan hierdie voorwaarde voldoen nie, sal ons nie jou inhoud dek teen verlies of skade wat deur diefstal, poging tot diefstal of inbraak veroorsaak is nie.

## Gekoppelde alarm met geen gewapende reaksie

Dit is 'n voorwaarde van hierdie polis dat 'n alarmstelsel, 24 uur gemonitor deur 'n beheerkamer, in jou privaat woning, soos in jou polisopsomming genoem, aangebring moet wees.

Hierdie alarmstelsel moet aan die volgende voorwaardes voldoen:

(a) die alarmstelsel moet in 'n werkende toestand wees;

(b) geen van die "passiewe infrarooi-bewegingsensors" van die vereiste alarmstelsel is versper of afgeskakel nie;

(c) die alarmstelsel mag nie sonder ons toestemming verwyder word nie;

(d) die 24-uur moniteringsdiens mag nie sonder ons toestemming gekanselleer word nie; en

(e) Die alarmstelsel moet gestel word wanneer jy of 'n persoon aan wie jy magtiging gegee het om na jou privaat woning om te sien, jou eiendom onbewaak laat.

Tensy dit spesifiek in jou polisopsomming genoem word, is hierdie voorwaarde nie van toepassing op jou buitegeboue nie.

As jy nie aan hierdie voorwaarde voldoen nie, sal ons nie jou inhoud dek teen verlies of skade wat deur diefstal, poging tot diefstal of inbraak veroorsaak is nie.

## Gekoppelde alarm met gewapende reaksie

Dit is 'n voorwaarde van hierdie polis dat 'n alarmstelsel, 24 uur gemonitor deur 'n beheerkamer en met gewapende reaksie, in jou privaat woning, soos in jou polisopsomming genoem, aangebring moet wees.

Hierdie alarmstelsel moet aan die volgende voorwaardes voldoen:

(a) die alarmstelsel moet in 'n werkende toestand wees;

(b) geen van die "passiewe infrarooi-bewegingsensors" van die vereiste alarmstelsel is versper of afgeskakel nie;

(c) die alarmstelsel mag nie sonder ons toestemming verwyder word nie;

(d) die 24-uur moniteringsdiens met gewapende reaksie mag nie sonder ons toestemming gekanselleer word nie; en

(e) die alarmstelsel moet gestel word wanneer jy of 'n persoon aan wie jy magtiging gegee het om na jou privaat woning om te sien, jou eiendom onbewaak laat.

Tensy dit spesifiek in jou polisopsomming genoem word, is hierdie voorwaarde nie van toepassing op jou buitegeboue nie.

As jy nie aan hierdie voorwaarde voldoen nie, sal ons nie jou inhoud dek teen verlies of skade wat deur diefstal, poging tot diefstal of inbraak veroorsaak is nie.

# Inhoud voorwaardes

**Bykomende voorwaardes, soos genoem in die klient se polisopsomming, kan van toepassing wees afhangende van die tipe risiko. Voorbeelde van voorwaardes word hieronder gelys.**

## Inhoud: Stuwingsweerders

Dit is 'n voorwaarde van hierdie polis dat SABS goedgekeurde stuwingsweerders by jou strukture soos in jou polisopsomming genoem, aangebring moet wees.

As jy nie aan hierdie voorwaarde voldoen nie, sal ons nie jou inhoud dek teen verlies of skade wat deur weerlig, donderslag of kragstuwing veroorsaak is nie.

## Inhoud: Waardasiesertifikaat

Ons vereis dat jy vir ons 'n waardasiesertifikaat (gedateer voor die datum van 'n gebeurtenis wat tot 'n eis lei) moet gee vir elk van jou waardevolle items met 'n waarde van die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word, of meer.

As jy nie aan hierdie vereiste voldoen nie, sal ons jou vergoeding vir elke waardevolle item beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

### Inhoud: Eweredigheid toegepas

As daar volgens ons berekeninge vasgestel word dat die bedrag wat ten tye van verlies of skade nodig is om al jou versekerde inhoud deur soortgelyke nuwe eiendom te vervang, meer is as die versekerde bedrag daarvoor, sal ons eweredigheid op die eis toepas.

## Inhoud uitsonderings

### Inhoud: Verlies van water uitgesluit indien privaatwoning onbewoon vir meer as 60 agtereenvolgende dae

Ons dek nie verlies van water gedurende die tydperk wat jou privaat woning vir meer as sestig agtereenvolgende dae per hernuwingsperiode onbewoon gelaat word nie.

## Inhoud bepalings en voorwaardes

### Versekerde bedrag, skadeloosstellingsbasis en vergoedingsperk

Die versekerde bedrag vir die versekerde eiendom, wat in jou polisopsomming genoem word, moet die huidige vervangingswaarde van soortgelyke nuwe eiendom vir die volle termyn van die polis verteenwoordig.

Die skadeloosstellingsbasis is die vervangingswaarde van die verlore of beskadigde eiendom of deel daarvan met soortgelyke nuwe eiendom, en is beperk tot die versekerde bedrag soos wat in jou polisopsomming genoem word.

Ons vergoeding vir ’n enkele eis of ’n reeks eise wat uit een gebeurtenis ontstaan, is beperk tot:

(a) die versekerde bedrag soos in jou polisopsomming genoem; of

(b) die vergoedingsperk langs die spesifieke dekking soos in jou polisopsomming genoem.

Tensy dit andersins in die bewoording van die toepaslike dekking genoem word, is die vergoedingsperke van die dekkings ingesluit in die versekerde bedrag van die inhoud van jou privaat woonstrukture.

### Verduideliking van eweredigheid

As daar volgens ons berekeninge vasgestel word dat die bedrag wat ten tye van verlies of skade nodig is om al jou versekerde inhoud deur soortgelyke nuwe eiendom te vervang, meer is as die versekerde bedrag daarvoor, betaal ons nie die volle bedrag van die verlies of skade aan jou nie. Jy word as jou eie versekeraar beskou vir die verskil tussen die versekerde bedrag en die bedrag wat nodig is om die versekerde eiendom te vervang. Jy is dus verantwoordelik vir ’n eweredige deel van die verlies of skade.

Kom ons neem aan dat jy vir R500 000 verseker is, maar die vervangingswaarde van jou eiendom is R1 000 000. Dit beteken dat jy slegs vir die helfte van die vervangingswaarde verseker is. Jy moet self die ander helfte dek. As jy byvoorbeeld ’n verlies van R100 000 het, betaal ons slegs die helfte van hierdie bedrag, dit wil sê R50 000. Dit word so bereken:

| | |
|---|---|
| Verseker vir: | R500 000 |
| Vervangingswaarde: | R1 000 000 |
| Eis: | R100 000 |
| Berekening: Onderversekering | R100 000 x (R500 000 ÷ R1 000 000) |

Ons sal jou slegs R50 000 betaal.

As daar meer as een struktuur op jou polisopsomming aangedui is, sal ons die gekombineerde waarde van al die strukture op jou versekerde perseel gebruik om die eweredigheid berekeninge (indien wel) te doen.

Jou polisopsomming dui aan of eweredigheid op die versekerde inhoud van toepassing is.

As jou polisopsomming nie aandui of eweredigheid van toepassing is of nie, moet jy aanneem dat eweredigheid van toepassing sal wees.

Indien eweredigheid nie volgens jou kontrak op jou eiendom van toepassing is nie, moet jy die vervangingswaarde van jou versekerde inhoud gereeld hersien, veral indien jy enige nuwe eiendom aangeskaf het.

## Geeneisbonus (GEB)

'n Geeneisbonus is op hierdie afdeling van jou polis van toepassing.

As jy gedurende enige hernuwingsperiode van hierdie polis geen eise ingestel het nie, kan jy 'n korting op jou premie volgens ons premieskaal verdien.

As ons egter enige aantal eise skik, sal ons jou premie volgens ons premieskaal aanpas.

# Hierdie afdeling dek nie die volgende nie

Geen van die volgende is gedek nie, tensy dit spesifiek in jou polisopsomming genoem word:

(a) eiendom wat meer spesifiek verseker is, in hierdie of 'n ander polis, behalwe vir 'n bedrag bo die spesifieke versekerde bedrag;

(b) eise wat plaasvind buite die lande wat in hierdie polis genoem word;

(c) eiendom, ongeag of dit verwerk is of nie, wat aangeskaf is met die doel om dit in 'n besigheidstransaksie te verkoop;

(d) geld, sekuriteite vir geld, aktes, obligasies, wissels, skuldbewyse, verhandelbare en ander dokumente, seëls, manuskripte, seldsame boeke, medaljes en munte;

(e) voertuie, watervaartuie (behalwe branderplanke, vlieërplanke, roeiplanke, kajakke, kano's, branderski's, windseilplanke, seilplanke en modelbote), lugvaartuie (behalwe modelvliegtuie en hommeltuie) en ander lugtoestelle en alle gereedskap, onderdele en toebehore van hierdie voertuie, watervaartuie en lugvaartuie wat daarop, daarin of daaraan vasgeheg is;

(f) diere;

(g) verlies of skade wat ontstaan uit of wat verband hou met 'n ruil-, kontant- of kredietverkooptransaksie, ingesluit diefstal deur middel van valse voorwendsels en/of bedrog;

(h) die koste om data van enige aard te reproduseer of te herstel;

(i) diefstal of poging tot diefstal terwyl jou privaat woning uitgeleen, verhuur of onderverhuur word aan 'n huurder, en die huurder of die huurder se familie of enige iemand wat gekoppel is aan of verband hou met die huurder of die huurder se familie, direk of indirek verantwoordelik is vir sodanige verlies of skade;

(j) verlies, skade of breekskade wat deur 'n vervaardiger se waarborg, koopooreenkoms of dienskontrak gedek word;

(k) waardevermindering;

(l) krake of skrape aan glas, glasware of soortgelyke breekbare artikels. Hierdie uitsondering geld nie vir juweliersware, kameras, televisiestelle of rekenaarskerms nie;

(m) splintering van of duike aan meubels of huishoudelike toestelle;

(n) verlies of skade wat veroorsaak is deur:

- storm, wind, water, hael of sneeu terwyl die inhoud in 'n struktuur sonder 'n volledige dak was nie;
- geleidelike oorsake, byvoorbeeld slytasie, roes, muf, korrosie en verrotting nie;
- huishoudelike peste (soos knaagdiere, miere en motte) nie;
- skoonmaak, herstel of opknapping van enige aard of manier nie;
- huishoudelike troeteldiere nie.

# GEBOUE

## Omskrywings

**Ons het woorde met besondere betekenisse vir elke afdeling omskryf. In hierdie afdeling beteken die woorde hieronder die volgende:**

***Buitegeboue*** beteken die huishoudelike kamers, privaat motorhuise en privaat buitegeboue by die risiko- adres en wat nie regstreekse toegang tot die privaat woning verleen nie.

***Diefstal*** beteken die onwettige neem van 'n ander persoon se eiendom met die doel om hulle permanent van eienaarskap te ontneem wanneer dit nie met in- of uitbreek by 'n gebou of voertuig met werklike, sigbare, kragdadige of gewelddadige wyse gepaardgaan nie.

***Geboue/Primêre woning*** beteken die geboue op jou perseel, waarvan die konstruksie en ligging in jou polisopsomming genoem word, insluitende:

(a) vaste uitrusting en toebehore wat aan die eienaar van die geboue behoort terwyl dit aan of in die strukture is;

(b) vaste ontspanning- en ornamentele strukture;

(c) geplaveide en bedekte areas (insluitende opritte) van baksteen, beton, asfalt, sintetiese gras of klip (nie gruis nie);

(d) grens- en ander mure, hekpale, hekke, (insluitende alle masjinerie wat met die hekke verband hou), heinings (behalwe geplante heinings);

(e) tennisbane;

(f) swembaddens, spa baddens, saunas en masjinerie en toerusting wat daarmee verband hou, behalwe swembaddens wat jy kan skuif;

(g) satellietskottels;

(h) weerligafleiers of -maste;

(i) vaste elektriese kragopwekkers;

(j) boorgatmasjinerie wat water uitsluitlik vir huishoudelike gebruik voorsien;

(k) septiese tenks.

***Geboue/Privaat woonstrukture*** beteken die geboue op jou perseel, waarvan die konstruksie en ligging in jou polisopsomming genoem word, insluitende:

(a) privaat buitegeboue;

(b) vaste uitrusting en toebehore wat aan die eienaar van die geboue behoort terwyl dit aan of in die strukture is;

(c) vaste ontspanning- en ornamentele strukture;

(d) geplaveide en bedekte areas (insluitende opritte) van baksteen, beton, asfalt, sintetiese gras of klip (nie gruis nie);

(e) grens- en ander mure, hekpale, hekke, (insluitende alle masjinerie wat met die hekke verband hou), heinings (behalwe geplante heinings);

(f) tennisbane;

(g) swembaddens, spa baddens, saunas en masjinerie en toerusting wat daarmee verband hou, behalwe swembaddens wat jy kan skuif;

(h) satellietskottels;

(i) weerligafleiers of -maste;

(j) vaste elektriese kragopwekkers;

(k) boorgat masjinerie wat water uitsluitlik vir huishoudelike gebruik voorsien;

(l) septiese tenks.

***Huurder*** beteken 'n persoon, behalwe jy, wat toegelaat word om jou privaat woning of buitegeboue te bewoon ingevolge:

(a) 'n ooreenkoms met 'n internet diensverskaffer vir akkommodasie; of

(b) 'n geskrewe huurooreenkoms; of

(c) 'n mondelingse huurooreenkoms,

maar dit sluit nie 'n betalende gas, loseerder of kamerhuurder in wat by jou in jou privaat woning woon nie.

***Inbraak*** beteken die onwettige neem van ander se eiendom met die doel om hulle permanent van eienaarskap te ontneem wanneer dit met in- of uitbreek by 'n gebou met werklike, sigbare, kragdadige en gewelddadige wyse gepaardgaan.

***Jy/jou*** beteken die polishouer wat in jou polisopsomming genoem word.

***Kragstuwing*** beteken 'n skielike verandering in spanningsomvang of 'n kragpiek in enige elektriese stelsel wat 'n variasie in die huishoudelike voorsiening van elektrisiteit veroorsaak.

***Lande*** beteken die Republiek van Suid-Afrika.

***Pad*** beteken enige openbare pad wat van een plek na 'n ander lei, veral een met 'n voorbereide oppervlak wat voertuie kan gebruik. "Pad" sluit nie enige pad op privaat eiendom in nie.

***Perseel*** beteken die grond waarop jou privaat woonstrukture geleë is.

***Privaat woning*** beteken die gebou van jou huis waarvan die muur- en dakkonstruksie en risiko-adres in jou polisopsomming genoem word.

***Risiko-adres*** beteken die adres van die perseel waarop jou geboue geleë is.

***Seedeining*** beteken verlies of skade wat veroorsaak word deur die see, insluitende hooggety, springgety, branders, getygolf of 'n styging in die seevlak as gevolg van 'n storm.

***Strukture*** beteken enige struktuur wat onder "Geboue" gedefinieer is, maar wat spesifiek as 'n aparte struktuur in jou polisopsomming genoem word. Voorbeelde van "Strukture" sluit 'n lapa of oumawoonstel in.

***Vaste masjinerie*** beteken vaste, geïnstalleerde masjinerie van swembaddens, spa baddens, boorgate (uitgesluit windpompe), sprinkelbesproeiing stelsels, elektriese hekke, motorhuis deure, sentrale stofsuier stelsels, waterpompe, lugversorgers, stowe, instap yskaste en -vrieskaste, alarms, sekuriteits-monitering toerusting, sonkrag-opwekking stelsels en -panele sowel as elektrisiteit-kragopwekkers.

***Versekerde gebeurtenis*** beteken diefstal of poging tot diefstal, brand, ontploffing, weerlig, donderslag, water, sneeu, vloed, seedeining, storm, wind, hael, aardbewing, oopbars van waterpype of watertenks, oopbars van warmwatersilinders, botsing, inbraak, ineenstorting of breek van antennestelsels of satellietskottels, lekkasie van olie uit olieverwarmers, kwaadwillige beskadiging, insakking of grondverskuiwing, sowel as toevallige skade aan spieëls en sekere glas.

Hierdie polis sal aandui teen watter van die versekerde gebeurtenisse jou geboue soos in jou polisopsomming genoem, gedek is.

***Vloed*** beteken 'n groot hoeveelheid water vanuit enige bron (hetsy mensgemaak of natuurlik) wat oorvloei op, of vloei oor grond wat gewoonlik droog is.

# Versekerde eiendom

Jou versekerde eiendom is die geboue op jou perseel. Die risiko-adres, muur- en dakkonstruksie word in jou polisopsomming genoem. Dit sluit alle vaste uitrusting en toebehore in wat aan jou as die eienaar behoort of waarvoor jy as die eienaar verantwoordelik is. Dit sluit nie vaste uitrusting en toebehore in wat aan 'n huurder behoort of waarvoor 'n huurder verantwoordelik is nie.

# Geboue dekking

Die dekking hieronder is van toepassing op die geboue op die perseel/persele van jou risiko-adres(se) wat in jou polisopsomming genoem word.

Die versekerde sal slegs dekking geniet indien die dekking in sy/haar polisopsomming genoem word.

## Brandbluskoste

Ons dek redelike koste wat 'n gemagtigde instansie hef vir die blus van 'n brand om verlies van of skade aan jou geboue te voorkom of te verminder.

## Openbare toevoer- of hoofverbindings

Ons dek toevallige skade aan, en die billike en redelike koste vir die herstel en vervanging van water-, riool-, gas-, elektrisiteit- en telefoonverbindings tussen die openbare toevoer en jou geboue. Die verbindings moet aan jou behoort of jou verantwoordelikheid wees.

## Verwydering van vallende bome

Ons dek die redelike koste om bome te laat verwyder wat as gevolg van 'n versekerde gebeurtenis, omgeval het. Jy moet ons skriftelike toestemming kry voordat die bome wat omgeval het, verwyder word.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

## Skade aan tuine

Ons dek skade aan bome, struike, plante en sprinkelbesproeiingstelsels by jou risiko-adres, wat veroorsaak is deur:

(a) brand of ontploffing;

(b) 'n voertuig of lugvaartuig;

(c) 'n persoon wat op 'n brand of ontploffing by jou risiko-adres reageer.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

## Wagte

Ons dek die indiensneming van wagte om jou geboue te beskerm nadat 'n versekerde gebeurtenis plaasgevind het. As "Wagte" onder die Inhoud-afdeling op dieselfde gebeurtenis van toepassing is, sal ons jou slegs onder een van die toepaslike afdelings vergoed.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

## Professionele fooie en slopingskoste

Ons dek die noodsaaklike koste wat vir sloping en opruiming, die oprigting van skuttings, munisipale plan-ondersoeke, of die fooie en koste van argitekte, bourekenaars en raadgewende ingenieurs as jy 'n geldige eis vir jou geboue het, wat deur enige versekerde gebeurtenis veroorsaak is.

## Dekking voor eiendomsoordrag

Ons dek verlies van of skade aan geboue op eiendom wat jy koop en wat deur 'n versekerde gebeurtenis veroorsaak is in die tydperk tussen jou ondertekening van 'n verkoopooreenkoms en die oordrag van die eiendom in jou naam deur die aktekantoor.

Jy moet die geboue onder hierdie polis verseker.

Hierdie dekking sal nie geld as die geboue deur of namens die verkoper verseker is nie.

# **Opsionele dekking** *(opskrif druk nie in poliskontrak)*

## Toevallige skade aan vaste masjinerie

Ons dek skielike en onverwagte skade aan vaste masjinerie wat by jou perseel geïnstalleer is. Die vaste masjinerie moet slegs vir huishoudelike gebruik wees. Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

Ons dek egter nie die volgende nie:

(a) waardevermindering;

(b) oorsake wat geleidelik inwerk (soos slytasie, roes, muf, korrosie en verrotting);

(c) verlies of skade:

- wat betaalbaar is as 'n versekerde gebeurtenis wat jou Geboue dek soos in die polisopsomming genoem;
- aan windpompe;
- veroorsaak deur kragstuwing;
- veroorsaak deur huishoudelike peste (soos knaagdiere, miere en motte);
- veroorsaak deur skoonmaak, herstel of opknapping van enige aard of wyse;
- aan data- of telekommunikasietoerusting of –apparaat;
- as dit deur 'n vervaardiger se waarborg, 'n koopooreenkoms of dienskontrak gedek is.

## Onderhoud van warmwatersilinders (indien van toepassing)

Indien die warmwatersilinders wat aangebring is by jou strukture soos in jou polisopsomming genoem, foutief is of breek, dek ons die kostes van onderhoud van hierdie warmwatersilinders.

Dekking sluit verlies of skade in wat deur die volgende veroorsaak is:

(a) roes;

(b) verrotting;

(c) geleidelike agteruitgang;

(d) slytasie;

(e) kraking of splitsing;

(f) inherente foute; of

(g) latente defekte.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

# Versekerde gebeurtenisse

## Toevallige skade

Ons dek toevallige fisiese verlies van of skade aan jou geboue.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

Ons dek egter nie die volgende nie:

(a) waardevermindering;

(b) oorsake wat geleidelik ontstaan, byvoorbeeld slytasie, roes, muf, korrosie of verrotting;

(c) verlies van of skade aan vaste masjinerie;

(d) verlies of skade wat veroorsaak is deur:

- huishoudelike peste (soos knaagdiere, miere en motte);
- kleurproses, skoonmaak, herstel of opknapping van enige aard of manier;
- besoedeling, krake, duike of afsplintering;
- wortels of onkruid;
- meganiese, elektriese of elektroniese onklaarraking;
- jou eie troeteldiere;
- die uitwerking van lig of atmosferiese toestande;
- beslaglegging of aanhouding deur enige regsproses;
- gebrekkige vakmanskap, foutiewe materiaal of gebrekkige ontwerp;
- kraak of ineenstorting (tensy veroorsaak deur 'n versekerde gebeurtenis);
- insakking of grondverskuiwing;
- kragstuwing;

(e) gevolglike verlies van enige aard.

## Kragstuwing

Ons dek verlies van of skade aan jou geboue wat deur kragstuwing veroorsaak is. Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

## Diefstal of poging tot diefstal

Ons dek verlies van of skade aan jou geboue wat deur diefstal of poging tot diefstal veroorsaak is. Ons dek egter nie diefstal of poging tot diefstal terwyl jou privaat woning uitgeleen, verhuur of onderverhuur word aan 'n huurder, en die huurder of die huurder se familie of enige iemand wat gekoppel is aan of verband hou met die huurder of die huurder se familie, direk of indirek verantwoordelik is vir sodanige verlies of skade.

## Brand

Ons dek verlies van of skade aan jou geboue wat deur brand veroorsaak is.

## Ontploffing

Ons dek verlies van of skade aan jou geboue wat deur ontploffing veroorsaak is.

## Weerlig of donderslag

Ons dek verlies van of skade aan jou geboue wat deur weerlig of donderslag veroorsaak is.

## Water of sneeu

Ons dek verlies van of skade aan jou geboue wat deur water of sneeu veroorsaak is.

Ons dek egter nie die volgende nie:

(a) verlies of skade veroorsaak deur enige proses wat water gebruik of aanwend;

(b) verlies of skade veroorsaak deur slytasie;

(c) verlies of skade veroorsaak deur geleidelike agteruitgang;

(d) verlies of skade veroorsaak deur muf, roes of korrosie;

(e) wat deur die inkrimping of uitsetting van grond as gevolg van die vog- of waterinhoud daarvan veroorsaak is nie, byvoorbeeld klei en soortgelyke grondtipes.

## Vloed

Ons dek verlies van of skade aan jou geboue wat deur vloed veroorsaak is.

Ons dek egter nie die volgende nie:

(a) verlies of skade veroorsaak deur enige proses wat water gebruik of aanwend;

(b) verlies of skade veroorsaak deur slytasie;

(c) verlies of skade veroorsaak deur geleidelike agteruitgang;

(d) verlies of skade veroorsaak deur muf, roes of korrosie;

(e) wat deur die inkrimping of uitsetting van grond as gevolg van die vog- of waterinhoud daarvan veroorsaak is nie, byvoorbeeld klei en soortgelyke grondtipes.

## Seedeining

Ons dek verlies van of skade aan jou geboue wat deur seedeining veroorsaak is.

Ons dek egter nie die volgende nie:

(a) verlies of skade veroorsaak deur enige proses wat water gebruik of aanwend;

(b) verlies of skade veroorsaak deur slytasie;

(c) verlies of skade veroorsaak deur geleidelike agteruitgang;

(d) verlies of skade veroorsaak deur muf, roes of korrosie;

(e) wat deur die inkrimping of uitsetting van grond as gevolg van die vog- of waterinhoud daarvan veroorsaak is nie, byvoorbeeld klei en soortgelyke grondtipes.

## Storm of wind

Ons dek verlies van of skade aan jou geboue wat deur storm of wind veroorsaak is.

Ons dek egter nie die volgende nie:

(a) verlies of skade veroorsaak deur enige proses wat water gebruik of aanwend;

(b) verlies of skade veroorsaak deur slytasie;

(c) verlies of skade veroorsaak deur geleidelike agteruitgang;

(d) verlies of skade veroorsaak deur muf, roes of korrosie;

(e) wat deur die inkrimping of uitsetting van grond as gevolg van die vog- of waterinhoud daarvan veroorsaak is nie, byvoorbeeld klei en soortgelyke grondtipes.

## Hael

Ons dek verlies van of skade aan jou geboue wat deur hael veroorsaak is.

Ons dek egter nie die volgende nie:

(a) verlies of skade veroorsaak deur enige proses wat water gebruik of aanwend;

(b) verlies of skade veroorsaak deur slytasie;

(c) verlies of skade veroorsaak deur geleidelike agteruitgang;

(d) verlies of skade veroorsaak deur muf, roes of korrosie;

(e) wat deur die inkrimping of uitsetting van grond as gevolg van die vog- of waterinhoud daarvan veroorsaak is nie, byvoorbeeld klei en soortgelyke grondtipes.

## Aardbewing

Ons dek verlies van of skade aan jou geboue wat deur aardbewing veroorsaak is.

## Oopbars van waterpype of watertenks

Ons dek verlies van of skade aan jou geboue wat deur die oopbars van waterpype of watertenks veroorsaak is.

Ons dek ook die skade aan die waterpype of -tenks.

## Oopbars van warmwatersilinders

Ons dek verlies van of skade aan jou geboue wat deur die oopbars van warmwatersilinders veroorsaak is.

Ons dek ook die skade aan die warmwatersilinders.

## Botsing

Ons dek verlies van of skade aan jou geboue wat veroorsaak is deur botsing van diere, voertuie, lugvaartuie of lugtoestelle of ander voorwerpe wat daarvan val, of vallende bome, behalwe terwyl dit deur iemand afgekap of afgesaag word.

## Inbraak

Ons dek verlies van of skade aan jou geboue wat deur inbraak veroorsaak is.

## Ineenstorting of die breek van antennestelsels en satellietskottels

Ons dek die ineenstorting of breek van antennestelsels of satellietskottels.

As “Ineenstorting of die breek van antennestelsels en satellietskottels” onder die Inhoud-afdeling op dieselfde gebeurtenis van toepassing is, sal ons jou onder die Geboue-afdeling vergoed.

## Toevallige lekkasie van olie uit olieverwarmers

Ons dek verlies van of skade aan jou geboue wat deur toevallige lekkasie van olie vanuit olieverwarmers veroorsaak is.

## Kwaadwillige beskadiging

Ons dek verlies van of skade aan jou geboue wat deur kwaadwillige beskadiging veroorsaak is.

Ons dek egter nie kwaadwillige beskadiging terwyl jou privaat woning uitgeleen, verhuur of onderverhuur word aan 'n huurder, en die huurder of die huurder se familie of enige iemand wat gekoppel is aan of verband hou met die huurder of die huurder se familie, direk of indirek verantwoordelik is vir sodanige skade.

## Insakking of grondverskuiwing (Omvattende dekking)

Ons dek verlies van of skade aan jou geboue wat deur insakking of grondverskuiwing, of albei veroorsaak is. Ons dek egter nie verlies of skade:

(a) aan riole, waterlope, grensmure, tuinmure, skerm- en stutmure, hekpale, hekke en heinings, opritte, plaveisel, sintetiese gras, swembadrande of tennisbane nie;

(b) wat deur gebrekkige ontwerp, onvoldoende kompaktering van opvulwerk, swak konstruksie of die verwydering of verswakking van enige geboue se stutte veroorsaak of vererger is nie;

(c) wat deur strukturele veranderings, aanbouings of herstelwerk veroorsaak of vererger is nie;

(d) wat deur uitgrawings bo- of ondergronds (behalwe uitgrawings tydens mynboubedrywighede) veroorsaak of vererger is nie;

(e) wat deur normale vassakking, krimping of uitsetting van die geboue veroorsaak of vererger is nie.

As ons dit vereis, moet jy bewys dat die verlies of skade waarvoor jy eis, deur insakking of grondverskuiwing veroorsaak is

## Insakking of grondverskuiwing (Beperkte dekking)

Ons dek verlies van of skade aan jou geboue wat deur insakking of grondverskuiwing, of albei veroorsaak is. Ons dek egter nie verlies of skade:

(a) aan riole, waterlope, grensmure, tuinmure, skerm- en stutmure, hekpale, hekke en heinings, opritte, plaveisel, sintetiese gras, swembadrande of tennisbane nie;

(b) wat deur die inkrimping of uitsetting van grond as gevolg van die vog- of waterinhoud daarvan veroorsaak of vererger is nie, byvoorbeeld klei en soortgelyke grondtipes;

(c) wat deur gebrekkige ontwerp, onvoldoende kompaktering van opvulwerk, swak konstruksie, of die verwydering of verswakking van enige gebou se stutte veroorsaak of vererger is nie;

(d) wat deur strukturele veranderings, aanbouings of herstelwerk veroorsaak of vererger is nie;

(e) wat deur uitgrawings bo- of ondergronds (behalwe uitgrawings tydens mynboubedrywighede) veroorsaak of vererger is nie;

(f) wat deur normale vassakking, krimping of uitsetting van die geboue veroorsaak of vererger is nie.

As ons dit vereis, moet jy bewys dat die verlies of skade waarvoor jy eis, deur insakking of grondverskuiwing veroorsaak is.

## Beskerming teen inflasie

Die versekerde bedrag vir eiendom wat onder hierdie afdeling van jou polis verseker is, word jaarliks verhoog, maar maandeliks in gelyke dele in die hernuwingsperiode bygevoeg om vir inflasie voorsiening te maak volgens die persentasie wat ons op die hernuwingsdatum toepas.

Die persentasie waarmee ons die aanpassing maak, word in jou polisopsomming genoem. Die maandelikse verhoging word egter nie in jou polisopsomming weerspieël nie.

Geen ekstra premie word tydens die termyn van hierdie polis gevra nie, maar die premie word elke jaar op die hernuwingsdatum, soos in jou polisopsomming genoem, herbereken.

## Puinverwydering

Ons dek die noodsaaklike koste om jou beskadigde geboue van jou perseel te verwyder na verlies of skade wat deur 'n versekerde gebeurtenis veroorsaak is.

## Huurgeld

Ons dek die huurgeld wat aan jou betaalbaar is indien jou privaat woning as gevolg van 'n versekerde gebeurtenis onbewoonbaar gelaat word.

Hierdie dekking geld slegs vir die tydperk wat redelikerwys vereis word om jou privaat woning weer bewoonbaar te maak, en is beperk tot die aantal maande soos in jou polisopsomming genoem.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

## Alternatiewe verblyf

Ons dek die huurgeld wat jy moet betaal, of die redelike ekstra uitgawes wat jy aangaan, vir soortgelyke alternatiewe verblyf, indien jou privaat woning as gevolg van 'n versekerde gebeurtenis onbewoonbaar is.

Hierdie dekking geld slegs vir die tydperk wat redelikerwys vereis word om jou privaat woning weer bewoonbaar te maak, en is beperk tot die aantal maande soos in jou polisopsomming genoem.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

As "Alternatiewe verblyf" onder die Inhoud-afdeling op dieselfde versekerde gebeurtenis van toepassing is, sal ons jou slegs onder een van die toepaslike afdelings vergoed.

## Spieëls en sekere glas

Ons dek verlies van of skade aan vaste glas, spieëls of sanitêre ware. Die glas, spieëls en sanitêre ware moet 'n permanente deel van jou geboue wees.

Ons dek egter nie vaste glas, spieëls of sanitêre ware as jou privaat woning vir langer as 60 agtereenvolgende dae onbewoon en ongemeubileerd is nie.

## Verlies van water

Ons dek bedrae wat jy plaaslike owerhede skuld vir verlies van water as gevolg van lekkende pype.

Hierdie dekking is onderhewig aan die volgende voorwaardes:

(a) die bedrae is deur die plaaslike owerhede bereken;

(b) die lesing is ten minste 50% meer as die gemiddeld van die vier voorafgaande meterlesings;

(c) jy het dadelik opgetree om die lekkende pype op te spoor en te herstel nadat 'n lek ontdek is, of nadat jy fisiese getuienis gesien het of 'n buitengewone hoë waterrekening ontvang het.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

Ons dek egter nie die volgende nie:

(a) die koste om 'n lekkende pyp op te spoor en te herstel;

(b) meer as twee afsonderlike eise binne 'n tydperk van 12 maande;

As daar twee afsonderlike eise binne 'n 12-maande tydperk is, is die totale gesamentlike vergoeding vir beide eise beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

(c) verlies van water:

- as gevolg van lekkende krane, geisers of toilette;
- uit swembaddens of die lekkende in- of uitlaatpype daarvan;
- as die privaat woning vir meer as 60 agtereenvolgende dae onbewoon gelaat is.

## Opsporing van lekkasies

Ons dek die billike en redelike onkoste om die oorsprong van 'n water-, gas- of olielek in jou geboue op te spoor. Ons dek ook die noodsaaklike herstelwerk aan vloere, mure en plafonne wat daaruit ontstaan.

Die eerste teken van die lekkasie moet na die begindatum van hierdie afdeling plaasgevind het. Hierdie dekking sluit nie die herstelkoste van die lekkasie in nie.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

## Spesiale verbouings

Ons dek die noodsaaklike koste van verbouings aan die geboue, nadat jy 'n ongeluk gedurende die termyn van hierdie polis gehad het, wat jou permanent in 'n rolstoel laat.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

## Noodverblyf

Ons dek noodverblyf vir tot twee nagte as jou geboue as gevolg van 'n versekerde gebeurtenis onbewoonbaar is. Die dekking sal eindig sodra jy in staat is om alternatiewe verblyf te reël terwyl jou geboue weer bewoonbaar gemaak word.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

# Geboue voorwaardes

**Bykomende voorwaardes, soos genoem in die klient se polisopsomming, kan van toepassing wees afhangende van die tipe risiko. Voorbeelde van voorwaardes word hieronder gelys.**

## Geboue: Eweredigheid toegepas

As daar volgens ons berekeninge vasgestel word dat die bedrag wat ten tye van verlies of skade nodig is om al jou versekerde geboue deur soortgelyke nuwe eiendom te vervang, meer is as die versekerde bedrag daarvoor, sal ons eweredigheid op die eis toepas.

## Geboue: Stuwingsweerders

Dit is 'n voorwaarde van hierdie polis dat SABS-goedgekeurde stuwingsweerders by jou strukture soos in jou polisopsomming genoem, aangebring moet wees.

As jy nie aan hierdie voorwaarde voldoen nie, sal ons nie jou geboue dek teen verlies of skade wat deur weerlig, donderslag of kragstuwing veroorsaak is nie.

# Bepalings en voorwaardes

## Versekerde bedrag, skadeloosstellingsbasis en vergoedingsperk

Die versekerde bedrag vir die versekerde eiendom, wat in jou polisopsomming genoem word, moet die huidige vervangingswaarde van soortgelyke nuwe eiendom vir die volle termyn van die polis verteenwoordig.

Die skadeloosstellingsbasis is die vervangingswaarde van die verlore of beskadigde eiendom of deel daarvan met soortgelyke nuwe eiendom, en is beperk tot die versekerde bedrag soos wat in jou polisopsomming genoem word.

Ons vergoeding vir 'n enkele eis of 'n reeks eise wat uit een gebeurtenis ontstaan, is beperk tot:

(a) die versekerde bedrag soos in jou polisopsomming genoem; of

(b) die vergoedingsperk langs die spesifieke dekking soos in jou polisopsomming genoem.

Tensy dit andersins in die bewoording van die toepaslike dekking genoem word, is die vergoedingsperke van die dekkings wat nie as "Versekerde gebeurtenis" omskryf is nie, bykomend tot die versekerde bedrag vir jou geboue.

## Verduideliking van eweredigheid

Eweredigheid word toegepas as daar volgens ons berekeninge vasgestel word dat die bedrag wat ten tye van verlies of skade nodig is om al jou versekerde geboue deur soortgelyke nuwe eiendom te vervang, meer is as die versekerde bedrag daarvoor. Ons sal dan nie die volle bedrag van die verlies of skade aan jou betaal nie. Jy word as jou eie versekeraar beskou vir die verskil tussen die versekerde bedrag en die bedrag wat nodig is om die versekerde geboue te vervang. Jy is dus verantwoordelik vir 'n eweredige deel van die verlies of skade.

Kom ons neem aan dat jy vir R1 000 000 verseker is, maar die vervangingswaarde van jou versekerde geboue is R2 000 000. Dit beteken dat jy slegs vir die helfte van die vervangingswaarde verseker is. Jy moet self die ander helfte dek. As jy byvoorbeeld 'n verlies van R200 000 het, betaal ons slegs die helfte van hierdie bedrag, dit wil sê R100 000. Dit word so bereken:

| | |
|---|---|
| Verseker vir: | R1 000 000 |
| Vervangingswaarde: | R2 000 000 |

Eis: R200 000

Berekening: Onderversekering R200 000 X (R1 000 000 ÷ R2 000 000)

Ons sal jou slegs R100 000 betaal.

As daar meer as een struktuur op jou polisopsomming aangedui is, sal ons die gekombineerde waarde van al die strukture op jou perseel gebruik om die eweredigheid berekeninge (indien wel) te doen.

Jou polisopsomming dui aan of eweredigheid op die versekerde geboue van toepassing is. As jou polisopsomming nie aandui of eweredigheid van toepassing is of nie, moet jy aanneem dat eweredigheid van toepassing sal wees.

Indien eweredigheid nie volgens jou kontrak op jou geboue van toepassing is nie, moet jy die vervangingswaarde van jou versekerde geboue hersien in die geval van enige aanbouings, veranderinge of verbeteringe.

### Huurders

As 'n huurder van jou privaat woning op 'n manier optree of versuim om op te tree en dit maak jou polis ongeldig, is jou dekking steeds van krag mits die volgende voorwaardes nagekom is:

(a) jy het nie geweet jou huurder het opgetree of versuim om op te tree op 'n manier wat die polis ongeldig gemaak het nie;

(b) jy het ons so gou as moontlik laat weet nadat jy van die optrede of versuim bewus geword het.

### Ander se belange

Indien die belange van 'n bank of ander finansiële instelling in jou polisopsomming genoem is as iemand met 'n belang in die versekerde eiendom, stem jy in dat ons die finansiële instelling tot die bedrag van hulle belang in die versekerde eiendom mag betaal, naamlik die bedrag wat nog aan die finansiële instelling verskuldig is of die versekerde bedrag wat in jou polisopsomming vir Geboue genoem word, watter ookal die minste is.

As jy optree of versuim om op te tree op 'n manier wat hierdie polis ongeldig maak, word die belang van die bank of finansiële instelling nie geraak nie, mits die volgende voorwaardes nagekom is:

(a) die bank of finansiële instelling het nie geweet jy het opgetree of versuim om op te tree op 'n manier wat hierdie versekering ongeldig kon gemaak het nie;

(b) die bank of finansiële instelling het ons laat weet nadat hulle van die optrede of versuim bewus geword het;

(c) jy het die ekstra premie betaal wat jy skuld.

### Bypassende boumateriale

Wanneer die versekerde eiendom herstel word, sal ons nie verplig wees om dit presies te doen nie, maar slegs sover omstandighede dit redelikerwys toelaat. In gevalle waar ons nie 'n presiese ooreenkoms kan bewerkstellig nie, sal ons materiale gebruik wat na ons mening so na as moontlik aan die beskadigde of verlore materiaal is. Ons sal dit slegs doen aan die deel van die struktuur of die vertrek aar die verlies of skade plaasgevind het. Ons sal nie vir bypassende boumateriale betaal om 'n eenvormige effek regdeur jou geboue te bewerkstellig nie.

## Geboue uitsonderings

### Geboue: Verlies van water uitgesluit indien privaatwoning onbewoon vir meer as 60 agtereenvolgende dae

Ons dek nie verlies van water gedurende die tydperk wat jou privaat woning vir meer as sestig agtereenvolgende dae per hernuwingsperiode onbewoon gelaat word nie.

## Hierdie afdeling dek nie die volgende nie

Geen van die volgende is gedek nie, tensy dit spesifiek in jou polisopsomming genoem word:

(a) Verlies of skade wat veroorsaak is deur:

- sloping, verandering, oprigting, skoonmaak, vernuwings, herstelwerk, opknapping of 'n soortgelyke proses;
- insekte of peste;
- onkruid of wortels;

- storm, wind, water, hael of sneeu tydens opknappings, byvoegings of aanbouings as die verlies of skade weens die opknappings, byvoegings of aanbouings veroorsaak of vererger word;
- diefstal of poging tot diefstal terwyl jou privaat woning uitgeleen, verhuur of onderverhuur word aan 'n huurder, en die huurder  of die huurder se familie of enige iemand wat gekoppel is aan of verband hou met die huurder of die huurder se familie, direk of indirek verantwoordelik is vir sodanige verlies of skade.

(b) Verlies of skade wat veroorsaak is deur of bestaan uit:

- verrotting, stygende vog, 'n styging in die watertafel behalwe as dit deur 'n storm veroorsaak is;
- swamme, skimmel, besmetting;
- afsplintering, krapmerke, ontsiering of verkleuring;
- slytasie of ander oorsake wat geleidelik inwerk.

(c) Verlies of skade wat deur 'n waarborg, dienskontrak, koopkontrak of koopooreenkoms gedek word.

# ALLE RISIKO'S

## Omskrywings

**Ons het woorde met besondere betekenisse vir elke afdeling omskryf. In hierdie afdeling beteken die woorde hieronder die volgende:**

***Brille en lense*** beteken brille, leesbrille, sonbrille of kontaklense.

***Fotografiese toerusting*** beteken toerusting wat gebruik word vir die vaslegging van stilstaande of bewegende fotografiese beelde, insluitende alle toebehore (bv. 'n kamera en videokamera).

***Items in 'n bankkluis*** beteken enige item wat jy in die kluis van 'n geregistreerde bank of bewaringsfasiliteit, vir veilige bewaring hou.

***Juweliersware*** beteken 'n versiering (soos 'n armband, ring of halssnoer) wat van edelmetale gemaak is en met edelstene versier kan wees. Juweliersware sluit ook horlosies in.

***Kampeertoerusting*** beteken die toerusting wat gebruik word om tydelike skuiling op te rig vir ontspanningsdoeleindes (bv. tente, slaaptoerusting, kombuis- en kookware).

***Klanktoerusting vir jou voertuig*** beteken die klanktoerusting wat in 'n voertuig aangebring is, insluitende alle toebehore (bv. motorradio's en CD-spelers).

***Mediese toerusting*** beteken toerusting of toestelle wat ontwerp is om te help met mediese toestande (bv. eksterne gehoorapparate, rolstoele en prosteses). Die toerusting of toestelle moet voorgeskryf of uitgereik wees deur 'n wettig geregistreerde mediese inrigting of praktisyn. Dit moet ekstern en verwyderbaar wees en mag nie deur die liggaam verteer of in die liggaam opgelos word nie.

***Mobiele kommunikasietoestelle*** beteken draagbare elektroniese items, wat vir mobiele kommunikasie gebruik word, insluitende alle toebehore (bv. selfone en GPS'e).

***Musiekinstrumente*** beteken instrumente wat gebruik word om melodiese klank te produseer, bv. 'n kitaar. Die musiekinstrument moet amptelik erken wees deur 'n akademiese instelling wat musiek as deel van sy kurrikulum aanbied.

***Skootrekenaars*** beteken draagbare elektroniese toestelle wat groot hoeveelhede data deur middel van sagteware prosesseer. Sagteware is inligting wat georganiseer is in die vorm van bedryfstelsels, programme en toepassings wat dit vir die rekenaar moontlik maak om te werk. Die sagteware moet met 'n standaard pryslys in die kleinhandel beskikbaar wees.

***Oudiovisuele toerusting*** beteken opname en reproduksie toerusting wat klank, of beeld, of beide verskaf, insluitende alle toebehore (bv. draagbare elektroniese speletjie toerusting, MP3-en MP4-spelers).

***Persoonlike dokumente*** beteken persoonlike aktes, testamente, ooreenkomste, kaarte, planne, rekords, boeke, briewe en sertifikate, maar nie verhandelbare instrumente of aandeelsertifikate nie.

***Rekenaartoerusting*** beteken elektroniese toestelle wat groot hoeveelhede data deur middel van sagteware prosesseer (bv. nie-draagbare- en tabletrekenaars). Sagteware is inligting wat georganiseer is in die vorm van bedryfstelsels, programme en toepassings wat dit vir die rekenaar moontlik maak om te werk. Die sagteware moet met 'n standaard pryslys in die kleinhandel beskikbaar wees.

***Sporttoerusting*** beteken items wat gedra word of gebruik word in 'n amptelike sport aktiwiteit of spel (bv. gholf toerusting, soos gholfstokke, gholfskoene en gholfsak).

***Tuisvermaak toestelle*** beteken elektroniese toestelle wat vir ontspanningsdoeleindes gebruik word, insluitende alle toebehore (bv. televisiestelle en dekodeerders).

***Versamelings*** beteken 'n groep items wat bedoel is om saam gehou te word (bv. muntversamelings en seëlversamelings).

***Jy/jou*** beteken die polishouer wat in jou polisopsomming genoem word. Dit sluit jou gade en ander lede van jou familie of jou gade se familie wat gewoonlik by jou woon, in.

## Alle risiko's dekking

Dekking onder jou Alle risiko's afdeling is beperk tot die bedrae wat langs elke item in jou polisopsomming genoem word.

## Voorbereidingskoste van eise

Ons sal jou vergoed vir kostes wat jy aangaan om besonderhede te verskaf en te sertifiseer wat ons vereis sodat ons 'n eis wat jy onder hierdie afdeling van jou polis mag hê, kan hanteer.

Hierdie vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

# Eiendom wat in jou polisopsomming gespesifiseer is

Ons dek eiendom wat spesifiek onder hierdie afdeling verseker is. Dit beteken dat die eiendom in jou polisopsomming onder "Alle Risiko's" moet verskyn om gedek te wees.

## Versamelings en persoonlike dokumente

Ons dek verlies van of skade aan jou versameling(s) of persoonlike dokumente soos in jou polisopsomming genoem. Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

Dekking is onderhewig aan die volgende:

(a) die waarde van 'n enkele seël of munt, of 'n enkele stel seëls of munte sal bepaal word deur die huidige katalogus- of pryslys waarde;

(b) ons vergoeding vir persoonlike dokumente is beperk tot die waarde van die materiaal en arbeidskoste om verlore of beskadigde persoonlike dokumente te vervang.

## Fietse

Ons dek verlies van of skade aan jou fietse soos in jou polisopsomming genoem. Dekking sluit enige toebehore van die fietse in.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

## Mobiele kommunikasietoestelle

Ons dek verlies van of skade aan jou draagbare kommunikasietoestelle soos in jou polisopsomming genoem. Dekking sluit die volgende in:

(a) toebehore;

(b) verlies of skade wat deur meganiese, elektriese of elektroniese onklaarraking veroorsaak is.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

## Oudiovisuele toerusting

Ons dek verlies van of skade aan jou oudiovisuele toerusting soos in jou polisopsomming genoem.

Dekking sluit verlies of skade wat deur meganiese, elektriese of elektroniese onklaarraking veroorsaak is, in.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

## Rekenaartoerusting

Ons dek verlies van of skade aan jou rekenaartoerusting soos in jou polisopsomming genoem. Dekking sluit die volgende in:

(a) toebehore;

(b) standaard sagteware;

(c) verlies of skade wat deur meganiese, elektriese of elektroniese onklaarraking veroorsaak is.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

## Skootrekenaar

Ons dek verlies van of skade aan jou skootrekenaars soos in jou polisopsomming genoem. Dekking sluit die volgende in:

(a) toebehore;

(b) standaard sagteware;

(c) verlies of skade wat deur meganiese, elektriese of elektroniese onklaarraking veroorsaak is.

Ons vergoeding per skootrekenaar is beperk tot die bedrag wat langs elke item in jou polisopsomming genoem word.

## Fotografiese toerusting

Ons dek verlies van of skade aan jou fotografiese toerusting soos in jou polisopsomming genoem. Dekking sluit die volgende in:

(a) toebehore;

(b) verlies of skade wat deur meganiese, elektriese of elektroniese onklaarraking veroorsaak is

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

## Juweliersware

Ons dek verlies van of skade aan jou juweliersware soos in jou polisopsomming genoem.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

## Klanktoerusting vir jou voertuig

Ons dek verlies van of skade aan die versekerde klanktoerusting van jou voertuig soos in jou polisopsomming genoem.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

## Musiekinstrumente

Ons dek verlies van of skade aan jou musiekinstrumente soos in jou polisopsomming genoem.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

## Brille en lense

Ons dek verlies van of skade aan jou brille of lense soos in jou polisopsomming genoem.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

## Mediese toerusting

Ons dek verlies van of skade aan jou mediese toerusting soos in jou polisopsomming genoem.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

## Sporttoerusting

Ons dek verlies van of skade aan jou sporttoerusting soos in jou polisopsomming genoem.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

## Kampeertoerusting

Ons dek verlies van of skade aan jou kampeertoerusting soos in jou polisopsomming genoem.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

## Tuisvermaaktoestelle

Ons dek verlies van of skade aan jou tuisvermaak toestelle soos in jou polisopsomming genoem.

Dekking sluit die volgende in:

(a) toebehore;

(b) verlies of skade wat deur meganiese, elektriese of elektroniese onklaarraking veroorsaak is;

(c) televisie-antennes en satellietskottels.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

## Items in 'n bankkluis

Ons dek verlies van of skade aan jou versekerde items wat in die kluis van 'n geregistreerde bank of bewaringsfasiliteit gehou word soos in jou polisopsomming aangedui. Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

Dekking is onderhewig aan die volgende voorwaardes:

(a) Jy moet ons in kennis stel wanneer jy die versekerde juweliersware vanuit die bankkluis verwyder.

(b) Terwyl dit uit die bankkluis verwyder is, moet jy dit onder streng bewaring hou as jy dit nie dra of gebruik nie.

As jy nie aan hierdie voorwaardes voldoen nie, sal ons nie jou items in 'n bankkluis dek teen verlies of skade nie.

## Gespesifiseerde items wat nie andersins omskryf is nie

Ons dek verlies van of skade aan jou gespesifiseerde items soos in jou polisopsomming genoem. Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

# Alle risiko's voorwaardes

Bykomende voorwaardes, soos genoem in die klient se polisopsomming, kan van toepassing wees afhangende van die tipe risiko. Voorbeelde van voorwaardes word hieronder gelys:

## Juweliersware: Waardasiesertifikaat

Dit is 'n voorwaarde van hierdie polis dat jy vir ons 'n waardasiesertifikaat (gedateer voor die datum van 'n gebeurtenis wat tot 'n eis lei) moet gee vir elk van jou juweliersware items met 'n waarde van die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word, of meer.

As jy nie aan hierdie voorwaarde voldoen nie, sal ons nie jou juweliersware dek teen verlies of skade nie.

## Gespesifiseerde items: Beveiliging van waardevolle items

Ons vereis dat jy jou waardevolle items in 'n kluis moet toesluit of moet dra wanneer jou privaat woning onbewaak gelaat word. Besonderhede van die soort kluis word in jou polisopsomming genoem.

Indien 'n waarde in jou polisopsomming onder hierdie vereiste genoem word, sal ons jou waardevolle items slegs dek tot daardie waarde terwyl dit nie in 'n kluis toegesluit is of gedra is nie. Indien geen waarde in jou polisopsomming genoem word nie, sal ons nie jou waardevolle items dek teen diefstal, poging tot diefstal of inbraak as jy nie aan hierdie vereiste voldoen nie.

Indien jou waardevolle items in jou polisopsomming genoem word, is hierdie vereiste van toepassing op daardie items. Indien daar geen omskrywing van jou waardevolle items in jou polisopsomming verskyn nie, is hierdie vereiste van toepassing op al jou waardevolle items.

## Fietse: Bevestiging van waarde

Dit is 'n voorwaarde van hierdie polis dat jy vir ons 'n waardasie, faktuur, pryslys of katalogus waarde moet gee vir die fiets(e) soos in jou polisopsomming genoem.

As jy nie aan hierdie voorwaarde voldoen nie, sal ons nie verlies van of skade aan die toepaslike fiets dek nie.

## Musiekinstrumente: Bevestiging van waarde

Dit is 'n voorwaarde van hierdie polis dat jy vir ons 'n waardasie, faktuur, pryslys of katalogus waarde moet gee vir die musiekinstrument(e) soos in jou polisopsomming genoem.

As jy nie aan hierdie voorwaarde voldoen nie, sal ons nie verlies van of skade aan die toepaslike musiekinstrument dek nie.

## Juweliersware: Beveiliging

Dit is 'n voorwaarde van hierdie polis dat jy jou juweliersware items in 'n kluis moet toesluit of moet dra wanneer jou privaat woning onbewaak gelaat word. Besonderhede van die juweliersware en die soort kluis word in jou polisopsomming genoem.

As jy nie aan hierdie voorwaarde voldoen nie, sal ons nie jou juweliersware dek teen verlies of skade wat deur diefstal, poging tot diefstal of inbraak veroorsaak is nie.

### Rekenaartoerusting: Vereiste vir installasie van stuwingweerders

Ons vereis dat SABS-goedgekeurde stuwingsweerders aangebring moet wees vir die beskerming van jou rekenaartoerusting soos in jou polisopsomming genoem. Die stuwingsweerders moet so geïnstalleer wees dat dit alle datalyne, kragtoevoer proppe en elektriese verspreidingsborde wat aan die rekenaartoerusting gekoppel is, beskerm.

As jy nie aan hierdie vereiste voldoen nie, sal ons nie jou rekenaartoerusting dek teen verlies of skade wat deur weerlig, donderslag of kragstuwing veroorsaak is nie.

### Items in 'n bankkluis: bevestiging van waarde

Dit is 'n voorwaarde van hierdie polis dat jy vir ons 'n waardasie, faktuur, pryslys of katalogus waarde moet gee vir die item(s) in 'n bankkluis, soos in jou polisopsomming genoem.

As jy nie aan hierdie voorwaarde voldoen nie, sal ons nie verlies van of skade aan die toepaslike item in 'n bankkluis dek nie.

### Gespesifiseerde items: eiendom in die naam van 'n regspersoon

Ons erken die belang van 'n regspersoon in hierdie eiendom. Die soort regspersoon word in jou polisopsomming genoem. Ons erkenning is onderhewig aan die volgende voorwaardes:

(a) Die eiendom mag slegs vir privaat doeleindes aangewend word; en

(b) Jy het 'n wettige belang in die regspersoon.

Indien jy aan ons die naam van die regspersoon verskaf het, word dit in jou polisopsomming aangedui.

## Bepalings en voorwaardes

### Versekerde bedrag en basis van skadeloosstelling

Die versekerde bedrag vir die versekerde eiendom, wat in jou polisopsomming genoem word, moet die huidige vervangingswaarde van soortgelyke nuwe eiendom vir die volle termyn van die polis verteenwoordig.

Die skadeloosstellingsbasis is die vervangingswaarde van die verlore of beskadigde eiendom of deel daarvan met soortgelyke nuwe eiendom, en is beperk tot die versekerde bedrag soos wat in jou polisopsomming genoem word.

### Pare of stelle

As 'n artikel wat deel is van 'n paar of stel, verlore of beskadig raak, is ons vergoeding beperk tot die eweredige waarde wat die artikel van die totale waarde van die paar of stel verteenwoordig.

### Lande

Dekking onder hierdie afdeling van jou polis is wêreldwyd.

## Nie gedek onder jou alle risiko's afdeling nie

Die volgende word nie gedek nie:

(a) diefstal uit 'n voertuig wat onbewaak gelaat is en waar die versekerde eiendom nie in die bagasiebak of in die voertuig toegesluit is nie;

(b) die koste om data van enige aard te reproduseer of te herstel;

(c) enigiets wat deur 'n waarborg, dienskontrak, koopkontrak of koopooreenkoms van enige aard gedek word;

(d) eiendom, ongeag of dit verwerk gaan word of nie, wat aangeskaf is met die doel om dit in 'n handelstransaksie van die hand te sit (om dit byvoorbeeld te verkoop);

(e) voertuie en alle gereedskap, onderdele en toebehore daarvan terwyl dit daarop of daaraan vas is;

(f) watervaartuie en alle gereedskap, onderdele en toebehore daarvan terwyl dit daarop of daaraan vas is, behalwe vir modelbote indien dit onder hierdie afdeling gespesifiseer is;

(g) lugvaartuie en ander lugtoestelle en alle gereedskap, onderdele en toebehore daarvan terwyl dit daarop of daaraan vas is;

(h) geld, sekuriteite vir geld, aktes, verbande, wissels, skuldbewyse, tjeks, posorders en poswissels, verhandelbare dokumente, reis- en ander kaartjies, geskenkbewyse/kaarte, manuskripte en seldsame boeke;

(i) waardevermindering;

(j) oorsake wat geleidelik inwerk (soos slytasie, roes, muf, korrosie en verrotting);

(k) verlies of skade:

- veroorsaak deur huishoudelike peste (soos knaagdiere, miere en motte);
- veroorsaak deur skoonmaak, herstel of opknapping;
- soos meganiese, elektriese of elektroniese onklaarraking.

Waar dit egter spesifiek langs jou gespesifiseerde item aangedui is, sal ons skade wat deur meganiese, elektriese of elektroniese onklaarraking dek;

- wat ontstaan uit of wat verband hou met 'n ruil-, kontant- of kredietverkooptransaksie, ingesluit diefstal deur middel van valse voorwendsels en/of bedrog;
- as gevolg van elektroniese virusse, trojane, wurms of soortgelyke skadelike media versteurings;
- aan glas, glasware of ander breekbare artikels as gevolg van krake of skrape tensy veroorsaak deur diefstal of brand. Juweliersware, kameras en televisiestel- of data reproduksie buise of -skerms is nie uitgesluit nie.

# VOERTUIE

## Omskrywings

**Ons het woorde met besondere betekenisse vir elke afdeling omskryf. In hierdie afdeling beteken die woorde hieronder die volgende:**

***Afgeskryf*** beteken dat die skade aan die voertuig van so 'n aard is dat ons dit nie ekonomies haalbaar of veilig ag om die voertuig te herstel nie.

***Benoemde bestuurder(s)*** beteken die persoon/persone soos in jou polisopsomming genoem as die enigste persoon/persone wat toegelaat word om jou voertuig te bestuur.

***Eie waarde*** beteken die bedrag wat jy as die waarde van die voertuig aangedui het soos in jou polisopsomming genoem. Hierdie waarde is onderhewig aan redelike aftrekkings vir waardevermindering, slytasie en ander markomstandighede wat die waarde van die voertuig kan raak. Indien die voertuig vir eie waarde verseker is, is ons vergoeding beperk tot die versekerde bedrag soos in jou polisopsomming genoem.

***Gereelde bestuurder*** beteken die persoon soos in jou polisopsomming genoem, wat jou voertuig die meeste bestuur.

***Gestremdheidsgebeurtenis*** beteken 'n gebeurtenis wat lei tot:

(a) die verlies van 'n ledemaat of sintuig, of die gebruik daarvan deur 'n persoon; of

(b) 'n Persoon wat liggaamlik of verstandelik so gestremd raak, hetsy geheel of gedeeltelik, of tydelik of permanent, dat die persoon nie die funksies kan verrig wat nodig is vir normale lewensaktiwiteite nie.

***Gewaarborgde waarde*** beteken die versekerde bedrag soos in jou polisopsomming genoem, wat ons as vergoeding sal betaal indien jou voertuig 'n totale verlies is of ons besluit het dat jou voertuig onekonomies is om te herstel. Ons vergoeding is beperk tot die versekerde bedrag soos in jou polisopsomming genoem.

***Jy/jou*** beteken die naam van die polishouer wat in jou polisopsomming genoem word, jou gade en die gereelde bestuurder soos in jou polisopsomming genoem.

***Jou voertuig*** beteken die motor, ligte afleweringsvoertuig, sleepwa, woonwa of motorfiets wat in jou polisopsomming beskryf word. Dit sluit die standaard gereedskap, toebehore en onderdele daarin of daarop, asook ander ekstra toebehore en onderdele van die voertuig terwyl dit daaraan geheg is, in.

***Lande*** beteken die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Lesotho, Botswana, Swaziland, Zimbabwe, Malawi, Mosambiek, Angola, Zambië, Kenia, Tanzanië, Burundi, Rwanda, Uganda en die Demokratiese Republiek van die Kongo (DRK).

***Ligte afleweringsvoertuig/bakkie*** beteken 'n voertuig wat ontwerp is vir die vervoer van persone of vrag (insluitende 'n paneelwa of dubbelkajuit bakkie) met 'n bruto voertuigmassa van hoogstens 3 500 kg.

***Markwaarde*** beteken die waarde wat ons as vergoeding aan jou sal betaal vir die verlore of beskadigde voertuig. Hierdie waarde is gebaseer op die koste van 'n soortgelyke voertuig in terme van die fabrikaat, model, afstandmeter lesing, toestand en heersende markkragte. As die voertuig vir markwaarde verseker is, sal ons die redelike markwaarde of die versekerde bedrag soos in jou polisopsomming genoem betaal, wat ookal die minste is.

***Motor*** beteken 'n privaat tipe motor (insluitende stasiewaens, minibusse, selfaangedrewe woonwaens en soortgelyke voertuie) wat ontwerp is om tien mense of minder (insluitende die bestuurder) te vervoer en met 'n bruto voertuig massa van hoogstens 3 500 kg.

***Motorfiets*** beteken 'n motorfiets, bromponie, veldfiets of vierwielmotorfiets.

***Oproer en staking*** beteken burgerlike oproer, arbeidsonluste, oproer, staking, uitsluiting of openbare onrus of 'n daad of handeling wat daarop gemik of gerig is om enige van bogenoemde te veroorsaak. Dit sluit verlies of skade wat deur die optrede van 'n wettig ingestelde owerheid om oproer of staking te beheer, te voorkom of te onderdruk, of om dit op 'n ander manier te hanteer, in.

***Ooreengekome waarde*** beteken die waarde wat ons verplig is om te betaal in die geval van totale verlies van die voertuig. Hierdie waarde is onderhewig aan redelike aftrekkings vir waardevermindering, slytasie en ander markomstandighede wat die waarde van die voertuig kan raak. Indien die voertuig vir ooreengekome waarde verseker is, is ons vergoeding beperk tot die versekerde bedrag soos in jou polisopsomming genoem.

***Persoonlike dokumente*** beteken identiteitsdokumente, paspoorte, visums, inentingsertifikate, gedrukte padkaarte of permitte wat die voertuig toegang tot lande toelaat of jou voertuig toelaat om lande te verlaat.

***Rybewys*** beteken 'n wettige en geldige rybewys volgens die soort lisensie wat in jou polisopsomming genoem word. 'n Persoon wat leer bestuur, moet 'n wettige en geldige leerlinglisensie hê.

***Sleepwa*** beteken 'n voertuig (behalwe 'n woonwa) wat nie selfaangedrewe is nie en wat ontwerp of aangepas is om deur 'n selfaangedrewe voertuig gesleep te word.

***Spesiale voertuie*** beteken golfkarretjies, inkopiekarretjies of gemotoriseerde grassnyers.

***Voertuig*** beteken enige motor, ligte afleweringsvoertuig, sleepwa, woonwa of motorfiets wat nie onder hierdie afdeling verseker is nie.

***Voertuig deel*** beteken die vervoer van passasiers (insluitende die vervoer van leerders) vir sosiale redes en vir pendel na en van werk in jou voertuig wat nie vir pendel doeleindes geregistreer of gelisensieer is nie.

***Woonwa*** beteken 'n voertuig op wiele wat ontwerp is om in te woon of reis, wat beddens en kook toerusting bevat. 'n Woonwa is nie selfaangedrewe nie, maar is ontwerp of aangepas om deur 'n selfaangedrewe voertuig gesleep te word.

# Versekerde eiendom

Die dekking hieronder is van toepassing op al jou voertuie wat in jou polisopsomming genoem word.

## Voorbereidingskoste van eise

Ons sal jou vergoed vir kostes wat jy aangaan om besonderhede te verskaf en te sertifiseer wat ons vereis sodat ons 'n eis wat jy onder hierdie afdeling van jou polis mag hê, kan hanteer.

Hierdie vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

## Persoonlike ongevalle

Ons dek jou toevallige dood of permanente ongeskiktheid wat binne 12 maande nadat enige voertuig wat in jou polisopsomming genoem word, in 'n motorongeluk betrokke was.

Ons vergoeding vir 'n enkele eis, 'n reeks eise wat uit dieselfde gebeurtenis ontstaan, of alle gebeurtenisse wat gedurende die termyn van die polis plaasvind, is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

Hierdie vergoeding sal soos volg betaal word:

(a) in die geval van jou dood sal ons die bedrag wat in jou polisopsomming langs jou naam genoem word, aan jou boedel betaal.

(b) in die geval van jou permanente ongeskiktheid sal ons 'n persentasie van die bedrag, wat in jou polisopsomming langs jou naam genoem word, betaal

Die persentasie wat van toepassing is, sal ingevolge die volgende vergoedingskaal bereken word:

| BESKRYWING VAN PERMANENTE ONGESKIKTHEID | PERSENTASIE |
|---|---|
| Verlies as gevolg van fisieke skeiding by of bokant die pols of enkel van een of meer ledemate | 100% |
| Verlies van vier vingers aan een hand | 70% |
| Verlies van duim | |
| • albei litte | 25% |
| • een lit | 10% |
| Verlies van vinger | |
| • drie litte | 10% |
| • twee litte | 8% |
| • een lit | 4% |
| Verlies van middelhandbene | |
| • eerste of tweede (bykomend) | 3% |
| • derde, vierde of vyfde (bykomend) | 2% |

| | |
|---|---|
| Verlies van tone | |
| • almal aan een voet | 30% |
| • groot (albei litte) | 15% |
| • groot (een lit) | 2% |
| • anders as groot, as meer as een toon verloor is, elk | 1% |
| Verlies van gehoor | |
| • albei ore | 80% |
| • een oor | 25% |
| Algehele en onherstelbare verlies van sig in een of albei oë | 100% |
| Verlies van | |
| • sig, behalwe vir die waarneming van lig | 75% |
| • lens van die oog | 75% |
| Algehele verlamming of as jy permanent bedlêend is | 100% |
| Algehele ongeskiktheid om ooit weer die beroep te beoefen of om die normale werk waarvoor jy opgelei is of kennis oor het, te doen | 100% |

Permanente algehele verlies van gebruik van 'n ledemaat word as die verlies van die ledemaat beskou.

As die vergoedingskaal nie vir 'n besondere permanente ongeskiktheid voorsiening maak nie, sal ons vergoeding oorweeg ten opsigte van die permanente ongeskiktheid, maar wat volgens ons mening nie teenstrydig met die bepalings van die vergoedingskaal is nie.

# Soort dekking

Jou dekking vir elke voertuig wat onder hierdie afdeling verseker is, hang af van die vergoedingsperk en die soort dekking wat jy gekies het. Die besonderhede van jou voertuig en aard van die dekking word in jou polisopsomming genoem.

## Omvattende dekking

As die soort dekking langs jou voertuig in jou polisopsomming "Omvattend" genoem word, dek ons toevallige verlies van of skade aan jou voertuig.

As ons besluit dat dit nie ekonomies is om jou voertuig te herstel nie, sal ons vergoeding:

(a) die redelike markwaarde van jou voertuig ten tye van die verlies of skade; of

(b) die versekerde bedrag van jou voertuig soos in jou polisopsomming genoem wees, wat ookal die minste is.

Die dekking sluit bedrae in waarvoor jy wetlik teenoor 'n derde party aanspreeklik is as die aanspreeklikheid met jou voertuig verband hou.

## Beperkte (brand, diefstal en kaping)

As die soort dekking langs jou voertuig in jou polisopsomming "Beperk" genoem word, dek ons toevallige verlies van of skade aan jou voertuig wat deur brand, weerlig, ontploffing, diefstal, kaping, poging tot diefstal of poging tot kaping veroorsaak is.

As ons besluit dat dit nie ekonomies is om jou voertuig te herstel nie, sal ons vergoeding:

(a) die redelike markwaarde van jou voertuig ten tye van die verlies of skade; of

(b) die versekerde bedrag van jou voertuig soos in jou polisopsomming genoem wees, wat ookal die minste is.

Die dekking sluit bedrae in waarvoor jy wetlik teenoor 'n derde party aanspreeklik is as die aanspreeklikheid met jou voertuig verband hou.

## Derde party alleenlik

As die soort dekking langs jou voertuig in jou polisopsomming "Derde party alleenlik" genoem word, dek ons bedrae waarvoor jy wetlik teenoor 'n derde party aanspreeklik is as die aanspreeklikheid met jou voertuig verband hou.

# Voertuig dekking

Die dekking hieronder is van toepassing op jou voertuie soos in jou polisopsomming genoem.

Indien 'n voertuig teen 'n spesifieke dekking gedek is, sal dit in jou polisopsomming genoem word.

# Opsionele dekking *(opskrif druk nie in poliskontrak)*

## Inhoud van woonwaens of sleepwaens (indien van toepassing)

Ons dek verlies van of skade aan die inhoud van jou woonwa of sleepwa, terwyl dit in die woonwa of sy sytent of in die sleepwa of sy tent gehou word. Die skadeloosstellingsbasis vir verlies van of skade aan die versekerde eiendom is die vervangingswaarde van die versekerde eiendom met soortgelyke nuwe eiendom, en is beperk tot die versekerde bedrag soos wat in jou polisopsomming genoem word.

Ons dek egter nie die volgende nie:

(a) vaste toebehore en uitrusting;

(b) verlies van of skade aan gereedskap of goedere of monsters wat met 'n besigheid, handel of beroep verband hou;

(c) skade aan glas, glasware of ander breekbare artikels as gevolg van krake, skrape of brekasie, tensy jou woonwa of sleepwa in 'n ongeluk betrokke was.

'n Eis onder hierdie dekking sal nie jou geeneisbonus beïnvloed nie.

## Inhoud van 4X4-of veldry voertuie (indien van toepassing)

Ons dek verlies van of skade aan die inhoud van jou 4x4- of veldry-voertuig, terwyl dit in jou voertuig of sy sytent gehou word.

Die skadeloosstellingsbasis vir verlies van of skade aan die versekerde eiendom is die vervangingswaarde van die versekerde eiendom met soortgelyke nuwe eiendom, en is beperk tot die versekerde bedrag soos wat in jou polisopsomming genoem word.

Ons dek egter nie die volgende nie:

(a) vaste toebehore en uitrusting van jou 4x4 of veldry-voertuig;

(b) verlies van of skade aan gereedskap of goedere of monsters wat met 'n besigheid, handel of beroep verband hou;

(c) skade aan glas, glasware of ander breekbare artikels as gevolg van krake, skrape of brekasie, tensy jou voertuig in 'n ongeluk betrokke was.

'n Eis onder hierdie dekking sal nie jou geeneisbonus beïnvloed nie.

## Dekking vir krediettekort (sonder reswaarde) – indien van toepassing

Ons dek die verskil tussen die waarde van jou voertuig soos in jou polisopsomming genoem en die uitstaande skikkingsbedrag ingevolge 'n kredietooreenkoms wat jy aangegaan het.

Ons sal hierdie verskil slegs betaal as ons 'n eis vir jou voertuig aanvaar wat:

(a) na ons mening na verlies of skade nie ekonomies herstelbaar is nie; of

(b) gesteel is en nie binne 'n redelike tydperk teruggevind word nie.

Die kredietooreenkoms wat jy aangaan moet onder die omskrywing van kredietooreenkoms val soos dit in die Nasionale Kredietwet (Wet 34 van 2005) uiteengesit word.

Ons vergoeding is beperk tot enige bedrag wat nog op jou kredietooreenkoms uitstaande is, minus:

(a) enige agterstallige paaiemente of huurgeld, insluitende rente betaalbaar op agterstallige betalings;

b) alle premie terugbetalings vir die kansellasie van versekeringsdekking wat met jou voertuig verband hou;

c) die verhoogde paaiemente of huurgeld wat betaal sou gewees het as daar geen kapitale reswaarde aan die einde van die finansieringstydperk was nie, bereken tot die maand waarin die eis geskik word. Dit is van toepassing as jy gereël het om aanvanklik laer paaiemente te betaal en 'n hoër paaiement later. In hierdie geval sal ons jou nie vergoed vir die uitstaande bedrag wat jy skuld nie. Ons sal jou slegs vergoed vir die bedrag wat jy nog sou geskuld het as jy gereël het om die lening in gelyke paaiemente oor die termyn van die lening terug te betaal.

## Dekking vir kredietteKort (met reswaarde) – indien van toepassing

Ons dek die verskil tussen die waarde van jou voertuig soos in jou polisopsomming genoem en die uitstaande skikkingsbedrag ingevolge 'n kredietooreenkoms wat jy aangegaan het.

Ons sal hierdie verskil slegs betaal as ons 'n eis vir jou voertuig aanvaar wat:

(a) na ons mening na verlies of skade nie ekonomies herstelbaar is nie; of

(b) gesteel is en nie binne 'n redelike tydperk teruggevind word nie.

Die kredietooreenkoms wat jy aangaan moet onder die omskrywing van kredietooreenkoms val soos dit in die Nasionale Kredietwet (Wet 34 van 2005) uiteengesit word.

Ons vergoeding is beperk tot enige bedrag wat nog op jou kredietooreenkoms uitstaande is, minus:

(a) enige agterstallige paaiemente of huurgeld, insluitende rente betaalbaar op agterstallige betalings;

(b) alle premie terugbetalings vir die kansellasie van versekeringsdekking wat met jou voertuig verband hou.

Die persentasie van die reswaarde word in jou polisopsomming genoem.

## Motorhuur (indien van toepassing)

Ons sal vir jou motorhuur fasiliteer as jou motor of bakkie onbruikbaar is of herstel word na 'n eis wat ons onder hierdie afdeling van die polis aanvaar het.

Ons sal die motorhuur eers fasiliteer nadat ons volledige inligting oor die verlies of skade ontvang het.

Ons sal nie motorhuur fasiliteer vir langer as die aantal dae wat in jou polisopsomming genoem word nie. Die motorhuur sal eindig op die eerste van die volgende datums:

(a) die datum waarop jou motor of bakkie tot jou bevrediging herstel is nadat ons die herstel gemagtig het;

(b) die datum waarop ons jou eis deur 'n kontantbetaling skik;

(c) die datum waarop ons jou motor of bakkie vervang.

**Hierdie dekking sluit die volgende in:**

(a) 'n voertuig volgens jou keuse van die voertuigklas soos in jou polisopsomming genoem (onderhewig aan beskikbaarheid);

(b) onbeperkte kilometers;

(c) versekeringsdekking vir motorongelukskade en motordiefstal;

(d) ekstra betaling by lughawens;

(e) toerismeheffing;

(f) aflewering of afhaal beperk tot die kilometerlimiet van die motorhuurmaatskappy;

(g) enige twee verklaarde bestuurders.

**Ons sal jou egter nie skadeloos stel vir die volgende nie:**

(a) aflewerings- of afhaalfooie wanneer die kilometerlimiet van die motorhuurmaatskappy oorskry word;

(b) die koste vir enige ekstra verklaarde bestuurders;

(c) eenrigting-aflaaifooie;

(d) motorhuurdeposito;

(e) verkeersboetes;

(f) administrasiekostes vir verkeersboetes;

(g) administrasiefooie van ongelukke;

(h) die breek van windskerms of vensters;

(i) enige bybetaling van toepassing op enige polis wat die gehuurde motor dek, behalwe die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word vir "Verskil in bybetaling van 'n gehuurde motor";

(j) water- en onderstelskade;

(k) koste wat met die gebruik van die gehuurde motor verband hou;

(l) die verskil in koste tussen die motorhuurgroep wat jy gekies het en 'n duurder motorhuurgroep.

**Hierdie dekking is onderhewig aan die volgende voorwaardes:**

(a) Jy moet 'n geldige kredietkaart hê wat in jou naam uitgereik is om die motorhuurmaatskappy te betaal vir enige kostes wat ons nie dek nie. Dit is jou verantwoordelikheid om uit te vind wat hierdie kostes is wanneer jy die gehuurde motor in ontvangs neem.

(b) Ons sal vir jou slegs motorhuur in die Republiek van Suid-Afrika fasiliteer. As jy 'n gehuurde motor in enige van die ander lande nodig kry, mag jy 'n motor by 'n erkende motorhuurmaatskappy in hierdie lande huur. Jy moet daarvoor betaal en aan ons 'n afskrif van die faktuur stuur. Ons sal jou vergoed wanneer ons die faktuur ontvang. Ons sal nie meer betaal as die bedrag wat per dag betaalbaar sou gewees het indien ons die motorhuur in die Republiek van Suid-Afrika gefasiliteer het nie.

Indien jou polisopsomming aandui dat jy 'n daaglikse vergoedingsperk ontvang, sal ons die huur van 'n voertuig dek, as jou voertuig onbruikbaar is of herstel word na 'n eis wat ons onder hierdie afdeling van die polis aanvaar het.

Ons sal jou eers vergoed nadat ons volledige inligting oor die verlies of skade ontvang het.

Indien die verlies of skade in die Republiek van Suid-Afrika plaasgevind het, sal ons jou vergoed na 'n eis wat ons onder hierdie afdeling van die polis aanvaar het.

Indien die verlies of skade buite die Republiek van Suid-Afrika plaasgevind het, moet jy vir die voertuighuur betaal en aan ons 'n afskrif van die faktuur stuur. Ons sal jou vergoed sodra ons die faktuur ontvang.

Ons vergoeding vir voertuighuur is beperk tot die daaglikse vergoedingsperk wat in jou polisopsomming genoem word. Ons sal jou nie vergoed vir langer as die aantal dae wat in jou polisopsomming genoem word nie.

**Hierdie dekking sal eindig op die eerste van die volgende datums:**

(a) die datum waarop die voertuig tot jou bevrediging herstel is nadat ons die herstel gemagtig het;

(b) die datum waarop ons jou eis deur 'n kontantbetaling skik;

(c) die datum waarop ons jou voertuig vervang.

## 4X4 en veldry dekking (indien van toepassing)

Die volgende dekking is van toepassing op jou 4x4- of veldry voertuig soos in jou polisopsomming genoem.

### 4X4 Voertuighuur

Ons dek die huur van 'n voertuig as jou voertuig onbruikbaar is of herstel word na 'n eis wat ons onder hierdie afdeling van die polis aanvaar het.

Ons sal jou eers vergoed nadat ons volledige inligting oor die verlies of skade ontvang het.

Indien die verlies of skade in die Republiek van Suid-Afrika plaasgevind het, sal ons jou vergoed na 'n eis wat ons onder hierdie afdeling van die polis aanvaar het.

Indien die verlies of skade buite die Republiek van Suid-Afrika plaasgevind het, moet jy vir die voertuighuur betaal en aan ons 'n afskrif van die faktuur stuur. Ons sal jou vergoed sodra ons die faktuur ontvang.

Ons vergoeding vir voertuighuur is beperk tot die daaglikse vergoedingsperk wat in jou polisopsomming genoem word.

Ons sal jou nie vergoed vir langer as die aantal dae wat in jou polisopsomming genoem word nie. Die voertuighuur sal eindig op die eerste van die volgende datums:

(a) die datum waarop die voertuig tot jou bevrediging herstel is nadat ons die herstel gemagtig het;

(b) die datum waarop ons jou eis deur 'n kontantbetaling skik;

(c) die datum waarop ons jou voertuig vervang.

### Noodherstelwerk vir 4X4 en veldry dekking

Ons dek noodherstelwerk sodat jy jou reis kan voortsit as jy 'n geldige eis vir jou voertuig onder hierdie afdeling het. Jy mag hierdie noodherstelwerk laat doen sonder om eers ons toestemming te verkry. Die hersteller moet vir jou 'n volledige, gedetailleerde faktuur gee, wat jy aan ons moet stuur.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

## Insleepkoste en beskerming na meganiese onklaarraking vir 4X4 en veldry dekking

Ons dek die redelike koste om jou voertuig te beskerm en te verwyder as dit meganies of elektries onklaar raak. Hierdie dekking geld slegs een maal gedurende enige hernuwingsperiode.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

Hierdie is die enigste dekking onder hierdie afdeling, waar ons jou sal vergoed vir verlies of skade wat deur meganiese- of elektriese onklaarraking veroorsaak is.

'n Eis onder hierdie dekking sal nie jou geeneisbonus beïnvloed nie.

## Sleutels van jou voertuig vir 4X4 en veldry dekking

Ons dek verlies van of skade aan sleutels (insluitende die gepaardgaande slotte wat as gevolg van die verlies of skade vervang moet word), slotte, toegangskaarte en afstandbeheerkontroles wat vir jou voertuig gebruik word en indien nodig, die herprogrammering van enige gekodeerde sekuriteitstelsel van jou voertuig. Ons vergoeding sluit die redelike koste in wat jy aangaan om in 'n noodgeval as gevolg van bostaande verlies of skade 'n slotmaker te ontbied.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word. Dekking vir sleutels van jou eiendom is wêreldwyd.

'n Eis onder hierdie dekking sal nie jou geeneisbonus beïnvloed nie.

## Nooduitgawes van passasiers vir 4X4 en veldry dekking (jou gesin)

Ons dek nooduitgawes van passasiers nadat hulle liggaamlike beserings opgedoen het terwyl hulle in jou voertuig gereis het en jou voertuig in 'n ongeluk of kaping betrokke was.

Hierdie dekking is onderhewig aan die volgende voorwaardes:

(a) die passasier is 'n lid van jou gesin wat normaalweg by jou woon;

(b) ten tye van die besering moet jou gesinslid in die permanent omslote passasierskajuit van jou voertuig sit;

(c) jy het die nooduitgawes aangegaan en daarvoor betaal;

(d) daar is geen vergoeding betaalbaar deur 'n ander versekeringspolis of fasiliteit nie.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

## Nooduitgawes van passasiers vir 4X4 en veldry dekking

Ons dek nooduitgawes van passasiers nadat hulle liggaamlike beserings opgedoen terwyl hulle in jou voertuig gereis het en jou voertuig in 'n ongeluk of kaping betrokke was.

Hierdie dekking is onderhewig aan die volgende voorwaardes:

(a) ten tye van die besering moet die passasier in die permanent omslote passasierskajuit van jou voertuig sit;

(b) die passasier is nie 'n lid van jou gesin wat normaalweg by jou woon nie;

(c) jy het die nooduitgawes aangegaan en daarvoor betaal;

(d) daar is geen vergoeding betaalbaar deur 'n ander versekeringspolis of fasiliteit nie.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

## Noodverblyf vir 4X4 en veldry dekking

Ons dek noodverblyf vir jou en jou passasiers vir tot twee nagte as jy nie jou reis kan voltooi nie, omdat jou voertuig verlore of beskadig is.

Hierdie dekking sal nie geld as jy vir insleepkoste en beveiliging na meganiese onklaarraking van jou voertuig eis nie.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

## Traumabehandeling vir 4X4 en veldry dekking

Ons dek die uitgawes vir traumabehandeling wat nodig was as gevolg van, wat neerkom op 'n gestremdheidsgebeurtenis, wat 'n direkte gevolg is van 'n ongeluk, kaping of poging tot kaping van jou voertuig of 'n voertuig wat nie in jou polisopsomming genoem word nie.

Hierdie dekking is onderhewig aan die volgende voorwaardes:

(a) die traumabehandeling moet deur 'n geregistreerde, professionele berader gegee word;

(b) jy het die uitgawes aangegaan en daarvoor betaal;

(c) daar is geen vergoeding betaalbaar deur 'n ander versekeringspolis of fasiliteit nie.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word. 'n Eis onder hierdie dekking sal nie jou geeneisbonus beïnvloed nie.

### Wenastoerusting vir 4X4 en veldry dekking

Ons dek enige skielike en onvoorsiene meganiese of elektriese onklaarraking, weiering of brekasie van jou voertuig se wenastoerusting. Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

Ons dek egter nie onklaarraking, weiering of brekasie:

(a) wat verband hou met gebrekkige ontwerp, defektiewe onderdele, gebrekkige herstelwerk of werking van die wenastoerusting bo die gestipuleerde vlakke wat deur die vervaardiger of verskaffer aanbeveel word nie;

(b) wat deur slytasie of geleidelike agteruitgang van die toerusting se verbruikbare onderdele of komponente of kabel of koppelingtoestelle veroorsaak is nie.

'n Eis onder hierdie dekking sal nie jou geeneisbonus beïnvloed nie.

### Persoonlike dokumente

Ons dek verlies van of skade aan persoonlike dokumente.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word. 'n Eis onder hierdie dekking sal nie jou geeneisbonus beïnvloed nie.

### Kop-, agter- of kolligte vir 4X4 en veldry dekking

Ons dek die koste van vervanging van enige kop-, agter- of gemonteerde kolligte wat toevallig beskadig is, selfs al is daar geen ander skade aan jou voertuig nie.

'n Eis onder hierdie dekking sal nie jou geeneisbonus beïnvloed nie.

## Klassieke voertuig dekking (indien van toepassing)

Die volgende dekking is van toepassing op jou klassieke voertuig soos in jou polisopsomming genoem.

### Ingevoerde onderdele

Ons dek die invoerkoste van 'n onderdeel, indien jou voertuig as gevolg van 'n ongeluk beskadig is en 'n onderdeel wat nodig is om dit te herstel is, nie geredelik beskikbaar is in die Republiek van Suid-Afrika nie.

Ons vergoeding per gebeurtenis is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

Ons dek egter nie enige ekstra uitgawes wat jy moet betaal omdat die onderdeel nie geredelik beskikbaar is nie.

### Tydelik verwyderde onderdele

Ons dek verlies van of skade aan onderdele wat tydelik vanaf of vanuit jou voertuig verwyder is.

Hierdie dekking is onderhewig aan die volgende voorwaardes:

(a) die parte is verwyder vir diens of herstel;

(b) die parte is onder jou sorg of beheer of by 'n goedgekeurde hersteller; en

(c) die parte is in 'n motorhuis of herstelfasiliteit toegesluit.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

**Die volgende voorwaardes kan van toepassing wees:**

### Voertuig: Afstand

Dit is 'n voorwaarde van hierdie polis dat die afstand wat jou voertuig per jaar mag reis, beperk is tot die afstand wat in jou polisopsomming genoem word. Hierdie afstand word bereken vanaf die begindatum van jou polis tot die hernuwingsdatum, en elke tydperk van versekering daarna.

Ons sal nie enige verlies van of skade aan jou voertuig dek as jy meer as die afstand soos in jou polisopsomming genoem, per jaar reis nie.

### Voertuig: Brandblusser

Dit is 'n voorwaarde van hierdie polis dat 'n brandblusser in jou voertuig aangebring moet word.

As jy nie aan hierdie voorwaarde voldoen nie, sal ons nie verlies van of skade aan jou voertuig dek wat deur brand veroorsaak is nie.

## Oproer of staking (indien van toepassing)

Ons dek verlies of skade aan jou voertuig wat deur oproer of staking veroorsaak is. Ons dek egter nie die volgende nie:

(a) verlies of skade wat in die Republiek van Suid-Afrika of Namibië plaasvind;

(b) verlies of skade wat buite die lande wat in jou polisopsomming genoem word, plaasvind;

(c) gevolglike of indirekte verlies of skade van enige aard;

(d) verlies of skade wat veroorsaak is deur konfiskasie, oproep of rekwisisie deur enige wettige outoriteit.

Hierdie dekking is onderhewig aan al die bepalings, voorwaardes en uitsonderings van jou poliskontrak.

As ons dit vereis, moet jy bewys dat die verlies of skade waarvoor jy eis, deur oproer of staking veroorsaak is.

## Toevallige skade aan bande (indien van toepassing)

Ons dek toevallige skade aan die bande wat aan jou voertuig aangebring is.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word. Ons dek egter nie die volgende nie:

(a) Enige skade aan die bande:

- as die voertuig vir 4x4 of veldry-aktiwiteite gebruik word nie;
- wat veroorsaak is deur enige veiligheidstoestel wat in die bande of voertuig gebou of daarop aangebring is nie;
- met 'n loopvlak van minder as 1mm nie;
- wat veroorsaak is deur 'n ongeluk waarin die voertuig, waaraan die bande aangebring is, betrokke was nie;
- wat veroorsaak is deur foutiewe wielbalansering of -sporing nie;
- wat versool is nie. Versoolde bande is bande wat 'n nuwe rubber sool gekry het.
- wat deur 'n waarborg, koopkontrak of diensooreenkoms van enige aard gedek word;
- wat veroorsaak is deur foutiewe vervaardiging of foutiewelik aangebring is nie;
- wat nie aan die voertuig aangebring was toe die skade plaasgevind het nie.

(b) Enige skade aan die voertuig of veiligheidstoestelle wat aan die bande aangebring is nie.

(c) Aanspreeklikheid van enige aard nie.

Hierdie dekking is onderhewig aan al die bepalings, voorwaardes en uitsonderings van jou poliskontrak. Uitsonderings (d) en (e) onder "Verlies van of skade aan jou voertuig", sal nie op hierdie dekking van toepassing wees nie.

'n Eis onder hierdie dekking sal nie jou geeneisbonus beïnvloed nie.

## Toevallige skade aan wielvellings (indien van toepassing)

Ons vergoeding vir toevallige skade aan bande sluit toevallige skade aan wielvellings in.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

'n Eis onder hierdie dekking sal nie jou geeneisbonus beïnvloed nie.

## Motorgereedskap, onderdele en reistoebehore (indien van toepassing)

Ons dek verlies van of skade aan motorgereedskap, onderdele en reistoebehore (soos sitplekoortreksels, rubber matjies, sleeptoue en sonskerms) terwyl dit in jou voertuig is.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

### Gespesifiseerde toebehore (indien van toepassing)

Ons dek verlies van of skade aan toebehore wat deel is van jou voertuig. Ons dek ook die toebehore wanneer dit tydelik uit jou voertuig verwyder word.

Besonderhede van die gespesifiseerde toebehore word in jou polisopsomming genoem.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat langs elke gespesifiseerde item in jou polisopsomming genoem word.

## Essensiële dekkings *(opskrif druk nie in poliskontrak)*

### Insleepkoste en beskerming

Ons dek die redelike koste om jou voertuig te beskerm en na die naaste hersteller te neem as jy 'n geldige eis vir jou voertuig onder hierdie afdeling het.

Hierdie dekking is beperk tot die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Lesotho, Botswana, Swaziland, Zimbabwe, Malawi en Mosambiek.

### Noodherstelwerk

Ons dek noodherstelwerk sodat jy jou reis kan voortsit as jy 'n geldige eis vir jou voertuig onder hierdie afdeling het. Jy mag hierdie noodherstelwerk laat doen sonder om eers ons toestemming te verkry. Die hersteller moet vir jou 'n volledige, gedetailleerde faktuur gee, wat jy aan ons moet stuur.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

### Aflewering na herstelwerk

Ons dek die redelike koste om jou voertuig by jou fisiese adres, soos in jou polisopsomming genoem, af te lewer nadat die herstelwerk wat ons gemagtig het, voltooi is.

### Insleepkoste en beskerming na meganiese onklaarraking

Ons dek die redelike koste om jou voertuig te beskerm en te verwyder as dit meganies of elektries onklaar raak. Hierdie dekking geld slegs een maal gedurende enige hernuwingsperiode.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

Hierdie is die enigste dekking onder hierdie afdeling, waar ons jou sal vergoed vir verlies of skade wat deur meganiese- of elektriese onklaarraking veroorsaak is.

'n Eis onder hierdie dekking sal nie jou geeneisbonus beïnvloed nie.

### Voertuigoordragdekking

Ons dek verlies van of skade aan 'n voertuig wat jy gekoop het, maar slegs vir die eerste 72 uur nadat jy daarvan besit geneem het.

Hierdie dekking is onderhewig aan die volgende voorwaardes:

(a) jy het die voertuig van 'n lid van die motorhandel gekoop;

(b) die verkoper het nie enige versekering wat die voertuig dek nie;

(c) jy het ten minste een voertuig wat vir omvattende dekking deur hierdie polis verseker word;

(d) jy voeg die voertuig vir omvattende dekking by onder hierdie polis, voordat ons jou eis sal hanteer.

As ons besluit dat dit nie ekonomies is om jou voertuig te herstel nie, sal ons vergoeding:

(a) die redelike markwaarde van jou voertuig ten tye van die verlies of skade; of

(b) die versekerde bedrag van jou voertuig soos in jou polisopsomming genoem wees, wat ookal die minste is.

### Vervanging van jou motor of ligte afleweringsvoertuig

Ons mag jou motor of ligte afleweringsvoertuig vervang met 'n soortgelyke fabrikaat en model.

Hierdie dekking is onderhewig aan die volgende voorwaardes:

(a) jy het 'n geldige eis vir jou motor of ligte afleweringsvoertuig onder hierdie afdeling; en

(b) ons besluit dit is nie ekonomies om jou motor of ligte afleweringsvoertuig te herstel nie; of

(c) jou motor of ligte afleweringsvoertuig is gesteel en nie binne 'n redelike tydperk teruggevind nie; en

(d) jou motor of ligte afleweringsvoertuig is nie meer as 24 kalendermaande oud vanaf die datum van eerste registrasie nie; en

(e) jou motor of ligte afleweringsvoertuig het minder as 60 000 kilometer afgelê; en

(f) 'n soortgelyke nuwe motor of ligte afleweringsvoertuig is op die plaaslike nuwe voertuigmark beskikbaar.

As jy verkies dat ons nie jou motor of ligte afleweringsvoertuig met 'n soortgelyke fabrikaat en model vervang nie, sal ons vergoeding beperk wees tot die versekerde bedrag van jou motor of ligte afleweringsvoertuig soos in jou polisopsomming genoem.

## Verskil in bybetaling vir 'n gehuurde voertuig

Ons dek die verskil tussen jou basiese bybetaling en die van 'n voertuig wat jy gehuur het nadat die gehuurde motor gesteel of in 'n ongeluk betrokke was.

Hierdie dekking is onderhewig aan die volgende voorwaardes:

(a) jou voertuig is omvattend verseker onder hierdie afdeling;

(b) jy het 'n geldige eis vir jou voertuig onder hierdie afdeling;

(c) jy het 'n vervangende voertuig gehuur of ons het vir jou 'n gehuurde motor gereël;

(d) jy het die versekeringsdekking wat die motorhuur maatskappy aanbied, aanvaar.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

'n Eis onder hierdie dekking sal nie jou geeneisbonus beïnvloed nie.

## Sleutels van jou voertuig

Ons dek verlies van of skade aan sleutels (insluitende die gepaardgaande slotte wat as gevolg van die verlies of skade vervang moet word), slotte, toegangskaarte en afstandbeheerkontroles wat vir jou voertuig gebruik word. Indien nodig, dek ons ook die herprogrammering van enige gekodeerde sekuriteitstelsel van jou voertuig. Ons vergoeding sluit die redelike koste in wat jy aangaan om in 'n noodgeval as gevolg van bostaande verlies of skade 'n slotmaker te ontbied.

Dekking vir sleutels van jou voertuig is wêreldwyd.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word. 'n Eis onder hierdie dekking sal nie jou geeneisbonus beïnvloed nie.

## Repatriasiekoste

Ons dek die redelike koste om jou voertuig terug te bring na die Republiek van Suid-Afrika na 'n geldige ongeluk eis onder hierdie afdeling. Die lande waarop hierdie dekking van toepassing is, word in jou polisopsomming genoem.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

## Brandbluskoste

Ons dek koste wat met die blus of bestryding van brand verband hou as die brand jou voertuig in gevaar stel en jy wetlik aanspreeklik is vir hierdie koste.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word. 'n Eis onder hierdie dekking sal nie jou geeneisbonus beïnvloed nie.

## Noodverblyf

Ons dek noodverblyf vir jou en jou passasiers vir tot twee nagte as jy nie jou reis kan voltooi nie, omdat jou voertuig verlore of beskadig is.

Hierdie dekking sal nie geld as jy vir insleepkoste en beveiliging na meganiese onklaarraking van jou voertuig eis nie.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

## Nooduitgawes van passasiers

Ons dek nooduitgawes van passasiers nadat hulle liggaamlike beserings opgedoen terwyl hulle in jou voertuig gereis het en jou voertuig in 'n ongeluk of kaping betrokke was.

Hierdie dekking is onderhewig aan die volgende voorwaardes:

(a) ten tye van die besering moet die passasier in die permanent omslote passasierskajuit van jou voertuig sit;

(b) die passasier is nie 'n lid van jou gesin wat normaalweg by jou woon nie;

(c) jy het die nooduitgawes aangegaan en daarvoor betaal;

(d) daar is geen vergoeding betaalbaar deur 'n ander versekeringspolis of fasiliteit nie.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

## Noodkostes

Ons dek koste wat jy aan enige openbare owerheid vir nooddienste moet betaal, na verlies van of skade aan jou voertuig.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

## Terugvindingskoste

Ons dek die redelike koste wat jy met ons skriftelike toestemming aangaan om jou voertuig terug te kry as dit gevind word nadat dit gesteel of gekaap is.

Hierdie dekking is slegs van toepassing as jou voertuig teen diefstal of kaping gedek is. Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

## Nooduitgawes van passasiers (jou gesin)

Ons dek nooduitgawes van passasiers nadat hulle liggaamlike beserings opgedoen het terwyl hulle in jou voertuig gereis het en jou voertuig in 'n ongeluk of kaping betrokke was.

Hierdie dekking is onderhewig aan die volgende voorwaardes:

(a) die passasier is 'n lid van jou gesin wat normaalweg by jou woon;

(b) ten tye van die besering moet jou gesinslid in die permanent omslote passasierskajuit van jou voertuig sit;

(c) jy het die nooduitgawes aangegaan en daarvoor betaal;

(d) daar is geen vergoeding betaalbaar deur 'n ander versekeringspolis of fasiliteit nie.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word. 'n Eis onder hierdie dekking sal nie jou geeneisbonus beïnvloed nie.

## Traumabehandeling

Ons dek die uitgawes vir traumabehandeling wat nodig was as gevolg van wat neerkom op 'n gestremdheidsgebeurtenis wat 'n direkte gevolg is van 'n ongeluk, kaping of poging tot kaping van jou voertuig of 'n voertuig wat nie in jou polisopsomming genoem word nie.

Hierdie dekking is onderhewig aan die volgende voorwaardes:

(a) die traumabehandeling moet deur 'n geregistreerde, professionele berader gegee word;

(b) jy het die uitgawes aangegaan en daarvoor betaal;

(c) daar is geen vergoeding betaalbaar deur 'n ander versekeringspolis of fasiliteit nie.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word. 'n Eis onder hierdie dekking sal nie jou geeneisbonus beïnvloed nie.

# Wrakverwydering

Ons dek die redelike koste van opruiming en verwydering van puin en wrakstukke van jou voertuig na 'n geldige eis vir skade aan jou voertuig.

# Motorhuur

Ons sal vir jou motorhuur reël as jou motor of bakkie onbruikbaar is of herstel word na 'n eis wat ons onder hierdie afdeling van die polis aanvaar het.

Ons sal die motorhuur eers reël nadat ons volledige inligting oor die verlies of skade ontvang het.

Ons sal nie motorhuur reël vir langer as die aantal dae wat in jou polisopsomming genoem word nie. Die motorhuur sal eindig op die eerste van die volgende datums:

(a) die datum waarop jou motor of bakkie tot jou bevrediging herstel is nadat ons die herstel gemagtig het;

(b) die datum waarop ons jou eis deur 'n kontantbetaling skik;

(c) die datum waarop ons jou motor of bakkie vervang.

**Hierdie dekking sluit die volgende in:**

(a) 'n voertuig volgens die voertuigklas soos in jou polisopsomming genoem (onderhewig aan beskikbaarheid);

(b) onbeperkte kilometers;

(c) versekeringsdekking vir motorongelukskade en motordiefstal;

(d) ekstra betaling by lughawens;

(e) toerismeheffing;

(f) aflewering of afhaal gedurende kantoorure (9:00 tot 16:00), ongeag die afstand;

(g) enige twee verklaarde bestuurders.

**Ons betaal egter nie vir die volgende nie:**

(a) aflewerings- of afhaalfooie na-ure, of oor naweke en openbare vakansiedae, ongeag die afstand;

(b) die koste vir enige ekstra verklaarde bestuurders;

(c) eenrigting-aflaaifooie;

(d) motorhuurdeposito;

(e) verkeersboetes en die administrasiekostes daarvan;

(f) administrasiefooie van ongelukke;

(g) die breek van windskerms of vensters;

(h) enige bybetaling van toepassing op enige polis wat die gehuurde motor dek, behalwe die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word vir *"Verskil in bybetaling van 'n gehuurde motor"*;

(i) water- en onderstelskade;

(j) koste wat met die gebruik van die gehuurde motor verband hou;

(k) die verskil in koste tussen die motorhuurgroep soos in jou polisopsomming genoem en 'n duurder motorhuurgroep;

**Hierdie dekking is onderhewig aan die volgende voorwaardes:**

(a) Jy moet 'n geldige kredietkaart hê wat in jou naam uitgereik is om die motorhuurmaatskappy te betaal vir enige kostes wat ons nie dek nie. Dit is jou verantwoordelikheid om uit te vind wat hierdie kostes is wanneer jy die gehuurde motor in ontvangs neem.

(b) Ons sal vir jou slegs motorhuur in die Republiek van Suid-Afrika reël. As jy 'n gehuurde motor in enige van die ander lande nodig kry, mag jy 'n motor by 'n erkende motorhuurmaatskappy in hierdie lande huur. Jy moet daarvoor betaal en aan ons 'n afskrif van die faktuur stuur. Ons sal jou vergoed wanneer ons die faktuur ontvang. Ons sal nie meer betaal as die bedrag wat per dag betaalbaar sou gewees het indien ons die motorhuur in die Republiek van Suid-Afrika gereël het nie.

# Voertuigaanspreeklikheid

**Van toepasssing op motors, ligte afleweringsvoertuie, motorfietse, woonwaens, sleepwaens en spesiale voertuie.**

**(a) Vergoedingsperk**

Ons dek bedrae waarvoor jy wetlik teenoor 'n derde party aanspreeklik is as gevolg van 'n gebeurtenis wat gebeur of ontstaan in verband met jou gebruik van jou voertuig.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word. Die vergoedingsperk sluit alle koste en uitgawes in waarvoor ons vooraf skriftelike toestemming gegee het.

**(b) Regsaanspreeklikheid teenoor derde partye**

Ons dek bedrae waarvoor jy wetlik teenoor 'n derde party aanspreeklik is as gevolg van 'n gebeurtenis wat gebeur of ontstaan in verband met die volgende:

- jou gebruik van jou voertuig;
- die gebruik van jou voertuig om enige enkele voertuig, sleepwa of woonwa te sleep;
- die op- of aflaai van vrag op of van jou voertuig.

**(c) Regsaanspreeklikheid teenoor derde partye as 'n ander persoon jou voertuig gebruik**

Ons sal enige persoon, anders as jy, vergoed vir bedrae wat enige derde party wetlik geregtig is om van hulle te eis en wat gebeur of ontstaan uit hulle gebruik van jou voertuig, insluitende die op- of aflaai van enige vrag op of van jou voertuig.

Hierdie regsaanspreeklikheids dekking is onderhewig aan die volgende voorwaardes:

- die ander persoon voldoen aan die toepaslike Bepalings en Voorwaardes van die polis;
- die ander persoon het jou voertuig met jou uitdruklike toestemming gebruik;
- die ander persoon is nie geregtig op vergoeding vir die derdeparty-eis deur enige ander versekeringspolis nie;
- die ander persoon is nie gedurende die drie jaar voor die datum van die gebeurtenis voertuigversekering of die voortsetting daarvan geweier nie.

**(d) Regsaanspreeklikheid teenoor derde partye wat ontstaan uit jou gebruik van 'n voertuig wat nie in jou polisopsomming genoem word nie**

Ons dek bedrae waarvoor jy wettig teenoor 'n derde party aanspreeklik is as gevolg van 'n gebeurtenis wat gebeur of ontstaan in verband met die volgende:

- jou gebruik van die voertuig;
- die gebruik van die voertuig om enige enkele voertuig, sleepwa of woonwa te sleep;
- die op- of aflaai van vrag op of van die voertuig wat jy gebruik.

Ons sal jou egter nie vergoed vir skade aan die voertuig wat jy gebruik nie.

Hierdie regsaanspreeklikheid dekking is onderhewig aan die volgende voorwaardes:

- jy het die voertuig bestuur;
- die voertuig wat jy gebruik is 'n motor, ligte afleweringsvoertuig, woonwa, sleepwa of motorfiets;
- jy besit nie die voertuig nie;
- jy bruikhuur nie die voertuig nie;
- jy huur nie die voertuig nie;
- jy is nie besig om die voertuig ingevolge enige kredietooreenkoms te koop nie.

**(e) Verteenwoordiging of verdediging**

Ons mag reël vir verteenwoordiging en verdediging wat die onderwerp van enige vergoeding onder hierdie afdeling is. Dit sluit in:

- verteenwoordiging by 'n geregtelike lykskouing of nadoodse ondersoek;
- die verdediging van 'n aksie wat die oorsaak is van of verband hou met 'n gebeurtenis.

## Passasiersaanspreeklikheid vir motors of bakkies

Ons dek bedrae waarvoor jy regtens aanspreeklik is as gevolg van toevallige dood of besering, liggaamlike besering en emosionele skok of trauma van 'n persoon wat ten tye van die gebeurtenis as 'n passasier in jou voertuig vervoer is.

Hierdie dekking is van toepassing op lande soos omskryf in hierdie polis, uitgesonderd die Republiek van Suid-Afrika.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

## Passasiersaanspreeklikheid vir motorfietse

Ons dek bedrae waarvoor jy regtens aanspreeklik is as gevolg van toevallige dood of besering, liggaamlike besering en emosionele skok of trauma van 'n persoon wat ten tye van die gebeurtenis as 'n passasier in jou voertuig vervoer is.

Hierdie dekking is van toepassing op lande soos omskryf in hierdie polis, uitgesonderd die Republiek van Suid-Afrika.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

## Passasiersaanspreeklikheid vir spesiale voertuie

Ons dek bedrae waarvoor jy regtens aanspreeklik is as gevolg van toevallige dood of besering, liggaamlike besering en emosionele skok of trauma van 'n persoon wat ten tye van die gebeurtenis as 'n passasier in jou voertuig vervoer is.

Hierdie dekking is van toepassing op lande soos omskryf in hierdie polis, uitgesonderd die Republiek van Suid-Afrika.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

## Passasiersaanspreeklikheid in of op die laaibak van ligte afleweringsvoertuie

Ons dek bedrae waarvoor jy regtens aanspreeklik is as gevolg van toevallige dood of besering, liggaamlike besering en emosionele skok of trauma van 'n persoon wat ten tye van die gebeurtenis as 'n passasier in jou voertuig vervoer is.

Hierdie dekking is van toepassing op lande soos omskryf in hierdie polis, uitgesonderd die Republiek van Suid-Afrika.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

# Voertuig voorwaardes

Bykomende voorwaardes kan van toepassing wees op 'n spesifieke voertuig as deel van onderskrywingsmaatreels, soos genoem in die polisopsomming.

Voorbeelde van voorwaardes word hieronder gelys:

## Voertuig: Opsporingtoestel

Dit is 'n voorwaarde van hierdie polis dat 'n opsporingtoestel in of op jou voertuig aangebring moet wees. Die opsporingtoestel moet aan die volgende voorwaardes voldoen:

(a) jy en die verskaffer van die opsporingtoestel moet 'n regsgeldige kontrak sluit, die kontrak moet van krag wees en die maandelikse fooi ten volle betaal wees ten tye van diefstal, kaping of poging tot diefstal of kaping;

(b) die opsporingtoestel moet ten tye van diefstal, kaping of poging tot diefstal of kaping geaktiveer en in werking wees;

(c) die diefstal of kaping moet dadelik aan die verskaffer van die vereiste opsporingtoestel gerapporteer word;

(d) die opsporingtoestel is óf selftoetsend óf jy het gereël dat dit ten minste elke ses maande getoets word.

As jy nie aan hierdie voorwaarde voldoen nie, sal ons nie verlies van of skade aan jou voertuig dek wat deur diefstal of kaping veroorsaak is nie.

## Voertuig: Golfkarretjie

As jou voertuig in jou polisopsomming as 'n "Golfkarretjie" genoem word en die bestuurder het nie 'n geldige bestuurderslisensie nie, sal ons verlies van of skade aan jou voertuig dek, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

(a) die bestuurder moet 16 jaar of ouer wees; en

(b) die voertuig word nie op 'n openbare pad gebruik nie.

## Voertuig: Gemotoriseerde grassnyer, inkopiekarretjie of vierwiel motorfiets

As jou voertuig in jou polisopsomming as 'n "Gemotoriseerde grassnyer", "Inkopiekarretjie" of "Vierwiel motorfiets" genoem word en die bestuurder het nie 'n geldige bestuurderslisensie nie, sal ons verlies van of skade aan jou voertuig dek, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

(a) die bestuurder moet 16 jaar of ouer wees; en

(b) die voertuig word nie op 'n openbare pad gebruik nie.

# Bepalings en voorwaardes

## Gebruiksklas: Privaat

As die gebruik van jou voertuig in jou polisopsomming as "Privaat" genoem word, mag dit vir sosiale-, huishoudelike- en plesierdoeleindes gebruik word.

Jou voertuig mag ook vir jou beroep en ritte tussen jou plek van verblyf en jou permanente werksplek gebruik word.

Dit mag ook, maar slegs in uitsonderlike gevalle, vir besigheids-, handels-en beroepsdoeleindes gebruik word.

As jy egter jou voertuig gereeld vir besigheid, handel of jou beroep gebruik, byvoorbeeld een of twee maal elke week, sal dit nie onder die Privaat gebruiksklas gedek wees nie.

## Gebruiksklas: Besigheid

As die gebruik van jou voertuig in jou polisopsomming as "Besigheid" genoem word, mag dit vir sosiale-, huishoudelike-, plesier-, besigheids-, handels- en beroepsdoeleindes gebruik word.

## Gebruiksklas: Boerdery

As die gebruik van jou voertuig in jou polisopsomming as "Boerdery" genoem word, mag dit vir sosiale-, huishoudelike-, plesier- en boerderydoeleindes gebruik word.

## Onverkrygbare onderdele

As 'n onderdeel wat na verlies of skade plaasgevind het nodig is om jou voertuig te herstel, nie as 'n standaard- (pasklaar-) onderdeel in die Republiek van Suid-Afrika beskikbaar is nie, sal ons 'n bedrag betaal gelykstaande aan die waarde van die onderdeel ten tye van die gebeurtenis.

Die waarde van die onderdeel sal bepaal word volgens die prys wat in die mees onlangse katalogus of pryslys vir jou voertuig gegee word.

Jou voertuig moet die onderwerp van 'n geldige eis wees. Die bedrag sluit die redelike koste in om die onderdeel te vervoer (behalwe lugvervoer).

## Belange van 'n titelhouer

As 'n geldige eis ontstaan en ons word in kennis gestel dat jou voertuig die onderwerp van 'n kredietooreenkoms is, soos omskryf in die Nasionale Kredietwet, 2005 (Wet 34 van 2005), gee jy toestemming dat ons die titelhouer wat in die ooreenkoms aangedui word, betaal tot hoogstens die uitstaande bedrag, beperk tot die versekerde bedrag van jou voertuig soos in jou polisopsomming genoem.

As die uitstaande bedrag minder is as die versekerde bedrag van jou voertuig, soos in jou polisopsomming genoem, sal ons die verskil aan jou betaal.

## Geeneisbonus (GEB)

'n Geeneisbonus is op hierdie afdeling van jou polis van toepassing.

As jy gedurende enige hernuwingsperiode van hierdie polis geen eise ingestel het nie, kan jy 'n korting op jou premie volgens ons premieskaal verdien.

As ons egter enige aantal eise skik, sal ons jou premie volgens ons premieskaal aanpas.

# Hierdie afdeling dek nie die volgende nie

## Gebruik van jou voertuig

Nieteenstaande die gebruiksklas wat in jou polisopsomming genoem word, dek ons nie jou voertuig teen verlies, skade of aanspreeklikheid as dit vir enige van die volgende gebruike aangewend word nie:

(a) verhuring;

(b) vervoer van passasiers wat huurgeld of reisgeld betaal (behalwe as 'n voertuig gedeel word om brandstof te bespaar);

(c) bestuurslesse teen betaling;

(d) die sleep van 'n ander voertuig teen vergoeding;

(e) wedrenne enige plek;

(f) op 'n resiesbaan, renbaan of toetsbaan;

(g) snelheidstoetse en spoedtoetse op enige plek;

(h) tydrenne of kompetisies waarin tyd 'n faktor is;

(i) die vervoer van plofstowwe, gevaarlike stowwe/materiale wat toestemming of permitte van owerhede benodig;

(j) die vervoer van meer passasiers of gewig as waarvoor jou voertuig gelisensieer of ontwerp is om te dra;as jou voertuig 'n woonwa of sleepwa is, die gebruik daarvan vir besigheid, handel of beroep of die vervoer van passasiers;

(k) as jou voertuig 'n woonwa of sleepwa is, die gebruik daarvan vir besigheid, handel of beroep of die vervoer van passasiers;

(l) as jou voertuig aangewend word vir enige gebruik wat nie in die gebruiksklas vir die spesifieke voertuig genoem word nie.

## Verlies van of skade aan jou voertuig

Ons dek nie die volgende nie (tensy spesifiek ingesluit in jou polisopsomming):

(a) meganiese, elektriese of elektroniese onklaarraking, weiering of brekasie, asook enige gevolglike verlies van of skade aan enige ander meganiese, elektriese of elektroniese komponente wat voortspruit uit genoemde onklaarraking, weiering of  brekasie;

(b) waardevermindering, hetsy as gevolg van herstelwerk of andersins;

(c) geleidelike skade (soos slytasie, roes, muf, korrosie en verrotting);

(d) skade aan bande wat deur die aanwending van remme of gaatjies veroorsaak is;

(e) snye aan of barste van die bande wat deur padgevare veroorsaak is;

(f) skade aan die veerstelsel as gevolg van ongelyke paaie of ander oppervlaktes of as gevolg van botsing met sulke ongelykhede nie;

(g) verlies of skade wat ontstaan uit of wat verband hou met enige ruiltransaksie, kontant- of kredietverkoop transaksie, insluitende diefstal deur middel van valse voorwendsel en bedrog;

(h) verlies van of skade aan jou voertuig terwyl dit buite die lande is;

(i) verlies van of skade aan jou voertuig terwyl dit in die besit, bewaring of beheer van 'n lid van die motorhandel is, behalwe vir instandhoudings- of hersteldoeleindes.

## Voertuigaanspreeklikheid

Ons dek nie die volgende nie (tensy spesifiek ingesluit in jou polisopsomming):

(a) Die bedrag van enige vergoeding wat ingevolge enige verpligte motorversekeringswetgewing betaalbaar is. Hierdie uitsluiting is van toepassing, ongeag of die toepaslike wetgewing nie in staat is, of nie die vermoë het om vergoeding te kan betaal nie.

(b) Jou regsaanspreeklikheid wat ontstaan uit:

- die gebruik van gereedskap of toerusting (insluitende enige masjinerie) wat aan jou voertuig vas is;
- dood, liggaamlike besering en emosionele skok of trauma van enige persoon in die Republiek van Suid-Afrika;

- skade aan eiendom wat aan jou behoort of deur jou in trust gehou word of wat onder jou toesig of beheer is;
- skade aan eiendom wat deur jou voertuig of 'n voertuig wat nie in jou polisopsomming genoem word nie vervoer word, of daarop of daarvan afgelaai word.

(c) Regskostes en -uitgawes aangegaan na die datum waarop ons die volle bedrag van 'n eis, of 'n mindere bedrag waarvoor die eis geskik kan word, of die maksimum bedrag waarvoor ons vir 'n eis aanspreeklik is, betaal het of aangebied het om dit te betaal.

(d) die regsaanspreekliheid van die gereelde bestuurder, indien die gereelde bestuurder 'n voertuig gebruik wat nie in jou polisopsomming genoem is nie. Hierdie uitsondering is nie van toepassing op die polishouer (wie se naam in die polisopsomming genoem word), die gade van die polishouer of enige ander lid van die polishouer of gade se familie, wat normaalweg by die polishouer woon nie.

## Verlies van of skade aan jou voertuig of 'n voertuig wat nie in jou polisopsomming genoem word nie, sowel as voertuigaanspreeklikheid

Ons dek nie verlies van of skade aan jou voertuig, 'n voertuig wat nie in jou polisopsomming genoem word nie of aanspreeklikheid opgedoen:

(a) as jy jou voertuig, of 'n voertuig wat nie in jou polisopsomming genoem word nie, gebruik terwyl jy onder die invloed van bedwelmende medikasie, drank of dwelmmiddels is, of jou bloed- of asem alkohol-konsentrasie die wetlike perk oorskry;

(b) as enige ander persoon jou voertuig met jou uitdruklike of stilswyende toestemming gebruik, en daardie persoon volgens jou wete onder die invloed van bedwelmende medikasie, drank of dwelmmiddels is of die persoon se bloed- of asem alkohol-konsentrasie oorskry die wetlike perk;

(c) as jy jou voertuig, of 'n voertuig wat nie in jou polisopsomming genoem word nie, gebruik en jy het nie 'n rybewys om die voertuig te bestuur nie, ongeag waar die voertuig bestuur word;

(d) as enige persoon jou voertuig met jou uitdruklike of stilswyende goedkeuring gebruik en die persoon het nie 'n rybewys om die voertuig te bestuur nie, ongeag waar die voertuig bestuur word;

(e) as die soort bestuurder in jou polisopsomming as "Benoemde Bestuurder" genoem word en jou voertuig word ten tye van die verlies of skade bestuur deur enige persoon wat nie in jou polisopsomming as een van die benoemde bestuurders genoem is nie;

(f) wat direk voortspruit uit die onpadwaardigheid van jou voertuig of 'n voertuig wat nie in jou polisopsomming genoem word nie.

# WATERVAARTUIE

## Omskrywings

**Ons het woorde met besondere betekenisse vir elke afdeling omskryf. In hierdie afdeling beteken die woorde hieronder die volgende:**

***Binneboordmotor*** beteken 'n motor wat aan die binnekant van die romp van 'n watervaartuig vasgeheg is. 'n Binneboordmotor vorm deel van jou watervaartuig.

***Buiteboordmotor*** beteken 'n motor wat aan die buitekant van die romp van 'n watervaartuig vasgeheg is. Die buiteboordmotors wat aan jou watervaartuig vasgeheg is, is slegs gedek as dit in jou polisopsomming genoem word.

***Gestremdheidsgebeurtenis*** beteken 'n gebeurtenis wat lei tot:

(a) die verlies van 'n ledemaat of sintuig, of die gebruik daarvan deur 'n persoon; of

(b) 'n Persoon wat liggaamlik of verstandelik so gestremd raak, hetsy geheel of gedeeltelik, of tydelik of permanent, dat die persoon nie die funksies kan verrig wat nodig is vir normale lewensaktiwiteite nie.

***Jetski*** beteken 'n klein selfaangedrewe watervaartuig vir een persoon. Die vaartuig lyk soos 'n motorfiets, wat gly oor die water op 'n plat kiel, gestuur word deur middel van handvatsels, met straalaandrywing.

***Jou watervaartuig*** beteken die romp wat nie langer as agt meter is nie, binneboordmotors, roer, skroef, skuttings, vasmeertoue en -kettings, seile, rondhoute, maste, takelwerk en vaste uitrusting, toebehore, batterye, opgestelde takelwerk, beskermende oortreksels en toerusting van enige watervaartuig wat jou polisopsomming genoem word.

***Jy/jou*** beteken die naam van die polishouer wat in jou polisopsomming genoem word, en jou gade.

***Kajak*** beteken 'n boot waar die roeier vorentoe kyk, met bene vorentoe sit en met behulp van 'n dubbellem spaan roei.

***Kanoe*** beteken 'n smal, kiel-lose boot aan weerskante gepunt, wat deur 'n roeispaan of roeispane aangedryf word.

***Lande*** beteken die Republiek van Suid-Afrika en Namibië en tot 20 kilometer vanaf die kuslyn van hierdie lande.

***Motorboot*** beteken 'n boot aangedryf deur 'n enjin of ander motor, wat 'n binne- of buiteboordmotor kan wees.

***Roeibootjie*** beteken 'n klein bootjie wat deur roeispane aangedryf word.

***Seewaardig*** beteken 'n watervaartuig wat veilig op water gebruik kan word.

***Seilboot*** beteken 'n klein vaartuig wat gedeeltelik of ten volle deur 'n seil aangedryf word.

***Watermotorfiets*** beteken 'n klein watervaartuig vir een persoon, wat gly oor water op twee ski's wat optree as 'n skeertuig.

***Watervaartuig*** beteken 'n boot of ander vaartuig wat op water vaar.

**Die dekking hieronder is van toepassing op al die watervaartuie wat in jou polisopsomming genoem word**

## Voorbereidingskoste van watervaartuig eise

Ons sal jou vergoed vir kostes wat jy aangaan om besonderhede te verskaf en te sertifiseer wat ons vereis sodat ons ʼn eis wat jy onder hierdie afdeling van jou polis mag hê, kan hanteer.

Hierdie vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

## Watervaartuigsleutels

Ons dek verlies van of skade aan sleutels (insluitende die gepaardgaande slotte wat as gevolg van die verlies of skade vervang moet word), slotte, toegangskaarte en afstandbeheerkontroles wat vir jou watervaartuig gebruik word en indien nodig, die herprogrammering van enige gekodeerde sekuriteitstelsel van jou watervaartuig. Ons vergoeding sluit die redelike koste in wat jy aangaan om in ʼn noodgeval as gevolg van bostaande verlies of skade ʼn slotmaker te ontbied.

Dekking vir sleutels van jou watervaartuie is wêreldwyd.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

## Watervaartuigaanspreeklikheid

**(a) Vergoedingsperk**

Ons sal jou vergoed vir bedrae waarvoor jy wetlik teenoor 'n derde party aanspreeklik is as gevolg van 'n gebeurtenis wat gebeur of ontstaan in verband met jou gebruik van jou watervaartuig. Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

Die vergoedingsperk sluit alle koste en uitgawes in waarvoor ons vooraf skriftelike toestemming gegee het.

**(b) Regsaanspreeklikheid teenoor derde partye**

Ons sal jou vergoed vir bedrae waarvoor jy wetlik teenoor 'n derde party aanspreeklik is as gevolg van 'n gebeurtenis wat gebeur of ontstaan in verband met die volgende:

– jou gebruik van jou watervaartuig;

– die gebruik van jou watervaartuig om enige gestrande watervaartuig te sleep.

**(c) Regsaanspreeklikheid teenoor derde partye as 'n ander persoon jou watervaartuig gebruik**

Ons sal enige persoon, anders as jy, vergoed vir bedrae wat enige derde party wetlik geregtig is om van hulle te eis en wat gebeur of ontstaan uit hulle gebruik van jou watervaartuig.

Hierdie regsaanspreeklikheid dekking is onderhewig aan die volgende voorwaardes:

– die ander persoon voldoen aan die toepaslike Bepalings en Voorwaardes van die polis;

– die ander persoon het jou watervaartuig met jou uitdruklike toestemming gebruik;

– die ander persoon is nie geregtig op vergoeding vir die derdeparty-eis deur enige ander versekeringspolis nie;

– die ander persoon is nie gedurende die drie jaar voor die datum van die gebeurtenis watervaartuig versekering of die voortsetting daarvan geweier nie.

## Aanspreeklikheid van water- of valskermskiërs

Ons sal jou vergoed vir bedrae waarvoor jy aanspreeklik is wat 'n water- of valskermskiër as vergoeding moet betaal weens 'n gebeurtenis wat plaasvind of ontstaan terwyl die water- of valskermskiër gesleep word deur jou watervaartuig.

Ons is egter nie aanspreeklik:

(a) as die water- of valskermskiër op skadeloosstelling onder 'n ander polis geregtig is nie;

(b) vir toevallige dood van of liggaamlike besering aan of siekte van 'n persoon wat 'n lid van die water- of valskermskiër se huishouding of gesin is of 'n persoon in diens van die water- of valskermskiër indien die dood, liggaamlike besering of siekte ontstaan uit of in die verloop van die diens nie;

(c) vir toevallige fisieke verlies van of skade aan eiendom wat behoort aan of in trust gehou word deur of onder toesig of beheer is van of in bewaring is van die water- of valskermskiër of enige lid van die water- of valskermskiër se huishouding of gesin of enige persoon in die water- of valskermskiër se diens nie;

(d) indien die water- of valskermskiër nie die Bepalings en Voorwaardes van hierdie polis nakom nie.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

## Verteenwoordiging of verdediging

Ons mag reël vir verteenwoordiging of verdediging wat die onderwerp van vergoeding onder hierdie afdeling is. Dit sluit in:

(a) verteenwoordiging by 'n geregtelike lykskouing of nadoodse ondersoek;

(b) die verdediging van 'n aksie wat die oorsaak is van of verband hou met 'n gebeurtenis.

# Watervaartuig dekking

Ons dek verlies van of skade aan jou versekerde watervaartuig. Ons vergoedingsperk vir elke watervaartuig is beperk tot die bedrag soos in jou polisopsomming genoem. Besonderhede van jou watervaartuig word in jou polisopsomming genoem.

# Opsionele dekking *(opskrif druk nie in poliskontrak)*

## Dekking vir krediettekort (sonder reswaarde) – indien van toepassing

Ons dek die verskil tussen die waarde van jou watervaartuig soos in jou polisopsomming genoem en die uitstaande skikkingsbedrag ingevolge ʼn kredietooreenkoms wat jy aangegaan het.

Ons sal hierdie verskil slegs betaal as ons ʼn eis vir jou watervaartuig aanvaar wat:

(a) na ons mening na verlies of skade nie ekonomies herstelbaar is nie; of

(b) gesteel is en nie binne ʼn redelike tydperk teruggevind word nie.

Die kredietooreenkoms wat jy aangaan moet onder die omskrywing van kredietooreenkoms val soos dit in die Nasionale Kredietwet (Wet 34 van 2005) uiteengesit word.

Ons vergoeding is beperk tot enige bedrag wat nog op jou kredietooreenkoms uitstaande is, minus:

(a) enige agterstallige paaiemente of huurgeld, insluitende rente betaalbaar op agterstallige betalings;

(b) alle premieterugbetalings vir die kansellasie van versekeringsdekking wat met jou watervaartuig verband hou;

(c) die verhoogde paaiemente of huurgeld wat betaal sou gewees het as daar geen kapitale reswaarde aan die einde van die finansieringstydperk was nie, bereken tot die maand waarin die eis geskik word. Dit is van toepassing as jy gereël het om aanvanklik laer paaiemente te betaal en ʼn hoër paaiement later. In hierdie geval sal ons jou nie vergoed vir die uitstaande bedrag wat jy skuld nie. Ons sal jou slegs vergoed vir die bedrag wat jy nog sou geskuld het as jy gereël het om die lening in gelyke paaiemente oor die termyn van die lening terug te betaal.

## Dekking vir krediettekort (met reswaarde) – indien van toepassing

Ons dek die verskil tussen die waarde van jou watervaartuig soos in jou polisopsomming genoem en die uitstaande skikkingsbedrag ingevolge ʼn kredietooreenkoms wat jy aangegaan het.

Ons sal hierdie verskil slegs betaal as ons ʼn eis vir jou watervaartuig aanvaar wat:

(a) na ons mening na verlies of skade nie ekonomies herstelbaar is nie; of

(b) gesteel is en nie binne ʼn redelike tydperk teruggevind word nie.

Die kredietooreenkoms wat jy aangaan moet onder die omskrywing van kredietooreenkoms val soos dit in die Nasionale Kredietwet (Wet 34 van 2005) uiteengesit word.

Ons vergoeding is beperk tot enige bedrag wat nog op jou kredietooreenkoms uitstaande is, minus:

(a) enige agterstallige paaiemente of huurgeld, insluitende rente betaalbaar op agterstallige betalings;

(b) alle premieterugbetalings vir die kansellasie van versekeringsdekking wat met jou watervaartuig verband hou.

Die persentasie van die reswaarde word in jou polisopsomming genoem.

## Uitgebreide lande (indien van toepassing)

Ons dek ook verlies of skade van jou watervaartuig in die uitgebreide lande. Die lande word in jou polisopsomming genoem.

Hierdie dekking is onderhewig aan die volgende voorwaardes:

(a) as jou watervaartuig toevallig beskadig is en ons het aanspreeklikheid vir die skade erken, sal ons nie die herstel van die skade magtig voordat jy jou watervaartuig suksesvol na die Republiek van Suid-Afrika teruggebring het nie;

(b) indien dit onekonomies is om jou watervaartuig te herstel en jy bring nie jou watervaartuig na die Republiek van Suid-Afrika terug nie, rus die onus op jou om hierdie feit op enige manier wat vir ons aanvaarbaar is, te bewys voordat ons jou eis sal aanvaar. Ons sal die waarde van die wrak teen 20% van die versekerde bedrag van jou watervaartuig soos in jou polisopsomming genoem, bepaal. Ons sal dan hierdie bedrag aftrek van die bedrag van ʼn skikking aan jou.

## Repatriasiekoste vanaf uitgebreide lande

Ons dek die redelike koste om jou watervaartuig na die Republiek van Suid-Afrika terug te bring, indien dit as gevolg van ʼn ongeluk in enige van die uitgebreide lande beskadig is en jy het ʼn geldige eis onder hierdie afdeling.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

## Buiteboordmotors (indien van toepassing)

Ons dek verlies van of skade aan jou buiteboordmotors wat in jou polisopsomming genoem word.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

## Gespesifiseerde toebehore (indien van toepassing)

Ons dek verlies van of skade aan toebehore wat deel is van jou watervaartuig en wat in jou polisopsomming beskryf word. Ons dek ook die toebehore terwyl dit tydelik van jou watervaartuig verwyder word.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat langs elke gespesifiseerde item in jou polisopsomming genoem word.

## Sleepwa van jou watervaartuig (indien van toepassing)

Ons dek verlies van of skade aan die sleepwa van jou watervaartuig soos in jou polisopsomming genoem.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

# **Essensiele dekkings** *(opskrif druk nie in poliskontrak)*

## Inspeksie van die romp nadat jou watervaartuig gestrand, gesink of gebots het

Ons dek die redelike koste wat jy aangaan om die romp van jou watervaartuig vir moontlike skade as gevolg van stranding, sinking of botsing te inspekteer.

## Koste om 'n verlies te verhoed

Ons dek die redelike koste wat jy aangaan om verlies of skade wat onder hierdie afdeling gedek word, te verhoed of te verminder.

## Beskermingskoste

Ons dek die redelike koste vir die stoor, beskerming en verwydering van jou watervaartuig na die naaste hersteller, as jou watervaartuig as gevolg van verlies of skade wat onder hierdie afdeling gedek word, nie in werkende toestand is nie.

## Aflewering na herstelwerk

Ons dek die redelike koste om jou watervaartuig te laat aflewer by die adres waar jy dit normaalweg hou, nadat herstelwerk wat ons gemagtig het, afgehandel is.

## Bergingskoste

Ons dek die redelike koste wat jy met ons skriftelike toestemming aangaan vir die berging (uitligting, verwydering of vernietiging van die wrak) van jou watervaartuig.

## Terugvindingskoste

Ons dek die redelike koste wat jy met ons skriftelike toestemming aangaan, om jou watervaartuig na verlies deur diefstal of kaping, terug te kry.

## Nooduitgawes van passasiers

Ons dek nooduitgawes van passasiers nadat hulle liggaamlike beserings opgedoen het terwyl hulle in of op jou watervaartuig was, nadat dit in 'n ongeluk of kaping betrokke was.

Hierdie dekking is onderhewig aan die volgende voorwaardes:

(a) die passasier is nie 'n lid van jou gesin wat normaalweg by jou woon nie;

(b) jy het die nooduitgawes aangegaan en daarvoor betaal;

(c) daar is geen vergoeding betaalbaar deur 'n ander versekeringspolis of fasiliteit nie.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

## Noodherstelwerk

Ons dek noodherstelwerk sodat jy jou reis kan voortsit as jy 'n geldige eis vir jou watervaartuig onder hierdie afdeling het. Jy mag hierdie noodherstelwerk laat doen sonder om eers ons toestemming te verkry. Die hersteller moet vir jou 'n volledige, gedetailleerde faktuur gee, wat jy aan ons moet stuur.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

## Noodkostes

Ons dek koste wat jy aan enige openbare owerheid vir nooddienste moet betaal, na verlies van of skade aan jou watervaartuig.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

## Noodverblyf

Ons dek noodverblyf vir jou en jou passasiers vir tot twee nagte as jy nie jou reis kan voltooi nie, omdat jou watervaartuig verlore of beskadig is.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

## Nooduitgawes van passasiers (jou gesin)

Ons dek nooduitgawes van passasiers nadat hulle liggaamlike beserings opgedoen het terwyl hulle in of op jou watervaartuig was nadat dit in 'n ongeluk of kaping betrokke was.

Hierdie dekking is onderhewig aan die volgende voorwaardes:

(a) die passasier is 'n lid van jou gesin wat normaalweg by jou woon;

(b) jy het die nooduitgawes aangegaan en daarvoor betaal;

(c) daar is geen vergoeding betaalbaar deur 'n ander versekeringspolis of fasiliteit nie.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

## Traumabehandeling

Ons dek die uitgawes vir traumabehandeling as jy as 'n direkte gevolg van 'n ongeluk, kaping of poging tot kaping van jou watervaartuig 'n gebeurtenis beleef het wat neerkom op 'n gestremdheidsgebeurtenis.

Hierdie dekking is onderhewig aan die volgende voorwaardes:

(a) die traumabehandeling moet deur 'n geregistreerde, professionele berader gegee word;

(b) jy het die uitgawes aangegaan en daarvoor betaal;

(c) daar is geen vergoeding betaalbaar deur 'n ander versekeringspolis of fasiliteit nie.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

## Passasiersaanspreeklikheid

Ons dek bedrae waarvoor jy wetlik aanspreeklik is as gevolg van toevallige dood of besering van 'n persoon wat ten tye van die gebeurtenis as 'n passasier in of op jou watervaartuig vervoer is.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

## Passasiersaanspreeklikheid vir kanoes of kajakke

Ons dek bedrae waarvoor jy wetlik aanspreeklik is as gevolg van toevallige dood of besering van 'n persoon wat ten tye van die gebeurtenis as 'n passasier in of op jou watervaartuig vervoer is.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

## Passasiersaanspreeklikheid vir jetski's of watermotorfietse

Ons dek bedrae waarvoor jy wetlik aanspreeklik is as gevolg van toevallige dood of besering van 'n persoon wat ten tye van die gebeurtenis as 'n passasier in of op jou watervaartuig vervoer is.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

### Aanspreeklikheid teenoor derde partye veroorsaak deur die sleepwa

Ons dek bedrae waarvoor jy wetlik teenoor 'n derde party aanspreeklik is as gevolg van 'n gebeurtenis wat gebeur of ontstaan in verband met die volgende:

(a) jou gebruik van die sleepwa van jou watervaartuig;

(b) die op- of aflaai van jou watervaartuig op of vanaf die sleepwa van jou watervaartuig.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word. Die perk sluit alle koste en uitgawes in wat ons aangegaan het en waarvoor ons vooraf skriftelike toestemming gegee het.

Ons dek egter nie jou aanspreeklikheid terwyl die watervaartuig-sleepwa deur enige voertuig gesleep word nie.

## Voorwaardes

### Watervaartuie in die naam van 'n trust

Ons erken die belang van 'n regspersoon in hierdie eiendom. Die soort regspersoon word in jou polisopsomming genoem.

Ons erkenning is onderhewig aan die volgende voorwaardes:

(a) Die eiendom mag slegs vir privaat doeleindes aangewend word; en

(b) Jy het 'n wettige belang in die regspersoon.

Indien jy aan ons die naam van die regspersoon verskaf het, word dit in jou polisopsomming aangedui.

## Watervaartuie bepalings en voorwaardes

### Gebruik

Jou watervaartuig mag slegs vir sosiale, huishoudelike en plesierdoeleindes gebruik word.

### Onverkrygbare onderdele

As 'n onderdeel wat nodig is om jou watervaartuig te herstel nadat verlies of skade plaasgevind het, nie as 'n standaard- (pasklaar-) onderdeel in die Republiek van Suid-Afrika beskikbaar is nie, sal ons 'n bedrag gelykstaande aan die waarde van die onderdeel ten tye van die gebeurtenis betaal. Die waarde van die onderdeel sal bepaal word volgens die prys wat in die mees onlangse katalogus of pryslys van jou watervaartuig gegee word.

Die bedrag sluit die redelike koste in om die onderdeel te vervoer (behalwe lugvervoer).

### Belange van 'n titelhouer

As 'n geldige eis ontstaan en ons word in kennis gestel dat jou watervaartuig die onderwerp van 'n kredietooreenkoms is, soos omskryf in die Nasionale Kredietwet, 2005 (Wet 34 van 2005), gee jy toestemming dat ons die titelhouer wat in die ooreenkoms aangedui word, betaal tot hoogstens die uitstaande bedrag, beperk tot die versekerde bedrag van jou watervaartuig soos in jou polisopsomming genoem.

As die uitstaande bedrag minder is as die versekerde bedrag van jou watervaartuig, soos in jou polisopsomming genoem, sal ons die verskil aan jou betaal.

### Skadeloosstellingsbasis

(a) As jou watervaartuig nie ouer as vyf jaar is nie, is die basis vir ons vergoeding die koste om jou watervaartuig of deel daarvan met soortgelyke nuwe eiendom te vervang.

(b) As jou watervaartuig vyf jaar oud of ouer as vyf jaar is, is die basis vir ons vergoeding die koste om jou watervaartuig of deel daarvan tot hoogstens sy redelike markwaarde te vervang. Dit word bepaal deur markwaarde kwotasies by twee gekwalifiseerde watervaartuighandelaars te kry.

(c) Vir gespesifiseerde toebehore van jou watervaartuig, is die basis vir ons vergoeding die koste om die toebehore met soortgelyke nuwe eiendom te vervang.

## Vergoedingsperk

Indien ons besluit dat die nie ekonomies is om jou watervaartuig te herstel nie, is ons vergoeding beperk tot die versekerde bedrag soos in jou polisopsomming genoem.

## Eweredigheid

(a) As jou watervaartuig ten tye van enige verlies of skade minder as vyf jaar oud is en ons bereken dat die bedrag wat nodig is om jou watervaartuig (insluitend die seile, beskermende oortreksels, opgestelde takelwerk, buiteboord motors, binneboordmotors en batterye) deur 'n soortgelyke nuwe watervaartuig te vervang, meer is as die versekerde bedrag daarvoor, sal ons jou nie die volle bedrag van die verlies of skade betaal nie. Jy sal as jou eie versekeraar beskou word vir die verskil tussen die versekerde bedrag en die bedrag wat nodig is om jou watervaartuig te vervang. Jy sal dus verantwoordelik wees vir 'n eweredige deel van die verlies of skade.

(b) As jou watervaartuig ten tye van verlies of skade vyf jaar of ouer as vyf jaar is en ons bereken dat die bedrag wat nodig is om jou watervaartuig deur 'n soortgelyke watervaartuig (insluitend die seile, beskermende oortreksels, opgestelde takelwerk, buiteboordmotors, binneboordmotors en batterye) te vervang, meer is as die versekerde bedrag daarvoor, sal ons jou nie die volle bedrag van die verlies of skade betaal nie. Jy sal as jou eie versekeraar beskou word vir die verskil tussen die versekerde bedrag en die bedrag wat nodig is om jou watervaartuig te vervang. Jy sal dus verantwoordelik wees vir 'n eweredige deel van die verlies of skade.

Kom ons neem aan dat jy vir R100 000 verseker is, maar die vervangingswaarde van jou watervaartuig is R200 000.

Dit beteken dat jy slegs vir die helfte van die vervangingswaarde verseker is. Jy moet self die ander helfte dek. As jy byvoorbeeld 'n verlies van R50 000 het, sal ons slegs die helfte van hierdie bedrag betaal, dit wil sê R25 000.

Dit word so bereken:

Verseker vir R100 000

Vervangingswaarde R200 000

Eis R50 000

### Berekening:

Onderversekering R 50 000 x (R100 000 ÷ R200 000).

Ons sal jou slegs R25 000 betaal.

Hierdie voorwaarde geld afsonderlik vir elke watervaartuig wat onder hierdie polis verseker is.

# Hierdie afdeling dek nie die volgende nie

## Gebruik van jou watervaartuig

Ons dek nie jou watervaartuig teen verlies, skade of aanspreeklikheid as dit vir enige van die volgende gebruike aangewend word nie:

(a) resies van enige aard;

(b) spoed- of ander wedvaarte van enige aard;

(c) kompetisies, insluitende regattas;

(d) toetse van enige aard;

(e) snelheidstoetse van enige aard;

(f) gebruike wat 'n besigheid, handel of beroep behels;

(g) verhuring;

(h) vervoer van passasiers teen vergoeding;

(i) enige plek buite die lande;

(j) as jou watervaartuig in die besit, bewaring of beheer van 'n watervaartuig-handelaar is, behalwe vir instandhouding of herstel.

## Verlies van of skade aan jou watervaartuig

Ons dek nie die volgende nie:

(a) diefstal of poging tot diefstal van jou watervaartuig se vaste uitrusting, toebehore, toerusting of buiteboordmotors wat nie behoorlik aan jou watervaartuig vasgebout is nie:

- as jou watervaartuig onbewaak gelaat word;
- vanuit huishoudelike buitegeboue wat nie direkte toegang tot 'n privaat woning verleen nie;
- vanuit 'n ander bergingsplek.

(b) jetski's of water motorfietse wat in die ope of op 'n sleepwa onbewaak gelaat word;

(c) buiteboordmotors wat afval of oorboord val terwyl dit nie behoorlik met kettings aan jou watervaartuig vasgemaak of vasgebout is nie;

(d) meganiese, elektriese of elektroniese onklaarraking, weiering of brekasie, asook enige gevolglike verlies van of skade aan enige ander meganiese, elektriese of elektroniese komponente wat voortspruit uit gemelde onklaarraking, weiering of brekasie;

(e) oorsake wat geleidelik inwerk (soos slytasie, roes, muf, korrosie en verrotting);

(f) skrape, kneusing of duike wat tydens vervoer, oplaai of aflaai ontstaan;

(g) verlies of skade:

- veroorsaak deur ongediertes of peste (soos knaagdiere, miere en motte);
- veroorsaak deur skoonmaak, herstel of opknapping van enige aard of manier;
- veroorsaak deur 'n latente defek in die ontwerp of konstruksie van jou watervaartuig;
- aan seile en beskermende oortreksels wat deur die wind geskeur word of weggewaai word terwyl dit gehys word;
- uit of wat verband hou met 'n ruil-, kontant- of kredietverkooptransaksie, ingesluit diefstal deur middel van valse voorwendsels en bedrog;

(h) waardevermindering hetsy as gevolg van herstelwerk of andersins.

## Watervaartuigaanspreeklikheid

Ons dek nie die volgende nie:

(a) regskostes en -uitgawes aangegaan na die datum waarop ons 'n eis deur 'n derde party geskik het of aangebied het om dit te skik:

- tot die perk van hierdie deel van die afdeling; of
- vir bedrae wat volgens ons die derdeparty-eis skik;

(b) koste of uitgawes as gevolg van:

- advies of behandeling (behalwe noodhulp) wat jy of 'n persoon wat namens jou optree toegedien of beskikbaar gestel het; of
- eise wat onder 'n ander afdeling van hierdie polis of van 'n ander polis verhaalbaar is, of jy geëis het of nie;

(c) aanspreeklikheid wat voortspruit uit die vervoer van jou watervaartuig per pad.

## Verlies van of skade aan jou watervaartuig en watervaartuigaanspreeklikheid

Ons dek nie verlies van of skade aan jou watervaartuig of aanspreeklikheid opgedoen:

(a) deur jou gebruik van die watervaartuig vir enige ander doel as sosiale-, huishoudelike- of plesierdoeleindes nie;

(b) as jou watervaartuig nie seewaardig is nie;

(c) as jou watervaartuig gestuur word deur 'n persoon wat nie 'n geldige skipperlisensie het wat ingevolge toepaslike skeepswetgewing vereis word nie of wat nie die toepaslike wetgewing vir gebruik van jou watervaartuig, nakom nie;

(d) die volgende items as hulle nie voldoende beskerm word teen water en die natuurelemente waaraan jou watervaartuig normaalweg blootgestel word nie:

- klerasie of persoonlike besittings wat aan enigiemand behoort;
- toerusting van enige aard;
- sport- of ontspanningstoerusting;
- veiligheids- en mediese voorrade;
- versekerde watervaartuig ekstras wat nie aan jou watervaartuig vasgeheg is nie; en
- elektroniese en meganiese toerusting.

# PERSOONLIKE REGSAANSPREEKLIKHEID

## Omskrywings

**Ons het woorde met besondere betekenisse vir elke afdeling omskryf. In hierdie afdeling beteken die woorde hieronder die volgende:**

***Enige persoon*** beteken ´n persoon wie nie in jou diens is nie, ´n persoon wie se naam nie in die polisopsomming genoem word nie, of ´n lid van jou familie wie nie normaalweg by jou woon nie.

***Huishoudelike werknemer*** beteken 'n persoon wat jy in diens geneem het en wat onder jou beheer is om dienste by jou huis te verrig, in jou privaat hoedanigheid, bv. huishoudster, kinderoppasser en tuinier. Huishoudelike werknemer sluit geleentheidswerkers in wat onder jou beheer werk, selfs al is dit vir minder as 24 uur per maand.

***Jy/jou*** beteken die naam wat in die polisopsomming genoem word, jou gade en enige ander lid van jou familie of jou gade se familie wie normaalweg by jou woon.

## Persoonlike regsaanspreeklikheid

Ons dek jou regsaanspreeklikheid, ongeag waar in die wêreld die gebeurtenis plaasvind, vir:

(a) ´n persoon se toevallige dood, liggaamlike besering of siekte;

(b) toevallige fisiese verlies van of skade aan die tasbare eiendom van ´n persoon.

Ons vergoeding vir ´n enkele eis, ´n reeks eise wat uit dieselfde gebeurtenis ontstaan, of alle gebeurtenisse wat gedurende die termyn van die polis plaasvind, is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word. Hierdie vergoeding sluit alle regskoste en ander koste in wat ons aangaan en kostes en uitgawes wat jy aangaan en waarvoor ons skriftelike toestemming gegee het.

## Persoonlike regsaanspreeklikheid vir onregmatige inhegtenisneming

Ons dek jou regsaanspreeklikheid teenoor ´n persoon weens die onregmatige inhegtenisneming of deursoeking van so ´n persoon, asook aanranding wat daarmee verband hou.

Ons vergoeding vir ´n enkele eis, ´n reeks eise wat uit dieselfde gebeurtenis ontstaan, of alle gebeurtenisse wat gedurende die termyn van die polis plaasvind, is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

Hierdie vergoeding sluit alle regskoste en ander koste in wat ons aangaan en kostes en uitgawes wat jy aangaan en waarvoor ons skriftelike toestemming gegee het.

## Kredietkaarte, koopkaarte en SIM-kaarte (soos 'n kaart vir gebruik in sellulêre kommunikasietoestelle)

Ons dek jou regsaanspreeklikheid as gevolg van die onregmatige gebruik van jou kredietkaarte, koopkaarte of SIM-kaarte deur ´n persoon wat nie aan jou verwant is nie.

Hierdie dekking is onderhewig daaraan dat ´n geregistreerde finansiële diensverskaffer, handelaar of selfoondiensverskaffer die kredietkaarte, koopkaarte of SIM-kaarte amptelik in jou naam uitgereik het en jy al die bepalings van die uitgereikte kaarte nagekom het.

Ons vergoeding vir ´n enkele eis, ´n reeks eise wat uit dieselfde gebeurtenis ontstaan, of alle gebeurtenisse wat gedurende die termyn van die polis plaasvind, is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

Hierdie vergoeding sluit alle regskoste en ander koste in wat ons aangaan en kostes en uitgawes wat jy aangaan en waarvoor ons skriftelike toestemming gegee het.

## Persoonlike regsaanspreeklikheid teenoor huishoudelike werknemers

Ons dek jou regsaanspreeklikheid as jou huishoudelike werknemer toevallig sterf of 'n liggaamlike besering uit en gedurende die loop van hulle diens opdoen, vir eise nie betaalbaar ingevolge die Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -Siektes (COIDA) nie.

Ons vergoeding vir 'n enkele eis, 'n reeks eise wat uit dieselfde gebeurtenis ontstaan, of alle gebeurtenisse wat gedurende die termyn van die polis plaasvind, is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

Hierdie vergoeding sluit alle regskoste en ander koste in wat ons aangaan en kostes en uitgawes wat jy aangaan en waarvoor ons skriftelike toestemming gegee het.

## Sekuriteitsmaatskappye

Ons dek jou regsaanspreeklikheid teenoor 'n persoon vir bedrae wat jy as vergoeding moet betaal ingevolge 'n skriftelike kontrak met 'n sekuriteitsmaatskappy of gewapende reaksie diens vir eiendom wat onder die "Inhoud" en "Geboue" afdelings van hierdie polis gedek word.

# Hierdie afdeling dek nie die volgende nie

Tensy dit spesifiek in jou polisopsomming genoem word; dek ons nie jou regsaanspreeklikheid wat met die volgende verband hou nie:

(a) regskoste en -uitgawes aangegaan na die datum waarop ons 'n eis geskik het of aangebied het om die volgende te betaal:

- die volle bedrag van die eis; of
- 'n laer bedrag waarvoor die eis na ons mening geskik kan word; of
- die maksimum bedrag waarvoor ons aanspreeklik is.

(b) jou besigheid, handel of beroep. Hierdie uitsondering geld nie as jy Beperkte Bed-en-Ontbyt dekking onder die "Inhoud" afdeling van hierdie polis het nie;

(c) jou eienaarskap, besit of okkupasie van grond, geboue of strukture. Hierdie uitsondering geld nie as die eiendom 'n gebou of struktuur is en die inhoud of gebou daarvan onder hierdie polis gedek is nie.

(d) enige bou aktiwiteite;

(e) trilling of die verwydering of verswakking van of steuring aan die stut van grond, geboue of eiendom;

(f) die eienaarskap, besit, gebruik of hantering van voertuie (ingesluit sleepwaens en woonwaens), watervaartuie, lugvaartuie of ander lugtoestelle;

(g) die eienaarskap, besit, gebruik of hantering van vuurwapens, windbukse of diere (behalwe huisdiere);

(h) boetes, strawwe of skadevergoeding;

(i) enige oorsaak wat geleidelik inwerk en nie uit 'n skielike en identifiseerbare gebeurtenis ontstaan nie;

(j) as jy of jou regsverteenwoordiger nie die bepalings van hierdie polis nakom nie;

(k) toevallige verlies van of skade aan eiendom wat jy of 'n persoon in jou diens besit, huur, leen, in trust hou, oor toesig hou of beheer of bewaar;

(l) jou of 'n persoon in jou diens (behalwe vir jou huishoudelike werknemers as die dekking in jou polisopsomming genoem word) se toevallige dood of liggaamlike besering of siekte as die aanspreeklikheid uit hulle diens ontstaan;

(m) jou deelname aan enige waaghalsige aktiwiteite of aktiwiteite wat verband hou met vliegdemonstrasie nie.

# UITGEBREIDE PERSOONLIKE REGSAANSPREEKLIKHEID

## Omskrywings

**Ons het woorde met besondere betekenisse vir elke afdeling omskryf. In hierdie afdeling beteken die woorde hieronder die volgende:**

***Jy/jou*** beteken die name wat in die polisopsomming genoem word, jou gade en enige ander lid van jou familie of jou gade se familie wie normaalweg by jou woon.

***Onderliggende polis*** beteken 'n bestaande versekeringspolis by:

(a) 'n geregistreerde Suid-Afrikaanse versekeraar (onderliggende versekeraar) wat persoonlike aanspreeklikheid, eienaars-van-eiendom aanspreeklikheid, huurdersaanspreeklikheid, motoraanspreeklikheid of watervaartuigaanspreeklikheid dek;

(b) enige versekeraar (onderliggende versekeraar) in die wêreld wat motoraanspreeklikheid, watervaartuigaanspreeklikheid of eienaars-van-eiendoms aanspreeklikheid dek vir 'n motorvoertuig wat jy huur, bruikhuur of besit of vir 'n watervaartuig of eiendom wat jy buite die Republiek van Suid-Afrika besit.

## Uitgebreide persoonlike regsaanspreeklikheid

Ons dek jou regsaanspreeklikheid vir bedrae wat jy as vergoeding moet betaal as gevolg van enige gebeurtenis wat gedurende die tydperk van versekering van hierdie afdeling enige plek in die wêreld plaasvind:

(a) waarvoor aanspreeklikheid nie in die onderliggende polis ingesluit is nie; of

(b) waarvoor die vergoedingsperk, insluitende koste en uitgawes, van die onderliggende polis oorskry word

Ons sal jou egter slegs bo die volgende perke vergoed:

(a) R5 000 000 vir jou persoonlike regsaanspreeklikheid;

(b) R5 000 000 vir jou voertuigaanspreeklikheid;

(c) R2 000 000 vir jou watervaartuigaanspreeklikheid.

Ons vergoeding vir 'n enkele eis, 'n reeks eise wat uit dieselfde gebeurtenis ontstaan, of alle gebeurtenisse wat gedurende die termyn van die polis plaasvind, is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

Hierdie vergoeding sluit alle regskoste en ander koste in wat ons aangaan en kostes en uitgawes wat jy aangaan en waarvoor ons skriftelike toestemming gegee het.

## Bepalings en voorwaardes

### Onderliggende polis

Dekking onder hierdie afdeling is onderhewig aan 'n geldige onderliggende polis wanneer die gebeurtenis plaasvind. Die onderliggende polis moet die soort dekking verskaf waarvoor jy onder hierdie afdeling eis en jy moes die voorwaardes van die onderliggende polis nagekom het.

As dekking onder hierdie afdeling verwys na 'n gebeurtenis waar die vergoedingsperk, ingesluit regskoste en -uitgawes, van die onderliggende polis oorskry word, moet die onderliggende versekeraar die volle bedrag van die skadeloosstelling betaal het of onderneem het om dit te betaal.

# Hierdie afdeling dek nie die volgende nie

Ons dek nie jou regsaanspreeklikheid wat met die volgende verband hou nie:

(a) enige uitspraak, toekenning, betaling of skikking wat gemaak is in 'n land wat aan die wette van die Verenigde State van Amerika of Kanada onderhewig is of aan 'n bevel wat op enige plek in die wêreld gemaak is om die uitspraak, toekenning, betaling of skikking of deel daarvan uit te voer;

(b) die beoefening van enige besigheid, handel of beroep. Hierdie uitsondering geld nie vir voertuigaanspreeklikheid as die voertuig vir besigheids- of boerderygebruik verseker is nie of as jy Beperkte Bed-en-Ontbyt dekking onder die Inhoud afdeling van hierdie polis het nie;

(c) jou verhuring van eiendom of 'n gedeelte daarvan. Hierdie uitsluiting geld nie as die eiendom 'n gebou of struktuur is, insluitende die grond waarop dit geleë is, wat as 'n privaat woning gebruik word en wat deur 'n onderliggende polis gedek word nie;

(d) jou roekelose minagting van die moontlike gevolge van jou dade of versuim;

(e) verlies van of skade aan eiendom wat deur ander versekering gedek word;

(f) die eienaarskap, besit, gebruik of hantering van 'n lugvaartuig of ander lugtoestelle behalwe 'n model lugvaartuig of 'n hangsweeftuig;

(g) enige ruiltransaksie, kontant- of kredietverkooptransaksie, insluitende diefstal deur middel van valse voorwendsel en bedrog;

(h) MIV (menslike immuniteitsgebreksvirus) of 'n verwante siekte, insluitend vigs (verworwe immuniteitsgebreksindroom) of enige veranderinge, afleidings of variasies daarvan;

(i) voertuig- of watervaartuigaanspreeklikheid, tensy die aanspreeklikheid deur 'n onderliggende polis skadeloos gestel is of waar die aanspreeklikheid deur die onderliggende polis uitgesluit is weens enige eis wat plaasvind buite die grense van die lande wat deur die polis gedek word;

(j) watervaartuigaanspreeklikheid as die totale lengte van die watervaartuig meer as agt meter is;

(k) verlies van of skade aan 'n selfaangedrewe voertuig, sleepwa, woonwa, watervaartuig of lugvaartuig onder jou toesig, bewaring of beheer;

(l) 'n oneerlike, bedrieglike of kwaadwillige daad of dade van fisieke aanranding of verleiding wat jy pleeg;

(m) die koop, verkoop, ruil of omruiling van eiendom of jou versuim om verwante verpligtinge na te kom.

Ons dek nie die volgende nie:

(a) die betaling van 'n boete, straf of veelvuldige of bestraffende skadevergoeding;

(b) enige skuld;

(c) versuim om onderhoud, versorging of ander bedrae te betaal na verbreking van 'n belofte.

Ons dek nie aanspreeklikheid:

(a) van een persoon wat in hierdie polis ingesluit is teenoor 'n ander persoon wat in hierdie polis ingesluit is of 'n persoon wat ingesluit was toe die gebeurtenis plaasgevind het nie;

(b) wat die onderwerp is van wetgewing wat die gebruik van motorvoertuie of sleepwaens beheer en waarvoor jy versekering moet uitneem of sekuriteit moet verskaf nie;

(c) waar die Staat of 'n regeringsliggaam of -owerheid aanspreeklikheid aanvaar het nie.

# REGSKOSTES EN REGSUITGAWES

## Omskrywings

**Ons het woorde met besondere betekenisse vir elke afdeling omskryf. In hierdie afdeling beteken die woorde hieronder die volgende:**

***Arbeidsaangeleenthede*** beteken gedinge wat ontstaan uit 'n werksverhouding tussen 'n werkgewer en 'n werknemer, bv. 'n geskil oor die billikheid van die ontslag van 'n werknemer deur 'n werkgewer.

***Gesinsaangeleenthede*** beteken gedinge waaroor die hof moet besluit, byvoorbeeld egskeiding, kindertoesig, onderhoud en toegang tot kinders.

***Identiteitsdiefstal*** beteken ongemagtigde of onwettige gebruik van jou persoonlike inligting en identiteitsdokumente. Dit sluit die nabootsing van jou persoonlikheid en identiteit in.

***Jy/jou*** beteken die naam van die polishouer wat in jou polisopsomming genoem word. Dit sluit jou gade en kinders in.

***Kinders*** beteken natuurlike, wettig aangenome en stiefkinders jonger as 21 jaar, asook kinders ouer as 21 jaar wat geestelik of liggaamlik gestremd is en geheel en al van jou afhanklik is en by jou inwoon. Kinders wat van jou afhanklik is en voltyds studeer, is tot die ouderdom van 25 jaar ook ingesluit. Jou getroude kinders is nie ingesluit nie.

***Kriminele aangeleenthede*** beteken sake waar jy van 'n optrede aangekla word wat gedefinieer word as 'n misdaad onder die wette van die Republiek van Suid-Afrika, byvoorbeeld 'n persoon wat beskuldig word van diefstal van 'n motorvoertuig.

***Persoon*** beteken 'n natuurlike persoon of 'n geregistreerde maatskappy, beslote korporasie, instituut of organisasie teen wie jy jouself moet verdedig in 'n siviele aangeleentheid of teen wie jy 'n siviele aangeleentheid aanhangig gemaak het.

***Regskoste en regsuitgawes*** beteken kostes en uitgawes waarvoor jy aanspreeklik is, insluitende koste wat deur die prokureur aangegaan is.

***Rybewys*** beteken ʼn wettige en geldige rybewys volgens die soort lisensie wat in jou polisopsomming genoem word. 'n Persoon wat leer bestuur, moet 'n wettige en geldige leerlinglisensie hê.

***Siviele regsaksie*** beteken gedinge waaroor 'n hof moet besluit, by wyse van 'n dagvaardingsprosedure, met betrekking tot 'n siviele eis wat een persoon teen 'n ander persoon instel, bv. 'n eis wat jy aanhangig maak in die hof teen 'n ander persoon wat jou geld skuld.

## Regskostes en regsuitgawes

Ons dek jou regskostes en regsuitgawes wat in verband met die volgende aangegaan word:

(a) ʼn gebeurtenis wat lei tot ʼn siviele regsaksie deur jou of teen jou in jou privaat hoedanigheid;

(b) ʼn gebeurtenis wat tot jou verdediging teen ʼn kriminele klag lei.

Ons vergoeding vir ʼn enkele eis, ʼn reeks eise wat uit dieselfde gebeurtenis ontstaan, of alle gebeurtenisse wat gedurende die termyn van die polis plaasvind, is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

## Gesinsaangeleenthede

Ons dek regskostes en regsuitgawes wat jy aangaan in verband met gesinsaangeleenthede.

Jou dekking vir gesinsaangeleenthede is onderhewig aan 'n wagtydperk soos in jou polisopsomming genoem. As jy dit benodig, is dekking vir regsadvies is onmiddellik beskikbaar.

Ons vergoeding vir ʼn enkele eis, ʼn reeks eise wat uit dieselfde gebeurtenis ontstaan, of alle gebeurtenisse wat gedurende die termyn van die polis plaasvind, is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming vir regskostes en regsuitgawes genoem word.

As jy regskostes en regsuitgawes eis vir 'n regsaksie in verband met gesinsaangeleenthede, mag jy nie weer eis tot 12 agtereenvolgende maande verloop het vanaf die datum waarop die regsaksie geskik is of 'n hofuitspraak gelewer is nie.

# Arbeidsaangeleenthede

Ons dek regskostes en regsuitgawes wat jy aangaan in verband met 'n gebeurtenis wat lei tot 'n regsaksie deur of teen jou in 'n arbeidshof. Jou dekking vir arbeidsaangeleenthede is onderhewig aan 'n wagtydperk soos in jou polisopsomming genoem.

As jy dit benodig, is dekking vir regsadvies is onmiddellik beskikbaar.

Ons vergoeding vir ʼn enkele eis, ʼn reeks eise wat uit dieselfde gebeurtenis ontstaan, of alle gebeurtenisse wat gedurende die termyn van die polis plaasvind, is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming vir regskostes en regsuitgawes genoem word.

# Identiteitsdiefstal

Ons dek regskostes en regsuitgawes wat jy aangaan in verband met identiteitsdiefstal.

Hierdie dekking is onderhewig aan die volgende voorwaardes:

(a) die identiteitsdiefstal moet lei tot werklike of moontlike benadeling;

(b) dit moet regsaanspreeklikheid, finansiële verlies of albei weens die bedrieglike gebruik van jou persoonlike inligting en identiteit deur 'n onbekende persoon of instelling, tot gevolg hê.

Ons vergoeding vir ʼn enkele eis, ʼn reeks eise wat uit dieselfde gebeurtenis ontstaan, of alle gebeurtenisse wat gedurende die termyn van die polis plaasvind, is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming vir regskostes en regsuitgawes genoem word.

Ons dek egter nie enige identiteitsdiefstal wat deur jou eie nalatigheid veroorsaak word nie.

# Bepalings en voorwaardes

## Skadeloosstellingsbasis en vergoedingsperk

(a) Regskostes en regsuitgawes is op ons tariefstruktuur gebaseer. Hierdie struktuur word van tyd tot tyd gewysig en jy mag enige tyd daarvoor vra. Ons sal jou slegs ingevolge hierdie tariefstruktuur vergoed.

(b) Ons sal slegs betaal vir diensverskaffers, fooie en uitgawes wat ons goedgekeur het.

(c) Dekking vir regskostes en regsuitgawes vir alle gebeurtenisse gedurende ʼn hernuwingsperiode is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

(d) Dekking vir regskostes en regsuitgawes is verder beperk tot eise van twee gebeurtenisse op enige tydstip.

## Voorkeur prokureur

Ons vergoeding vir regskostes en regsuitgawes is gebaseer op ons tariefstruktuur, wat deur ons voorkeur prokureurs gehef word. Indien jy sou besluit om nie van een van ons voorkeur prokureurs gebruik te maak nie, sal jy persoonlik aanspreeklik wees vir die verskil tussen ons tariefstruktuur en die tarief gehef deur ʼn prokureur deur jou aangestel.

## Kosterekening

Jy moet alle kosterekenings aan ons stuur vir goedkeuring.

## Verhaling

As regskostes en regsuitgawes van ʼn ander party verhaal word, moet dit aan ons betaal word.

## Wagtydperke

Sekere gebeurtenisse word eers gedek na ʼn wagtydperk verby is. Die wagtydperke word in jou polisopsomming genoem.

## Gesinsaangeleenthede

As jy regskostes en regsuitgawes eis vir ʼn regsaksie in verband met gesinsaangeleenthede, mag jy nie weer vir gesinsaangeleenthede eis voordat ʼn termyn van 12 agtereenvolgende maande verloop het vanaf die datum waarop die regsaksie geskik of ʼn hofuitspraak gelewer is nie.

## Eise wat onder die jurisdiksie van die Hof vir Klein Eise val

Alle siviele regsaksies wat onder die jurisdiksie van die Hof vir Klein Eise val, moet in daardie hof aangehoor word.

## Appèl en arbitrasie aangeleenthede

Hoewel appèl en arbitrasie aangeleenthede nie onder hierdie afdeling gedek is nie, mag ons egter na goeddunke die meriete van 'n saak oorweeg en besluit om die regskostes en regsuitgawes te betaal.

## Huur of verhuring

Hoewel huur of verhuring nie onder hierdie afdeling gedek is nie, mag ons egter na goeddunke die meriete van 'n saak oorweeg en besluit om die regskostes en regsuitgawes te betaal.

## Toestemming

Jy moet ons skriftelike toestemming verkry voordat jy enige regskostes en regsuitgawes aangaan, anders mag ons jou eis weier.

# Hierdie afdeling dek nie die volgende nie

**Ons dek nie jou regskostes en regsuitgawes in verband met enige van die volgende nie:**

(a) jou besigheid of beroep, huur of verhuur van eiendom deur of namens 'n verhuurder, beroepsport, kopieregte, patentregte of ander soortgelyke regte;

(b) die gebruik van 'n voertuig, watervaartuig of lugvaartuig, almal enjin aangedrewe, vir wedrenne;

(c) 'n onregmatige daad wat jy pleeg wat die veiligheid van die Staat in gevaar stel of wat die Regering wil omverwerp;

(d) skadeloosstelling wat strydig is met wetgewing;

(e) 'n onregmatige daad of versuim wat jy pleeg waar geweld, oneerlikheid of onsedelikheid 'n element is. Ons mag egter na goeddunke die meriete van 'n saak oorweeg en besluit om die regskostes en regsuitgawes te betaal.

(f) 'n siviele regsaksie deur jou ingestel teen jou prokureur, in sy professionele hoedanigheid;

(g) 'n siviele regsaksie wat beoog word of ingestel word tussen partye (jy, jou gade en jou kinders) wat onder hierdie afdeling gedek word. Hierdie uitsondering is nie van toepassing op gesinsaangeleenthede nie;

(h) enige regsaksie waarby ons betrokke is;

(i) 'n voertuig wat in 'n ongeluk betrokke is en enige van die volgende van toepassing was toe die ongeluk plaasgevind het:

- jy het die voertuig bestuur terwyl jy onder die invloed van bedwelmende drank of -verdowingsmiddels was of jou bloed of asem alkohol-konsentrasie meer as die wettige perk was;
- jy het die voertuig bestuur terwyl jy nie 'n geldige rybewys het om jou voertuig te bestuur nie;
- enige persoon, wat nie 'n geldige rybewys het om 'n voertuig te bestuur nie, het die voertuig met jou uitdruklike of stilswyende toestemming bestuur;
- die voertuig het nie 'n geldige motorlisensie nie;
- die voertuig was nie padwaardig nie;

(j) 'n verkeersoortreding waarvoor 'n skulderkenningsboete bepaal is;

(k) die verhaling of betaling van 'n bybetaling ten opsigte van enige versekering;

(l) enige aangeleentheid wat voor die aanvang van die polis of gedurende die wagtydperk gebeur het;

(m) enige aangeleentheid wat buite ons tariefstruktuur val en nie deur ons gemagtig is nie;

(n) bedrae wat aan jou regsverteenwoordigers verskuldig is, wat nie onder ons tariefstruktuur as regskostes en regsuitgawes beskou kan word nie;

(o) aansoek prosedures en ex-parte aansoeke wat jy bring of wat jy moet verdedig;

(p) regskostes of regsuitgawes vir 'n werklike of beoogde regsaksie buite die Republiek van Suid-Afrika.

Ons dek nie jou regskostes en regsuitgawes as:

(a) die regsaksie voortgesit of verdedig word op 'n manier wat verskil van die advies van die prokureur of advokaat wat jou verteenwoordig nie;

(b) jy nie tydige, behoorlike opdragte of volledige inligting aan jou prokureur of advokaat gee nie;

(c) die regskostes en regsuitgawes vir nie-litigeerbare aangeleenthede, insluitende aansoeke om byvoorbeeld aanneming, serwituut, verklaring van regte, appèl, administrasie van boedels, opstel van regskonstruksie en skuldberading is nie;

(d) jy ander versekering het vir regskostes en regsuitgawes en ons nie daarvan laat weet nie; of

(e) jy ons regte benadeel om pro rata-vergoeding of billike vergoeding, of albei, te eis nie.

# PERSOONLIKE ONGEVALLE

## Omskrywings

**Ons het woorde met besondere betekenisse vir elke afdeling omskryf. In hierdie afdeling beteken die woorde hieronder die volgende:**

***Dood*** beteken dood wat as gevolg van 'n ongeval, binne 12 agtereenvolgende maande na die ongeval plaasvind.

***Gestremdheidsgebeurtenis*** beteken 'n gebeurtenis wat lei tot:

(a) Die verlies van 'n ledemaat of sintuig, of die gebruik daarvan deur 'n persoon; of

(b) 'n Persoon wat liggaamlik of verstandelik so gestremd raak, hetsy geheel of gedeeltelik, of tydelik of permanent, dat die persoon nie die funksies kan verrig wat nodig is vir normale lewensaktiwiteite nie.

***Jy/jou*** beteken 'n persoon wie se naam in jou polisopsomming onder die opskrif "Bylae van versekerde persone" genoem word.

***Liggaamlike besering*** beteken liggaamlike besering wat op gewelddadige, toevallige, eksterne en sigbare manier veroorsaak word.

***Ongeval*** beteken 'n ongeval, volgens jou keuse van dekking soos in jou polisopsomming genoem, wat die regstreekse oorsaak van 'n liggaamlike besering is.

***Permanente ongeskiktheid*** beteken permanente ongeskiktheid soos beskryf in die vergoedingskaal en wat binne 12 agtereenvolgende maande na die liggaamlike besering ontstaan.

***Tydelike algehele ongeskiktheid*** beteken algehele en absolute onvermoë om jou gewone besigheid of beroep te beoefen.

## Dood of permanente ongeskiktheid

Ons dek jou toevallige dood of permanente ongeskiktheid wat binne 12 maande na 'n ongeval wat regstreeks deur liggaamlike besering veroorsaak is.

Ons vergoeding vir 'n enkele eis, 'n reeks eise wat uit dieselfde gebeurtenis ontstaan, of alle gebeurtenisse wat gedurende die termyn van die polis plaasvind, is beperk tot die bedrag wat langs jou naam in jou polisopsomming genoem word.

Hierdie vergoeding sal soos volg betaal word:

(a) in die geval van jou dood sal ons die bedrag, wat in jou polisopsomming langs jou naam genoem word, aan jou boedel betaal.

(b) in die geval van jou permanente ongeskiktheid sal ons 'n persentasie van die bedrag, wat in jou polisopsomming langs jou naam genoem word, betaal.

Die persentasie wat van toepassing is, sal ingevolge die volgende vergoedingskaal bereken word:

### Vergoedingskaal

| BESKRYWING VAN PERMANENTE ONGESKIKTHEID | PERSENTASIE |
|---|---|
| Verlies as gevolg van fisieke skeiding by of bokant die pols of enkel van een of meer ledemate | 100% |
| Verlies van vier vingers aan een hand | 70% |
| Verlies van duim | |
| • albei litte | 25% |
| • een lit | 10% |
| Verlies van vinger | |
| • drie litte | 10% |
| • twee litte | 8% |
| • een lit | 4% |

| | |
|---|---|
| Verlies van middelhandbene | |
| • eerste of tweede (bykomend) | 3% |
| • derde, vierde of vyfde (bykomend) | 2% |
| Verlies van tone | |
| • almal aan een voet | 30% |
| • groot (albei litte) | 15% |
| • groot (een lit) | 2% |
| • anders as groot, as meer as een toon verloor is, elk | 1% |
| Verlies van gehoor | |
| • albei ore | 80% |
| • een oor | 25% |
| Algehele en onherstelbare verlies van sig in een of albei oë. | |
| Verlies van: | |
| • sig, behalwe vir die waarneming van lig | 75% |
| • lens van die oog | 75% |
| Algehele verlamming of as jy permanent bedlêend is | 100% |
| Algehele ongeskiktheid om ooit weer die beroep te beoefen of om die normale werk waarvoor jy opgelei is of kennis oor het, te doen | 100% |

Permanente algehele verlies van gebruik van 'n ledemaat word as die verlies van die ledemaat beskou.

As die vergoedingskaal nie vir 'n besondere permanente ongeskiktheid voorsiening maak nie, sal ons vergoeding oorweeg ten opsigte van die permanente ongeskiktheid, maar wat volgens ons mening nie teenstrydig met die bepalings van die vergoedingskaal is nie.

## Nooduitgawes

Ons sal jou vergoed vir nooduitgawes wat jy aangaan binne 12 maande na 'n ongeval.

Daar mag geen vergoeding betaalbaar deur 'n ander versekeringspolis of fasiliteit wees nie.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

## Mobiliteitsdekking

Ons dek die noodsaaklike kostes van 'n rolstoel en veranderinge aan jou voertuig as jy permanente ongeskik is weens 'n ongeval.

Daar mag geen vergoeding deur 'n ander versekeringspolis of fasiliteit wees nie.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

## Repatriasie

Ons dek die noodsaaklike kostes om jou liggaam na jou normale plek van verblyf terug te bring.

Hierdie dekking is onderhewig aan die volgende voorwaardes:

(a) jou dood is veroorsaak deur 'n ongeval wat onder hierdie afdeling van jou polis gedek is;

(b) ons sal die vergoeding aan jou boedel betaal;

(c) daar is geen vergoeding deur 'n ander versekeringspolis of fasiliteit nie.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

## Traumabehandeling

Ons dek die uitgawes vir traumabehandeling as jy as gevolg van 'n gewelddadige daad van diefstal, inbraak, aanhouding, kaping of poging tot kaping of brand beleef wat neerkom op 'n gestremdheidsgebeurtenis.

Hierdie dekking is onderhewig aan die volgende voorwaardes:

(a) die traumabehandeling moet deur 'n geregistreerde, professionele berader gegee word;

(b) jy het die uitgawes aangegaan en daarvoor betaal;

(c) daar is geen vergoeding deur 'n ander versekeringspolis of fasiliteit betaalbaar nie.

Ons vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

## Tydelike algehele ongeskiktheid

Ons dek jou tydelike algehele ongeskiktheid as jy nie kan voortgaan om jou beroep te beoefen of die normale werk te doen waarvoor jy opgelei is of kennis van het nie.

Ons weeklikse vergoeding is beperk tot die bedrag wat in jou polisopsomming genoem word.

Ons sal hierdie weeklikse vergoeding betaal tot die aantal weke wat in jou polisopsomming genoem word.

# Bepalings en voorwaardes

## Ander versekering

Algemene Bepaling en Voorwaarde "Ander versekering" geld nie vir hierdie afdeling nie.

## Mediese ondersoeke

Jy moet op ons koste enige mediese ondersoek ondergaan wat ons vereis.

## Mediese advies

As jy 'n liggaamlike besering opdoen wat tot 'n eis kan lei, moet jy binne 'n redelike tyd mediese advies verkry en dit volg.

As jy nie aan hierdie voorwaarde voldoen nie, sal ons nie jou permanente ongeskiktheid dek nie.

# Hierdie afdeling dek nie die volgende nie

Ons dek nie jou dood, permanente ongeskiktheid of tydelike algehele ongeskiktheid as gevolg van die volgende nie:

(a) selfmoord, poging tot selfmoord of opsetlike selfbesering;

(b) kranksinnigheid, neurose of stresverwante toestande;

(c) 'n liggaamlike gebrek of swakheid wat by die begindatum van hierdie afdeling bestaan het;

(d) ongesteldheid of siekte van enige aard wat by die begindatum van hierdie afdeling bestaan het;

(e) swangerskap, kindergeboorte, miskraam, aborsie of enige nagevolge van hierdie aktiwiteite;

(f) jou deelname aan:

- aktiwiteite van die weermag, polisiediens of korrektiewe dienste;
- resies behalwe te voet of in 'n watervaartuig wat nie meganies aangedrewe word nie;
- motorfietsry;
- mynbouaktiwiteite;
- vervaardiging of gebruik van plofstowwe;
- opsetlike wangedrag;
- professionele sport;
- enige waaghals-aktiwiteite of kunsvliegvertonings;

(g) as jy onder die invloed van bedwelmende verdowingsmiddels of alkohol is;

(h) as jy 'n voertuig bestuur terwyl jou bloed of asem alkohol-konsentrasie meer as die wettige perk is;

(i) as jy jonger as 16 jaar is wanneer die ongeval plaasvind.

# DOKUMENT BESONDERHEDE

| | |
|---|---|
| Belanghebbendes: | Interne personeel en tussengangers |
| Beskrywing: | Voorbeeld van 'n *Santam Executive* Persoonlike polisbewoording |
| Weergawe: | Weergawe 3 |
| Laaste opgedateer: | 25 Oktober 2021 |
| Skrywer: | Onderskrywingsdienste en Herversekering – Persoonlike Lyne Onderskrywing |

Santam is ʼn gemagtigde finansiële diensverskaffer (lisensienommer 3416)